

**'N PROFIEL VAN DIE KIND WAT ANDER AFKNOU: 'N  
GESTALTSPELTERAPEUTIESE PERSPEKTIEF**

**deur**

**EZELLE VALERIE ENGELS**

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes  
vir die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE  
(SPELTERAPIE-RIGTING)**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR. C.H.M. BLOEM**

**NOVEMBER 2006**

Studentenommer: 3512-849-6

Hiermee verklaar ek dat *'n Profiel van die kind wat ander afknou: 'n Gestaltpelterapeutiese perspektief*, my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui het.

---

HANDTEKENING

E.V. ENGELS

---

DATUM

## **OPSOMMING**

**TITEL:** ‘N PROFIEL VAN DIE KIND WAT ANDER AFKNOU: ‘N GESTALTSPELTERAPEUTIESE PERSPEKTIEF

**KANDIDAAT:** EZELLE VALERIE ENGELS  
**STUDIELEIER:** DR. C.H.M. BLOEM  
**GRAAD:** MDIAC (SPELTERAPIE)

Die hoofdoel van hierdie navorsing is die daarstelling van ‘n profiel van die kind wat ander afknou (die sogenaamde boelie) en om een veranderlike, naamlik selfbeeld, binne die konteks van hierdie profiel te plaas. ‘n Beskrywing van kinders wat ander afknou en boeliegedrag volgens die Gestaltbenadering, ontbreek in die mees bekende Gestalt literatuur. Die Gestaltbenadering word dus as teoretiese raamwerk benut waarvolgens die profiel van kinders wat ander afknou en hul gedrag beskryf word.

Die empiriese navorsing is gedoen deur middel van ‘n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering. Die dominante-minder-dominante model is gebruik, waarvan die kwalitatiewe benadering as die mees dominante benadering in hierdie studie gebruik is. Die kwantitatiewe benadering het binne hierdie navorsing as ondersteunende benadering tot die kwalitatiewe benadering gedien deur ‘n gestandaardiseerde meetinstrument te benut ten einde die profiel van die kind wat ander afknou af te rond.

Die saamgestelde profiel van kinders wat ander afknou kan as riglyn benut word vir Gestaltterapeutiese intervensie.

**KERNWOORDE:** Gestaltbenadering, boelie, boeliegedrag, selfbeeld.

## **SUMMARY**

**TITLE:** A PROFILE OF THE CHILD WHO BULLIES OTHERS: A GESTALT PLAY THERAPEUTIC PERSPECTIVE

**CANDIDATE:** EZELLE VALERIE ENGELS  
**STUDY LEADER:** DR. C.H.M. BLOEM  
**DEGREE:** MDIAC (PLAY THERAPY)

The main object of this research was to present the profile of a child that bullies other children and to place one changeable element, namely self-esteem, within this profile. The description of children that reflect bully behaviour in accordance with the Gestalt approach is absent in most of the familiar Gestalt literature. The Gestalt approach is therefore utilized as a theoretical framework to describe the profile of children that bully others.

The empirical research methodology is performed by combining a qualitative and a quantitative research approach. The approach to the research was based on the dominant-less-dominant model whereby the dominant approach, namely the qualitative approach, was utilized. The quantitative approach had a supportive role to the qualitative approach in this research by utilizing a standardized measurement instrument to round off the profile of the child identified as a bully.

The profiles compiled of the children that bully others can be utilized as a guideline for Gestalt therapeutic interventions.

**KEY WORDS:** Gestalt approach, bully, bully behaviour, self-esteem



## DANKBETUIGINGS:

- ❖ Daniel en Dillon, dankie vir al julle liefde, geduld, begrip en ondersteuning die afgelope agt jaar.
- ❖ Aan my ouers en ouma vir al hulle liefde, ondersteuning en bystand met al my studies.
- ❖ Aan Retha Bloem vir al haar advies, positiewe terugvoer, leiding en beskikbaarheid rakende my skripsi.
- ❖ Aan Aneke Pienaar wat my met ope arms ontvang het en altyd reg was om my te help.
- ❖ Aan Prof. L.J. Jacobs vir sy gewilligheid en hulp met die interpretering van die toetsresultate.
- ❖ Aan Prof. J.G. Le Roux vir sy gewilligheid om my ter enige tyd te hulp te staan, en aan Dr D De Kock vir die toestemming om hul meetinstrument te gebruik en vir die tyd wat dit geneem het om die toets af te neem.

## INHOUDSOPGawe

<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE</b>	<b>BLADSY</b>
1.1 INLEIDING	1
1.2 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING VIR DIE STUDIE	2
1.3 DOEL EN DOELWITTE	3
1.3.1 Doel	3
1.3.2 Doelwitte	4
1.4 NAVORSINGSVRAAG	4
1.5 NAVORSINGSBENADERING	4
1.6 SOORT NAVORSING	6
1.7 NAVORSINGSONTWERP	6
1.8 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE	6
1.9 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING	7
1.9.1 Universum	7
1.9.2 Afbakening van steekproef en steekproefneming	7
1.10 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK	10
1.10.1 Literatuurstudie	10
1.10.2 Struikelblokke in die studie	10

1.11	ETIESE ASPEKTE	11
1.12	DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	12
1.12.1	Boelie	12
1.12.2	Boelieggedrag	12
1.12.3	Selfbeeld	13
1.12.4	Gestaltbenadering	14
1.13	INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	14
1.14	SAMEVATTING	15

## **HOOFSTUK 2: DIE KIND WAT ANDER AFKNOU EN BOELIEGEDRAG**

2.1	INLEIDING	16
2.2	OMSKRYWING VAN BOELIEGEDRAG	17
2.2.1	Die portuurgroep waarbinne die boelieggedrag geskied	20
2.3	KENMERKENDE GEDRAG VAN DIE KIND WAT ANDER AFKNOU/ BOELIE	21
2.3.1	Die rol wat aggressie speel by die kind wat ander afknou	23
2.4	VORME VAN BOELIEGEDRAG	30
2.5	OORSAKE VAN BOELIEGEDRAG	34
2.6	DIE VERBAND TUSSEN BOELIEGEDRAG EN GESLAG	37
2.7	SLAGOFFERS VAN BOELIEGEDRAG	40

2.8	NEGATIEWE GEVOLGE VAN BOELIEGEDRAG	44
2.9	BOELIEGEDRAG EN ANTISOSIALE GEDRAG	48
2.10	SAMEVATTING	51

**HOOFSTUK 3: DIE GESTALT PERSPEKTIEF AS TEORETIESE  
VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE STUDIE**

3.1	INLEIDING	52
3.2	DEFINIERING VAN GESTALT	53
3.3	TEORETIESE KONSEPTE VAN DIE GESTALT PERSPEKTIEF	54
3.3.1	Holisme	54
3.3.2	Organismiese selfregulering/Homeostase	55
3.3.3	Kontakmaking	58
3.3.3.1	Introjeksie	63
3.3.3.2	Projeksie	66
3.3.3.3	Samevloeiing	68
3.3.3.4	Defleksie	69
3.3.3.5	Retrofleksie	71
3.3.3.6	Desentisitasie	73
3.3.3.7	Egotisme	74
3.3.3.8	Isolasie	75
3.3.4	Die “I-Thou” verhouding in Gestalt	76
3.3.5	Onvoltooidhede binne Gestalt konteks	77
3.3.6	Die “hier-en-nou” beginsel in Gestalt	78
3.3.7	Polariteite as konsep binne die konteks van Gestalt	79

3.3.8 Struktuur van die persoonlikheid van toepassing op die kind wat ander afknou	81
3.3.8.1 Die vals laag	82
3.3.8.2 Die fobiese laag	83
3.3.8.3 Die impasse	83
3.3.8.4 Die implosiewe laag	83
3.3.8.5 Die eksplosiewe laag	84
 3.4 DOELSTELLINGS VAN DIE GESTALT PERSPEKTIEF	84
3.4.1 Bewustheid (“Awareness”)	84
3.4.2 Integrasie	86
3.4.3 Selfondersteuning	87
 3.5 SAMEVATTING	88

#### **HOOFTUK 4: BESKRYWING VAN EMPIRIESE NAVORSING**

4.1 INLEIDING EN OPERASIONALISERING VAN NAVORSINGSPROSES	89
 4.2 KERNASPEKTE VANUIT TEORETIESE VERWYSINGS-RAAMWERK EN KONTOROLEMAATREEELS TYDENS EMPIRIESE PROSES	90
 4.3 BESPREKING VAN BEVINDINGE	91
4.3.1 DIE SIELKUNDIGE MEETINSTRUMENT	92
4.3.2 BEVINDINGE: Sielkundige meetinstrument en ongestructureerde onderhoude	94
4.3.2.1 Deelnemer 1	94
4.3.2.1.1 Fisieke self	94

4.3.2.1.2 Akademiese self	95
4.3.2.1.3 Sosiale self	95
4.3.2.1.4 Waardesself	95
4.3.2.1.5 Gesinself	95
4.3.2.1.6 Psigiese self	96
 4.3.2.2 Deelnemer 2	 98
4.3.2.2.1 Fisieke self	99
4.3.2.2.2 Akademiese self	99
4.3.2.2.3 Sosiale self	99
4.3.2.2.4 Waardesself	100
4.3.2.2.5 Gesinself	100
4.3.2.2.6 Psigiese self	100
 4.3.2.3 Deelnemer 3	 103
4.3.2.3.1 Fisieke self	104
4.3.2.3.2 Akademise self	104
4.3.2.3.3 Sosiale self	104
4.3.2.3.4 Waardesself	104
4.3.2.3.5 Gesinself	105
4.3.2.3.6 Psigiese self	105
 4.3.2.4 Deelnemer 4	 107
4.3.2.4.1 Fisieke self	108
4.3.2.4.2 Akademiese self	108
4.3.2.4.3 Sosiale self	108
4.3.2.4.4 Waardesself	108
4.3.2.4.5 Gesinself	108
4.3.2.4.6 Psigiese self	109

4.3.2.5 Deelnemer 5	112
4.3.2.5.1 Fisieke self	112
4.3.2.5.2 Akademiese self	113
4.3.2.5.3 Sosiale self	113
4.3.2.5.4 Waardesself	113
4.3.2.5.5 Gesinself	113
4.3.2.5.6 Psigiese self	113
 4.3.2.6 Deelnemer 6	116
4.3.2.6.1 Fisieke self	116
4.3.2.6.2 Akademiese self	116
4.3.2.6.3 Sosiale self	117
4.3.2.6.4 Waardesself	117
4.3.2.6.5 Gesinself	117
4.3.2.6.6 Psigiese self	117
 4.3.2.7 Deelnemer 7	120
4.3.2.7.1 Fisieke self	120
4.3.2.7.2 Akademiese self	120
4.3.2.7.3 Sosiale self	121
4.3.2.7.4 Waardesself	121
4.3.2.7.5 Gesinself	121
4.3.2.7.6 Psigiese self	121
 4.3.3 GESAMENTLIKE BEVINDINGS VAN DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE KOMPONENT VAN DIE STUDIE	123
4.3.3.1 Fisieke self	123
4.3.3.2 Akademiese self	124
4.3.3.3 Sosiale self	125
4.3.3.4 Waardesself	126
4.3.3.5 Gesinself	127

4.3.3.6 Psigiese self	128
4.3.3.7 Totale selfbeeldtellings	129
4.4 SAMEVATTING	130
<b>HOOFSTUK 5: AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS</b>	
5.1 INLEIDING	132
5.2 HOOFSTUK 1	132
5.2.1 Samevatting	132
5.2.2 Gevolgtrekking	133
5.2.3 Aanbevelings	134
5.3 HOOFSTUK 2	134
5.3.1 Samevatting	134
5.3.2 Gevolgtrekking	135
5.3.3 Aanbevelings	137
5.4 HOOFSTUK 3	137
5.4.1 Samevatting	137
5.4.2 Gevolgtrekking	139
5.4.3 Aanbevelings	140
5.5 HOOFSTUK 4	140
5.5.1 Samevatting	140
5.5.2 Gevolgtrekking	141
5.5.3 Aanbevelings	142
5.6 SLOTOPMERKING	144

<b>BRONNELYS</b>	145
<b>BYLAAG A</b>	151

### **LYS VAN TABELLE**

Tabel 2.1:	Die vorme van aggressie volgens die onderskeie ontwikkelingsfases	29
Tabel 2.2:	Verskillende vorme van boeliegedrag en hoe dit manifesteer	32
Tabel 2.3:	Faktore wat aanleiding mag gee tot afknouerige gedrag en viktimisasie van kinders	35
Tabel 2.4:	Kenmerkende boeliegedrag en die aksies daar rondom	39
Tabel 2.5:	Negatiewe ervarings na aanleiding van boeliegedrag deur meisies	44
Tabel 2.6:	Gesondheidsprobleme wat boelies en slagoffers van boelies openbaar	47
Tabel 4.1:	Toetsresultate – deelnemer 1	94
Tabel 4.2:	Toetsresultate – deelnemer 2	98
Tabel 4.3:	Toetsresultate – deelnemer 3	103
Tabel 4.4:	Toetsresultate – deelnemer 4	107
Tabel 4.5:	Toetsresultate – deelnemer 5	112
Tabel 4.6:	Toetsresultate – deelnemer 6	116

### **LYS VAN FIGURE**

Figuur 2.1:	Die kontinuum van aggressiewe gedrag	30
Figuur 2.2:	Skematische voorstelling van die invloed van boeliegedrag op die kind en ander partye	46
Figuur 2.3:	Fases in die ontwikkeling van kriminele gedrag by kinders	50

Figuur 3.1:	Illustrasie van Gestalt formasie volgens Clarkson	60
Figuur 3.2:	Introjeksie soos aangepas vanuit Fitton	63
Figuur 3.3:	Projeksie soos aangepas vanuit Fitton	67
Figuur 3.4:	Samevloeiing soos aangepas vanuit Fitton	69
Figuur 3.5:	Defleksie soos aangepas vanuit Fitton	70
Figuur 3.6:	Retrofleksie soos aangepas vanuit Selwyn	72
Figuur 3.7:	Die vyf lae van neurose volgens Gestalt	82

### **LYS VAN GRAFIEKE**

Grafiek 4.1:	Grafiese voorstelling van deelnemers se fisiese self	123
Grafiek 4.2:	Grafiese voorstelling van deelnemers se akademiese self	124
Grafiek 4.3:	Grafiese voorstelling van deelnemers se sosiale self	125
Grafiek 4.4:	Grafiese voorstelling van deelnemers se waardesself	126
Grafiek 4.5:	Grafiese voorstelling van deelnemers se gesinsself	127
Grafiek 4.6:	Grafiese voorstelling van deelnemers se psigiese self	128
Grafiek 4.7:	Grafiese voorstelling van deelnemers se totale selfbeeld	129

# **HOOFSTUK 1**

## **INLEIDING TOT DIE STUDIE**

### **1.1 INLEIDING**

Hierdie navorsing fokus op die insameling van data oor die selfbeeld van die kind wat ander afknou. Kinders is sosiale wesens en is afhanklik van interpersoonlike kontak. Hierdie interpersoonlike kontak lei soms na afknouery en konflik.

Alhoewel daar reeds verskeie navorsingstudies gedoen is oor die kind wat aan die ontvangkant van afknouende gedrag is, is die fokus hier op die kind wat huis ander afknou en in algemene gebruikstaal bekend staan as 'n sogenaamde "boelie".

Hazler (1996:10) is van die opinie dat die kind in 'n proses van ontwikkeling is en dus nie oor dieselfde probleemoplossende vaardighede as volwassenes beskik nie. 'n Maklike manier om frustrasie, ongeduld, aggressie of jaloesie uit te druk is met fisiese geweld gemik teen 'n ander kind in sy nabye omgewing. Verskeie ander redes vir afknouery of sogenaamde boeliegedrag sal in hierdie navorsing ondersoek en bespreek word.

Sullivan (2000:2) verduidelik dat boeliegedrag 'n groot sosiale probleem is wat wêreldwyd in skole plaasvind. In ekstreme gevalle kan boeliegedrag selfs tot selfmoord onder die slagoffers lei (Sullivan, 2000:2). Daarby word gevoeg dat kinders wat ander kinders geboelie het op skool, meer geneig is tot gewelddadige gedrag en mishandeling in hul volwasse jare (Smith et al., 2004:1). Boeliegedrag word, net soos in die geval met kriminele gedrag, gekenmerk aan 'n gebrek aan respek vir ander se persoonlike regte (Garret, 2003:1).

Boeliegedrag kan in verskeie kontekste plaasvind, soos onder andere by die skool, die werksplek, of selfs by die huis (Smith & Sharp, 1994:2). As gevolg van die

teenwoordigheid van verskeie sosiale groepe en verhoudings by skole, is afknouery egter meer geneig om in skoolverband plaas te vind (Harris & Petrie, 2003:3). Garret (2003:1) beskou die skoolterrein as 'n teëlaarde vir ontoepaslike gedrag, aangesien afknouery meestal daar plaasvind en dit nie altyd aangespreek word nie.

Afnouery onder skoolgaande kinders kom universeel voor en kan verskeie vorme aanneem. Afnouery is 'n komplekse sosiale probleem wat langtermyn gevolge vir die slagoffer en die boelie kan inhoud. Indien die boelie en sy gedrag nie aangespreek word nie, kan hierdie gedrag tot in volwassenheid voortduur as misdadige gedrag.

## **1.2 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING VIR DIE STUDIE**

Volgens Nesan (in Bezuidenhout & Joubert, 2003:35) het boeliegedrag vanaf die 1970's meer akademiese aandag ontvang, maar alhoewel die literatuur oor afknouerige gedrag toegeneem het, is daar nog min navorsing in Suid-Afrika daaroor gedoen. Die langtermyn gevolge wat afknouery vir die slagoffer inhoud is emosionele en skolastiese probleme, siekte, depressie en 'n lae selfbeeld (Harris & Petrie, 2003:16).

Volgens Rogers (in Meyer, Moore & Viljoen, 1997:498) is die meeste gedrag van 'n individu in ooreenstemming met sy selfkonsep, met ander woorde hoe hy oor homself voel en dink. Die vraag kan dus afgevra word hoe die boelie oor homself voel? Die navorsing is dus geïnteresseerd in die aard van boelies se gedrag en om een veranderlike, naamlik selfbeeld, binne die konteks van hierdie profiel te plaas. Gevolglik kan daar in navorsing bepaal word watter rol sy selfbeeld in sy sosiale gedrag en verhoudings speel. 'n Verdere implikasie vir hierdie studie is die vraag wat die speltherapeut dikwels afvra. Hoekom het die kind nodig om te doen wat hy doen, in hierdie geval dus, wat maak dit nodig vir die boelie om ander af te knou. Die navorsing wil egter nie slegs 'n boelie se selbeeld bepaal in terme van 'n swak

of goeie selfbeeld nie, maar wil vasstel op watter funksioneringsvlak die boelie probleme of nie probleme ten opsigte van sy selfbeeld ervaar. ‘n Verdere en laaste aspek wat fundamenteel tot die aanvanklike probleem aanleiding gee is die vraag of die boelie se selfbeeld moontlik ‘n negatiewe invloed op sy sosiale gedrag en sosiale verhoudings het en manifesteer as afknouende gedrag. Verskeie verklarings oor waarom kinders ander afkou word in literatuur gevind. ‘n Beskrywing van hoe die Gestaltbenadering boeliegedrag beskryf, ontbreek in die mees bekende Gestalt literatuur. Indien hierdie gedrag binne die konteks van die Gestaltbenadering beskryf word en ‘n nodige profiel van hierdie kind opgestel kan word sal dit kan dien as ‘n goeie voorondersoek vir latere navorsing ten einde die probleem beter in hulpverlening aan te spreek. Die doel van die navorsing is nie om selfbeeld as oorsakende faktor van boeliegedrag te beskryf nie, maar as ‘n faktor wat wel voorkom onder kinders wat ander afkou en ‘n beginpunt vir terapeutiese intervensie. Vanuit hierdie motivering en probleemformulering is dit noodsaaklik om ‘n doel vir die studie te formuleer ten einde ‘n werkbare plan vir die oplossing van die probleem daar te stel.

### **1.3 DOEL EN DOELWITTE**

In navorsingsliteratuur kan die onderskeid tussen doel en doelwitte soos volg uiteengesit word. In Fouché (2002:107) word verwys na die Webster’s Third International Dictionary waar die doel verwys na “the end toward which effort or ambition is directed: aim, purposes.” Hieruit word die afleiding gemaak dat ‘n einddoel nodig is. In Fouché (2002:107) word die doel, doelstelling of oogmerk as die “droom” versinnebeeld terwyl die doelwit die stappe impliseer wat geneem moet word om hierdie droom te laat materialiseer. Ten einde by ‘n resultaat uit te kom moet ‘n doel met doelwitte dus geformuleer word.

#### **1.3.1 Doel**

Die doel van hierdie navorsing is om ‘n profiel van die kind wat ander afkou beter bekend as ‘n “boelie” saam te stel en met behulp van die Gestaltbenadering te

beskryf ten einde insig te ontwikkel in die redes vir sy optrede en sodoende voorkomende handelswyses voor te stel vir persone binne die leefwêreld van hierdie kind.

### **1.3.2 Doelwitte**

Ten einde die bogenoemde navorsingsdoel te bereik, is die volgende doelwitte geformuleer:

- Om die Gestaltbenadering as teoretiese raamwerk binne die konteks van “boeliegedrag” te benut en te beskryf;
- om deur middel van gevallestudies ‘n profiel van kinders wat ander afknou saam te stel as voorstudie vir latere intervensie; en
- om die ingesamelde inligting te analiseer en gevolgtrekkings en aanbevelings te maak met betrekking tot boelies en boeliegedrag.

## **1.4 NAVORSINGSVRAAG**

Die navorsingsvraag verwys na die navorsingsonderwerp wat deur die kwalitatiewe navorser in ‘n vraag geformuleer is. Die navorsingsvraag bepaal die navorsingsbenadering wat deur die navorser gevvolg gaan word (Fouché & Delport, 2002:87).

Vir die doel van hierdie navorsing word die volgende navorsingsvrae gestel:

- Hoe lyk die profiel van die kind wat ander afknou? en
- Wat is die aard van kinders, wat simptome van boeliegedrag toon, se selfbeeld?

## **1.5 NAVORSINGSBENADERING**

Een van twee navorsingsbenaderings, óf ‘n kombinasie van die twee, kan in navorsing gebruik word, naamlik die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering (Fouché & Delport, 2002:79). Vir die doel van hierdie studie word daar van ‘n

gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak. Die dominante-minder-dominante model van Creswell soos aangehaal deur De Vos (2002:366) is gebruik ten einde die navorsingsdoel te bereik. Die kwalitatiewe benadering word in die studie as die mees dominante benadering gebruik. Motivering hiervoor kan gevind word in wat Alston en Bowles (2003:9) as belangrik ag binne kwantitatiewe navorsing. Die redes kan soos volg uiteengesit word:

- die studie word gekenmerk deur 'n induktiewe benadering waar wyd in die literatuur geraadpleeg is en die mees toepaslike inhoud benut is;
- die navorser was geïnteresseerd om die sosiale lewe van mense, in dié geval die kind wat ander afknou, en die betekenis wat hulle daaraan heg, te verstaan;
- die navorser het ten doel gehad om hierdie gedrag te verstaan, eerder as om dit te verduidelik;
- anders as met kwantitatiewe navorsing, word daar klem gelê op die belangrike rol wat 'objektiwiteit' tydens kwalitatiewe navorsing speel;
- die 'realiteit' van die kind wat ander afknou word bepaal deur hoe hulle hul eie lewe ervaar en interpreteer;
- die kwalitatiewe navorsingsproses is gekenmerk aan 'n tweerigtingskommunikasie tussen die navorser en die respondent; en
- die navorser het gebruik gemaak van nie-statistiese metodes en klein steekproewe wat 'n ryk diepe betekenis aan die fenomeen wat bestudeer is, gebied het.

Die kwantitatiewe benadering het binne hierdie studie as ondersteunende benadering tot die kwalitatiewe benadering gedien deur 'n gestandaariseerde meetinstrument, die Selfkonsep Skaal vir Primêre Skoolleerders, te benut ten einde die profiel van die kind wat ander afknou af te rond.

## **1.6 SOORT NAVORSING**

Navorsing kan gekenmerk word aan 'n basiese of toegepaste navorsingsdoel. Die tipe navorsing deur die navorser benut is toegepaste navorsing, deurdat die navorsingsresultate in praktyk as riglyne gebruik kan word vir die beplanning van terapie, en die ontwikkeling van intervensie programme wat op die boelie fokus (Fouché, 2002:108).

## **1.7 NAVORSINGSONTWERP**

Navorsers kan verkennend, beskrywend of verklarend te werk gaan. Ten einde die navorsingsdoelstelling te bereik, het die navorser van beskrywende navorsing gebruik gemaak. Beskrywende navorsing is daarop gerig om 'n beskrywing te gee van sekere situasies en gebeure (Babbie & Mouton, 2001:80-81). Die navorser het 'n indiepte beskrywing van elke respondent se selfbeeld, en hoe dit hul gedrag moontlik beïnvloed, gemaak.

## **1.8 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE**

Hierdie navorsing is gedoen aan die hand van meervoudige gevallestudies wat verwys na 'n intensiewe studie van 'n individu, 'n familie of gesin, 'n gemeenskap, 'n land, 'n span of 'n kliniese sessie. Deur gebruik te maak van meervoudige gevallestudies kon 'n indiepte studie van individuele kinders gemaak word (Babbie & Mouton, 2001:281). Elke respondent is as 'n unieke eenheid in sy eie veld, en met sy eie fenomenologie beskryf.

Binne die meervoudige gevallestudies is gebruik gemaak van ongestructureerde onderhoude waar belangrike aspekte soos vanuit die Gestaltteoretiese verwysingsraam geïdentifiseer, gevra is. Bykomend hiertoe is die sielkundige meetinstrument benut ten einde die selfbeeld van elk van die respondentte te bepaal.

## **1.9 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFDNEMING**

Hierdie studie is onderneem ten einde as voorondersoek vir verdere meer omvattende navorsing te dien. Alhoewel 'n studie op kleiner skaal, moet die proses geskoei wees op 'n wetenskaplike betroubare werkwyse. Die teoretiese komponent van die studie is deur middel van 'n omvattende literatuurondersoek afgehandel. Die empiriese komponent van die studie word aangespreek in die navorsingsdoelwitte wat so geformuleer is dat die inligting wat in die profiel van die kinders reflektereer, ook verband hou met die realiteit in praktyk. So is die tweede navorsingsdoelwit afgestem om die empiriese komponent, waar respondenten betrek word in ongestrukteerde onderhoude en die voltooiing van 'n gestandaariseerde toets, te beskryf. Die wyse waarop daar te werk gegaan is om hierdie respondenten te selekteer sal nou beskryf word.

### **1.9.1 Universum**

Volgens Strydom en Venter (2002:198) verwys die universum van 'n studie na al die potensiële respondenten wat oor sekere eienskappe beskik waarin die navorsing geïnteresseerd is. Die universum van hierdie studie bestaan uit respondenten in die middelkinderjarige lewensfase wat simptome van boeliedgedrag toon.

### **1.9.2 Afbakening van steekproef en steekproefneming**

Vir die omskrywing van wat 'n steekproef is, noem Seaberg in Strydom en Venter (2002:199) dat 'n steekproef 'n klein deel van die totale eenhede, gebeure of persone uitmaak wat as die populasie van die ondersoek bekend staan.

Omdat daar in die doel van die studie verwys word na die daarstelling van 'n profiel van kinders wat ander afknou, is die feit dat die steekproef wat getrek word vir die bereiking van doelwit nommer twee, 'n proses van deurlopende vergelyking tussen die teorie (in hierdie geval die Gestaltbenadering) en praktyk (in hierdie geval die kinders wat ander afknou). Hier noem Strydom en Venter (2002:334) dat die

vergelykingsproses wat plaasvind mag geskied op grond van die feit dat die navorser alle aspekte van die navorsingsonderwerp goed verstaan en nou 'n vergelyking wil tref tussen komponente in die literatuur en komponente in praktyk.

Hier kan dus aangeleid word dat die metode van steekproeftrekking nie ten doel het om verteenwoordigend te wees nie, maar bekend staan as nie-waarskynlikheidseleksie steekproewe. Die rationaal hieragter is dat elke geval wat geselekteer word, 'n goeie representasie van dit wat nagevors wil word, sal verteenwoordig. Die wyse wat gebruik word binne nie-waarskynlikheidseleksie steekproewe vir hierdie studie is 'n doelgerigte steekproef.

Doelgerigte steekproefneming kan omskryf word as wanneer die navorser respondenten selekteer op grond van die feit dat hul oor sekere spesifieke eienskappe beskik of gedrag toon waarin die navorser geïnteresseerd is (Babbie & Mouton, 2001: 166).

Ses respondenten wat simptome van boeliegedrag toon, is geselekteer op grond van hul beskikbaarheid en die feit dat hul voldoen aan die kriteria vir selektering. Omdat hierdie dien as voorondersoek vir latere meer uitgebreide navorsing, is die hoeveelheid responente geselekteer ten einde seker te maak dat versadigingspunt bereik sou word. Indien dit nodig sou wees, sou meer respondenten geselekteer word indien versadigingspunt nie binne die bestek van sewe respondenten voorgekom het nie.

Die ouderdomseleksie van die kinders is tussen ses en twaalf jaar. Daar is geen onderskeid gemaak tussen ras, taalvoorkeur of geslag nie. Die respondenten en hul gedrag voldoen aan dit wat in die literatuur bekend is oor boeliegedrag en het onder meer die volgende kriteria ingesluit:

- hulle beskik oor mag - hetsy as gevolg van ouderdom, grootte, geslag of fisiese krag;

- hulle toon aggressiewe en impulsiewe gedrag;
- ouerlike of volwasse toesig is meestal afwesig ten tye van afknouerige gedrag; en
- hulle aanvaar nie verantwoordelikheid vir hule eie gedrag nie.

Afknouery kon ook fisies, verbaal, relasioneel, emosioneel en/of seksueel van aard wees. Enige van die volgende vorme van afknouery is as kriteria vir insluiting in die steekproef gebruik:

- **Fisiese mishandeling** soos onder andere:

Direkte handelinge	Indirekte handelinge
Slaan, boks, stamp, stoot, spoeg, byt, knyp, hare trek.	Moedig ander kinders aan om die aanranding te doen.

- **Verbale mishandeling** soos onder andere:

Direkte handelinge	Indirekte handelinge
Name noem, terging, beledigings.	Moedig ander kinders aan om ander te beledig, of die verspreiding van kwaadwillige stories.

- **Emosionele mishandeling** soos onder andere:

Direkte handelinge	Indirekte handelinge
Terrorisering, vernedering.	Moedig ander aan om kinders te verneder of te terroriseer.

- **Seksuele mishandeling** soos onder andere:

Direkte handelinge	Indirekte handelinge
Betasting, penetrasie, teistering.	Verwysing na seksuele dade.

- **Relasionele mishandeling** soos onder andere:

Direkte handelinge	Indirekte handelinge
Dreigemente.	Sluit die slagoffer uit groepsaktiwiteite uit.

## 1.10 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

Ten einde die navorsing suksesvol uit te voer, is op die volgende aspekte gefokus:

### 1.10.1 Literatuurstudie

Toepaslike literatuur oor afknouery, die middelkinderjarige ontwikkelingsfase en die filosofie van die Gestaltperspektief is deur middel van boeke, vaktydskrifartikels en internetartikels bekom. Hierdie inligting reflektereer in Hoofstukke 2 en 3 van hierdie studie.

### 1.10.2 Struikelblokke in die studie

Die volgende is as struikelblokke in die navorsing geïdentifiseer:

- Die navorsing handel oor boeliegedrag wat onder middelkinderjarige kinders tydens skoolure plaasvind. Die navorsing het eerstens toestemming by die Departement van Onderwys verkry alvorens 'n laerskool genader is vir die beoogde navorsing.

## **1.11 ETIESE ASPEKTE**

Dit is volgens Strydom (2002:63) noodsaaklik dat proefpersone wat gebruik word in sosiale navorsing, bewus moet wees van die aard en omvang van die navorsing waaraan hul deelneem. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat daar altyd binne sosiale navorsing etiese regverdiging moet bestaan vir elke komponent van veral die empiriese aspekte van die studie.

Die volgende etiese aspekte is deur die navorser gevolg:

- Die respondentē het vrywilliglik deelgeneem aan die navorsingsproses. Die navorsingsproses, die doel van die navorsing en die wyse waarop inligting ingesamel is, is aan die respondent verduidelik waarna hy/sy die keuse het of hul aan die navorsing wil deelneem al dan nie. Omdat die respondentē minderjarig was, is 'n vrywaringsvorm deur hul ouers voltooi waarin ingeligte toestemming gegee is tot die navorsing (sien Bylae A).
- Die respondentē se identiteite is ten alle tye vertroulik gehou. Identifiserende nommers is aan respondentē toegeken sodat hul identiteite vertroulik gehou word ten tye waar daar met ander kundiges kontak gemaak is. Die navorser het ander kundiges genader vir die interpretering van die navorsingsresultate, en om sodoende ander perspektiewe, idees, en bydraes te kry by die ontleding van die inligting.
- Alle inligting wat ingesamel is, is op 'n etiese korrekte wyse hanteer en gestoor. Die transkripsies, veldnotas, video opnames, resultate van sielkundige assessorings en alle dokumente wat op die navorsing betrekking het, is veilig bewaar tot nadat die tydperk verloop het waarbinne die inligting gestoor moet word.
- Die respondentē is ingelig omtrent die potensiële nadele wat die navorsing mag inhoud:
  - die geskatte tyd wat die sielkundige assessorering en onderhoudvoering kan neem - die respondent sal dalk nie lus wees daarvoor nie,

- die onderhoude kan meer as een keer gevoer word om bykomende inligting te bekom,
- die respondent moet openlike en eerlike antwoorde gee op alle vrae tydens die onderhoudvoering.

## **1.12 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE**

Vir die doeleindes van hierdie studie is spesifieke konsepte geïdentifiseer wat as sleutelbegrippe regdeur die studie gedien het en omskryf moet word. Die sleutelkonsepte is soos volg:

### **1.12.1 Boelie**

‘n Boelie verwys na ‘n persoon wat gedrag toon waartydens hulle hul mag misbruik op ‘n fisiese, emosionele, verbale, relasionele en/of seksuele manier (Bezuidenhout & Joubert, 2003:36).

Olweus (1991:413) beskryf ‘n boelie as “n kind wat ‘n ander kind herhaaldelik blootstel aan negatiewe aksies met die opset om die kind seer te maak, hetsy fisiese of emosioneel. Die boelie beskik oor meer mag as sy slagoffer en maak misbruik daarvan”.

Volgens die navorsers word ‘n boelie omskryf as ‘n kind wat ‘n ander kind of kinders op ‘n herhaaldelike basis opsetlik seermaak op ‘n fisiese, emosionele, verbale, relasionele en/of seksuele wyses. Die boelie beskik oor meer mag as sy slagoffer as gevolg van sy fisiese grootte, geslag, ouderdom of ras en maak misbruik daarvan deur sy slagoffer te verneder.

### **1.12.2 Boeliegedrag**

Sullivan (2000:9-11) omskryf boeliegedrag as bewustelike aggressiewe en manipulerende gedrag wat deur een of meer persone op ‘n ander persoon of

persone gerig is. Boeliegedrag kan vooraf beplan word of opportunisties plaasvind. Boeliegedrag word gekenmerk aan die misbruik van mag en kan oor 'n korttermyn of langtermyn plaasvind. Volgens Sullivan word boeliegedrag gekenmerk aan die volgende eienskappe:

- Die intensie om seer te maak.
- 'n Magsverskil tussen die slagoffer en sy boelie kom voor.
- Boeliegedrag is meestal georganiseerd en sistematies.
- Boeliegedrag vind gewoonlik herhaaldelik oor 'n periode plaas.
- Die slagoffer kan op 'n interne of eksterne wyse seergemaak word.

Volgens Olweus (1991:413) word boeliegedrag beskryf as wanneer een kind oor tyd herhaaldelik blootgestel word aan negatiewe aksies deur een kind of 'n groep kinders. Die negatiewe aksies verwys na enige gedrag wat teenoor 'n ander uitgedruk word met die intensie om seer te maak of om 'n ongemak te skep. Negatiewe aksies kan verbaal of fisies uitgedruk word.

Die navorser is dus van mening dat boeliegedrag aggressiewe gedrag is wat deur een of meer persone op 'n direkte of indirekte wyse op ander gerig is met die doel om seer te maak of 'n ongemak te skep. Die boelie-slagoffer verhouding word gekenmerk aan 'n magsverskil en die boeliegedrag vind herhaaldelik oor tyd plaas. Boeliegedrag kan fisies, emosioneel, verbaal, relasioneel en/of seksueel van aard wees. Die slagoffer kan dus eksterne (fisiële) of interne (emosionele) skade opdoen as gevolg van die boeliegedrag.

### **1.12.3 Selfbeeld**

Volgens die Verklarende en Vertalende Sielkunde Woordeboek kan selfbeeld omskryf word as "n persoon se siening en evaluasie van hom- of haarsel. Dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe elemente in" (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997:326).

Rogers (in Meyer, Moore & Viljoen, 1997:490-491) is van mening dat selfbeeld verwys na 'n persoon se siening van hom- of haarself en die waarde wat hy/sy aan hom- of haarself heg. Alhoewel 'n persoon se selfbeeld relatief stabiel is, is dit vloeibaar en veranderbaar.

Selfbeeld kan kortlik beskryf word as 'n persoon se evaluasie, hetsy positief of negatief, van homself. 'n Persoon se selfbeeld is nie konstant nie en kan wel verander.

#### **1.12.4 Gestaltbenadering**

Die Gestaltbenadering kan omskryf word as 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering. Die interafhanklikheid tussen persone en hul omgewing word beklemtoon (Blom, 2004:2-4).

Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:127) beskou die Gestaltterapeutiese benadering as "n vorm van psigoterapie wat toespits op dit wat onmiddellik teenwoordig is, met die doel om kliënte te help om die gewaarwording van hul ervarings in hulle totaliteit te verbeter".

Volgens die navorsers fokus die Gestaltbenadering op 'n persoon in totaliteit. Elke persoon is uniek en kom vanuit sy eie veld met sy eie fenomenologie. Elke persoon beskik oor sekere eienskappe en is saamgestel uit onderskeie dele (emosionele, kognitiewe, spirituele en liggaamlike). Die interafhanklikheid tussen die persoon se onderskeie dele en tussen die persoon en sy omgewing word beklemtoon.

### **1.13 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG**

Die navorsingsverslag word in die volgende hoofstukke verdeel:

- in Hoofstuk 2 word die kind wat ander afknou en boeliegedrag breedvoerig bepreek;
- in Hoofstuk 3 word ‘n teoretiese fundering van die Gestaltperspektief gegee;
- in Hoofstuk 4 word die ingesamelde navorsingsinligting weergegee;
- in Hoofstuk 5 word samevattende opmerkings, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

#### **1.14 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is ‘n uiteensetting gegee van die navorsingsprobleem en die stappe wat deur die navorsing gevolg is om die finale navorsingsproduk te bekom. In die volgende hoofstuk word kinders wat ander afknou en boeliegedrag breedvoerig bespreek.

## **HOOFSTUK 2**

### **DIE KIND WAT ANDER AFKNOU EN BOELIEGEDRAG**

#### **2.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk gaan die navorsers die kind wat ander afknou en die gedrag wat daarmee saamgaan, bekend as boeliegedrag, vanuit 'n funksionele denkbenadering wat die gedrag beskryf en verklaar insluit, bespreek. Hierdie funksionele denkbenadering sal dien as 'n vertrekpunt waarbinne die generering en beskrywing van inligting vir die res van die studie sal geskied.

Boeliegedrag kom in alle skole voor binne alle ouderdomsgroepe, nasionaliteite, kulture, ras en geslag. Skole is 'n sosiale omgewing wat saamgestel word uit kinders vanuit verskeie kontekste waar agtergrond en opvoedingstyle dikwels verskil. Hierdie kind kom skool toe met sekere aangeleerde gedrag wat vooroordeel, aggressie, konflik of emosionele probleme mag insluit. Hierdie aspekte mag aanleiding gee tot konflik, en so ook boeliegedrag. Volgens Fried en Fried (2003:111) vorm godsdiens, ekonomie, ras, kultuur en geslagsidentiteit die basis van die mees algemene vorme van konflik in skole wat uiteraard boeliegedrag as manifestasie hiervan mag insluit. Hazler (1996:55) meen dat geen kind immuun is teen afknouery nie. Die risiko om 'n slagoffer van afknouery te word is egter groter in 'n skool waar die omliggende omgewing gekenmerk word aan aggressiwiteit en gewelddadigheid (Hazler, 1996:55).

Fried en Fried (2003:294) beskou boeliegedrag as 'n vorm van kindermishandeling. Boeliegedrag is oorwegend 'n geheimsinnige aktiwiteit wat hoofsaaklik plaasvind waar volwasse toesig afwesig is. Dit word gewoonlik gerig op kwesbare kinders wat as "anders" beskou word. Die slagoffers word blootgestel aan verskeie direkte en indirekte vorme van afknouery wat aanleiding gee tot gevoelens van isolasie, eensaamheid, onsekerheid, angstigheid en vrees

vir die bedreigende situasie waarin hulle hul bevind. Die gevolg hiervan is dat hulle gesonde funksionering daardeur belemmer word.

Tattum (1993:3) noem dat daar verskeie miskonsepsies oor boeliegedrag bestaan. Een daarvan is dat indien die slagoffer die boelie se gedrag ignoreer, hy sal ophou. 'n Ander miskonsepsie is dat boeliegedrag deel uitmaak van kinders se normale ontwikkeling - boeliegedrag is "goed" vir kinders deurdat dit hulle leer om selfgeldend op te tree.

Die wetenskaplike verduideliking van boeliegedrag is egter nodig ten einde die manifestasie daarvan te kan begryp. Dit is ook noodsaaklik om te bepaal of antisosiale gedrag in verband staan tot boeliegedrag en die kind wat ander afkou. Hierdie aspekte sal dus nou breedvoerig bespreek word.

## **2.2 OMSKRYWING VAN BOELIEGEDRAG**

Boeliegedrag kan maklik met normale portuurkonflik verwarring word. Die verskil tussen portuurkonflik en boeliegedrag word egter in die hoeveelheid mag waaroor die boelie beskik gevind. Eerstens is dit belangrik om 'n onderskeiding te maak tussen normale portuurkonflik en afknouery. Garrett (2003:10) is van mening dat normale portuurkonflik plaasvind wanneer twee leerders, van gelyke status en mag, in 'n argument betrokke raak of baklei. Hierdie konflik vind meer by toeval plaas en is nie ernstig van aard nie. Garrett (2003:21) verduidelik dat:

- die partye wat betrokke is in normale portuurgroep konflik nie daarop aandring om hul eie wil te laat geskied nie;
- die betrokke kinders gee redes waarom hulle van mekaar verskil;
- die onderwerp kan deur die betrokke kinders verander word, en hulle kan van die konfliksiituasie wegdraai en wegloop;
- die betrokkenes kan vir mekaar verskoning vra, of 'n wen-wen situasie onderhandel;

- die betrokke partye is oop vir onderhandelings om in hul eie behoeftes te voorsien.

Volgens Fried en Fried (2003:26) word 'n tergery en boeliegedrag soms ook as sinonieme beskou en is dit belangrik om die verskil tussen die twee uit te lig. 'n Terg-situasie word gekenmerk aan *gee-en-neem*, en is 'n vorm van kommunikasie. Deur te terg word teer gevoelens vir mekaar getoon, of berispe kinders mekaar sodat hulle inlyn bly met die sosiale verwagtings van die groep. In teenstelling word 'n boeliesituasie gekenmerk aan een kind wat net negatiewe gedrag gee terwyl die ander kind hierdie negatiewe gedrag slegs *ontvang*.

Die belangrikste kenmerk van 'n boeliesituasie is die magsverskil wat tussen die kind wat ander afknou - die sogenaamde boelie - en sy slagoffer voorkom. Volgens Hazler (1996:6) is die boelie fisies, verbaal en/of sosiaal sterker as sy slagoffer. Hulle is gewoonlik nie vriende nie en die slagoffer word herhaaldelik afgeknou of sogenaamd "geboelie". Die afknouer of "boelie" streef daarna om mag oor sy slagoffer te verkry, en sodoende beheer oor die slagoffer uit te oefen. Dit is ook belangrik om op te merk dat die afknouer of "boelie" daarop uit is om sy slagoffer intensioneel seer te maak, hetsy op 'n fisiese en/of emosionele wyse.

Garrett (2003:21) en Sullivan (2000:9) identifiseer die volgende faktore as kenmerkend van 'n boeliesituasie:

- Die *intensionele optrede* is kenmerkend. Boelies vind plesier daarin om ander te spot en te domineer, selfs al toon die slagoffer tekens van angs en verleenheid.
- Die *intensiteit* en *duurte* van die afknouery is van so aard dat dit oor 'n lang periode plaasvind, en van só 'n graad dat die slagoffer se selfbeeld daaronder skade ly.
- Die boelie het *mag* oor sy slagoffer vanweë sy ouderdom, geslag, fisiese krag, en/of sy fisiese grootte.

Fried en Fried (1996:9-10) verduidelik dat die bogenoemde faktore na die status van die boelie verwys, en voeg die volgende faktore by wat op die status van die slagoffer fokus:

- die slagoffer is *kwesbaar* weens sekere eienskappe waaroer hy beskik, en hy kan nie homself voldoende teen die boelie beskerm nie;
- die slagoffer het 'n *gebrek aan ondersteuning* en voel geïsoleerd en blootgestel;
- die gevolge van die boelieggedrag is van so aard dat die slagoffer se *selfbeeld* daaronder lei. Die slagoffer se lae selfbeeld beïnvloed sy gedrag deurdat die slagoffer homself onttrek of aggressief teenoor ander optree.

Boelieggedrag word meestal met fisiese mishandeling geassosieer, maar dit kan egter verskeie vorme aanneem wat ook emosionele beserings tot gevolg het (Fried & Fried, 2003:47). Hierdie emosionele optrede soos angstigheid en paniekerigheid by die slagoffer hits dikwels die sogenaamde boelie aan om selfs verder en soms na fisiese geweld oor te gaan. Volgens Sullivan (2000:9-10) is boelieggedrag dikwels georganiseerd en sistematies van aard. Die afknouery kan herhaaldelik oor tyd plaasvind, óf dit kan ewekansig deur 'n kind op 'n periodieke basis getoon word.

Olweus (1991:413), 'n kundige op die gebied van afknouery en viktimisering, omskryf afknouerige gedrag as wanneer een kind (die slagoffer) oor tyd herhaaldelik blootgestel word aan negatiewe aksies deur 'n ander kind of groep kinders (die boelie/s). Negatiewe aksies verwys na enige gedrag wat teenoor 'n ander uitgedruk word met die intensie om seer te maak of om 'n ongemak te skep. Die negatiewe aksies kan verbaal of fisies uitgedruk word (Vergelyk Olweus, 1994:9 en Sullivan, 2000:11). Soos reeds genoem, word 'n tergery gewoonlik nie as 'n vorm van afknouery gesien nie, maar indien dit gemeen, laag, en daarop gemik is om die betrokke individue te verneder, hetsy in 'n publieke of private konteks, word dit wel as 'n vorm van boelieggedrag beskou (Walker, H.M., Ramsey, E. en Gresham, F.M., 2004:239).

### **2.2.1 Die portuurgroep waarbinne die boeliegedrag geskied**

Die portuurgroep sluit die belanghebbendes by die boeliegedrag in en sluit ook die konteks waarbinne die boeliegedrag geskied in en word in vier groepe verdeel. Die groepe word uiteengesit op grond van die portuurgroep se betrokkenheid by boeliegedrag (Walker, et al., 2004:240). Die groepering is soos volg:

- Die boelie of kind wat die afknouery toepas.
- Die slagoffer.
- Die toeskouer. Waarnemers wat nie aktief betrokke is by die afknouery nie, maar wat ondersteuning bied deur die situasie waar te neem.
- Die nie-deelnemers. Portuurgroeplede wat nie een van die bogenoemde rolle vervul nie, maar bewus is van die gedrag.

Fried en Fried (2003:45) meen egter dat leerders nie in duidelike kategorieë ingedeel kan word nie, maar verduidelik dat leerders se gedrag op 'n kontinuum beskou moet word wat reflekterend is van hul behoefté om selfbeskermend op te tree. Dit beteken dat die onderskeie rolle van die boelie, slagoffer en toeskouer gereeld kan verander. 'n Boelie kan die slagoffer word van ander boelies, die slagoffer kan in 'n boelie verander, en bykans alle leerders is een of ander tyd die toeskouer van afknouery.

Sullivan (2000:31) verduidelik dat die toeskouers oor die keuse beskik of hul passief wil bly en die afknouery wil aanskou, of hul aan die afknouery gaan deelneem, daarvan gaan wegloop, of tussenbeide gaan tree. Toeskouersgedrag is dikwels net so belangrik, aangesien hierdie gedrag dikwels die platform dien vir die afkouer of sogenaannde boelie om sy gedrag te staak of daarmee aan te gaan. Fried en Fried (2003:42-43) identifiseer en beskryf ses tipes toeskouers:

- *Onaktiewe toeskouers* is bewus van boeliesituasies maar probeer dit vermy en onderdruk hulle gevoelens daaromtrent.

- *Kwaai toeskouers* raak kwaad vir die slagoffers omdat hulle nie die boeliegedrag deflekteer nie, en hulle gevolelik moet toekyk.
- *Beangste toeskouers* hou nie daarvan as hul klasmaats seergemaak word nie. Hulle wil soms tussenbeide tree, maar is bang dat die boelie hulle gaan begin afknou. Hulle fokus eerder op selfbeskerming of sal vlug.
- *Hulpvaardige toeskouers* sal intree en die boeliegedrag probeer staak deur die kind wat afkou aan te spreek. Gevolglik neem die afknouery af.
- *Medepligtige toeskouers* veroorsaak die meeste skade. Hulle smee kragte met die boelie en lag saam met die boelie vir die slagoffer. Hierdeur voorkom hulle dat hulle die volgende teiken sal wees, maar hou sodoende die boeliegedrag in stand.
- “*Voyeur*” toeskouers kry sadistiese genot uit die waarneming van afknouery. Hulle deel dikwels dieselfde gedragskenmerke van die boelie maar word weens interne faktore soos dissipline, strafmaatreëls of introjekte weerhou van persoonlike optrede.

## **2.3 KENMERKENDE GEDRAG VAN DIE KIND WAT ANDER AFKNOU/BOELIE**

Kinders wat geneig is om te boelie toon meer aggressiwiteit teenoor ander kinders, ouers, onderwysers en volwassenes (Olweus, 1994:34). Sullivan (2000:22) is van mening dat boelies meestal as aggressief, dominerend en impulsief beskryf word. Olweus (1994:34-36) identifiseer die volgende kenmerkende gedragspatrone van boelies:

- hulle toon ‘n positiewe gesindheid teenoor geweld en die gebruik daarvan;
- boelies word oor die algemeen gekenmerk aan hul impulsiviteit en hul behoeftte om ander te domineer;
- hulle toon min empatie teenoor hulle slagoffers;
- hulle het ‘n relatiewe positiewe beeld van hulself;

- seuns wat boelies is, is fisies sterker as die gemiddelde seuns van hul ouderdom en hul slagoffers;
- boelies het gewoonlik 'n klein groepie aanhangers wat hulle gedrag ondersteun en selfs van hulle hou;
- hulle populariteit onder hul portuurgroep is gemiddeld tot net onder gemiddeld. Populariteit onder hul portuurgroep neem egter af soos hul ouer word, maar dit daal nie só laag soos kenmerkend van hul slagoffers is nie;
- boelies word gekenmerk aan 'n aggressiewe reaksie patroon .

'n Verdere kenmerk van die kind wat afknou is dat daar volgens Neser (in Bezuidenhout & Joubert, 2003: 37) verskillende kategorieë bestaan waarbinne boelies verdeel kan word. Hierdie kategorieë is:

- **Proaktiewe boelies.** Hierdie boelies word gekenmerk aan hul aggressiewe geaardheid. Hulle hoef nie aangehits te word om ander seer te maak of te verneder nie. Orpinas en Horne (2006:17) verduidelik dat indien 'n leerder hierdie boelie per ongeluk stamp, hy dit as aggressie sal ervaar en daarvolgens sal reageer. Die gevolg hiervan is dat hierdie boelie geneig is om ander te blameer vir hul aggressiewe gedrag.
- **Reaktiewe boelies.** Reaktiewe boelies was voorheen slagoffers van afknouery en neem nou weerwraak deur kleiner en swakker kinders te boelie.
- **Proaktiewe slagoffers.** Hulle begin gevegte met ander kinders en indien hulle gekonfronteer word, begin hulle huil of toon hulle oordreve reaksies.

Fried en Fried (2003:22) identifiseer nog 'n tipe boelie wat by die bogenoemde kategorieë bygevoeg kan word. Die elite ("elitist") boelie. Net soos die naam weerspieel, is hierdie boelie miskien aantreklik, óf hy is 'n besonderse atleet, óf hy het sosiale status verkry weens sy ouers se finansiële, korporatiewe of politiese posisie. Hierdie boelies maak gebruik van hulle aansien om ander kinders te verneder. Hulle sal selfs voor onderwysers ander verneder, omdat hulle weet dat hulle nie daaroor vermaan gaan word nie.

### **2.3.1 Die rol wat aggressie speel by die kind wat ander afknou**

Kinders gee in konfliksituasies uitdrukking aan aggressie. Aggressiewe gedrag word omskryf as gedrag wat deur een kind gerig is op 'n ander kind met die opset om die kind te beseer, en/of te irriteer (Flannery & Huff, 1999:74). Die Oxford woordeboek definieer aggressie as 'n aanval op iemand anders sonder dat hul uitgelok word.

Afnouery is 'n vorm van aggressie waartydens die boelie oor meer mag as sy slagoffer beskik, het sy vanweë sy ouderdom, geslag, en/of sy fisiese voorkoms (Pepler & Craig, 2000:4). Die boelie beskik oor 'n aggressiewe reaksie patroon wat, in die geval met seuns wat boelie, gekombineer word met hul fisiese sterkte (Olweus, 1993:35). Seuns wat fisies sterk is, is egter nie noodwendig 'n boelie of aggressief teenoor ander kinders nie.

Dodge en Coie (in Fried & Fried, 2003:21,33) beskryf twee tipes aggressie wat onder kinders teenwoordig is, naamlik *reaktiewe* en *proaktiewe* aggressie. Die *reaktiewe* aggressiewe kind is meer emosioneel, het swak impulsbeheer en beskou enige onskuldige gedrag as uitlokkende gedrag waarop hulle dan reageer. Hierdie kind is ietwat paranoïes deurdat hy heeltyd bedreig voel en hy beskou sy aggressiewe optredes as geregverdig omrede hy selfbeskermend opgetree het. Hierdie denkpatroon kan reeds by kinders teenwoordig wees op die ouderdom van sewe of agt jaar. Die *proaktiewe* aggressiewe kind is nie-emosioneel, beheersd, en toon opsetlike gedrag. Die aggressiewe gedrag word getoon met die opset om 'n sekere doel te bereik, byvoorbeeld dominasie oor ander. Die slagoffer word op 'n doelbewuste wyse geselekteer. Die kind toon aggressie ter bevrediging van 'n interne behoefté en nie as gevolg van 'n eksterne stimuli nie.

Fried en Fried (2003:33) noem dat die sogenaamde *elite* boelie egter meer geneig is om proaktiewe aggressie te toon wat deur hul eksterne status gemotiveer word, en nie deur 'n interne behoeftie nie.

Kinders word nie as boelies gebore nie, maar raak boelies weens hul lewenservaringe. Volgens Fried en Fried, (2003:18,20) is daar sekere ingebore eienskappe wat kan aanleiding gee tot afknouery en probleemgedrag, soos onder meer kinders wat ly aan fetale alkoholsindroom, kinders wat kokaïen afhanklike babas was, en sommige kinders wat aan aandagtekortversteurings of aandagtekorthiperaktiwiteitversteurings ly. Verskeie omstandighede kan aanleiding gee tot die aanleer van aggressiewe gedrag, soos om aggressie waar te neem in die werklike lewe of op televisie, deur 'n beloning vir aggressiewe gedrag te ontvang, of om self deur ander aggressief behandel te word.

Daar is bevind dat die boelies en hul slagoffers oor 'n laer psigososiale funksionering beskik. Dit impliseer dat boelies en hul slagoffers swakker verhoudings met hul klasmaats het en meer eensaam voorkom (Fried & Fried, 2003:29). Volgens Selman (in Fried & Fried, 1996:91) is boelies se kognitiewe styl unilateraal van aard. Hulle het 'n gebrek aan meer volwasse denke wat wederkerige uitruil van idees en samewerking tot gevolg het. Hierdie onvolwasse denkwyse voorkom boelies om verskille met maats suksesvol op te los. Aggressie is die resultate van hul gebrek aan sosiale vaardighede.

Garrett (2003:27-31) noem dat sekere gedrag en eienskappe as aanduiding kan dien dat kinders moontlik ander boelie. Wanneer kinders sulke tekens toon, duif dit nie noodwendig op 'n ernstige probleem nie, maar moontlik op onvervulde behoeftes by die kind wat aangespreek kan word. Sorg moet geneem word dat kinders nie geëtitteer word omdat dit blyk of hulle 'n boelie profiel toon nie. Die volgende kenmerke kan as aanduiding dien dat 'n kind ander boelie:

- **Verbale mishandeling** deur ander name te noem, of verbale mishandeling gemik op ander se voorkoms, hul akademie, en hul sport- of kulturele aktiwiteite.
- Die **verspreiding van gerugte**.
- **Vooroordelende gedrag** deur ander se geloof, ras, kultuur of geslag te degradeer.
- **Fisiese beserings** van ander. Boelies is daartoe geneig om kleiner en jonger kinders seer te maak. Hulle sal ander gooi met voorwerpe, ander slaan tot hulle huil, of ander rond stamp of stoot.
- **Beskadiging** van ander se **besittings**. Boelies sal byvoorbeeld ander leerders se snoepiegeld vat, op ander se besittings of klere spoeg, iemand se hare sonder hulle toestemming sny, of self ander se besittings vernietig deur dit byvoorbeeld stukkend te sny.
- **Persoonlike eienskappe** waарoor boelies gewoonlik beskik is arrogansie en kwaadwilligheid, hulle beskou hulself as beter as ander en dat hulle kan doen net waarvoor hulle lus het, hulle is slegte verloorders en wil graag die middelpunt van alle aandag wees.
- **Swak emosionele selfbeheer**. Boelies beskik oor opgehoopte frustrasies, hulle tree ongeskik op en verloor baie vinning hulle humeur.
- **Swak ondersteuningssisteem**. Boelies word sleg behandel by hul ouerhuise en is soms die toeskouers vir gewelddadige gedrag, daar word nie altyd in hulle behoeftes voorsien nie en daar is min supervisie. Aggressiewe of boeliededrag word soms deur ouers en sibbe aanvaar en/of gemodelleer.
- **Isolasie**. Boelies het nie baie goeie vriende nie en is jaloers op ander. Hulle is nie baie populêr onder leerders nie en maak gebruik van boeliededrag om aandag te trek.
- Boelies is “**crowd pleasers**”.
- **Gedrags eienskappe**. Boelies toon min respek vir ouorit re figure, hulle vaar swak op akademiese gebied en is gereeld in die moeilikheid.

- **Houdings en gevoelens.** Boelies is geneig om baasspelerig te wees, val ander in die rede wanneer hulle praat, en bars uit van die lag wanneer dit ontoepaslik is.
- Boelies se gedrag word ook gekenmerk aan **poetse bak en kwaadwillige speletjies**. Hulle sal daartoe bydra dat ander leerlinge hulle boekie laat val, sal ander leerders trip dat hulle val en dan vir hulle lag, en sal leerlinge se boeksakke voor ander uitgooi.

Sommige kinders word gebore met aggressiewe temperamente. Volgens Kagan (in Flannery & Huff, 1999:74) kan kinders se aggressiewe temperamente in sosiale gedrag waargeneem word voor die ouderdom van twee jaar. Parke en Slaby (in Flannery & Huff, 1999:74) meen dat aggressiewe gedragspatrone deur kinders aangeleer word en reeds waarneembaar is onder kinders met die ouderdom van 6 jaar.

Die sosiaal-kognitiewe benadering beskou aggressie as gedrag wat uit aangebore en aangeleerde gedragspatrone ontwikkel. Direkte ervaring, waarnemingsleer en selfregulerendheid, speel 'n groot rol by die ontwikkeling van aggressiewe gedrag (Meyer, Moore & Viljoen, 1997:367). Heusmann en Eron (in Craig & Pepler, 2000:118) identifiseer drie prosesse wat die voorkoms van aggressie verhoog: observasie van aggressie, die ontvang van aggressie en die versterking van aggressie. Die ontwikkeling van aggressiewe gedrag word deur die sosiaal-kognitiewe benadering soos volg beskou:

- Elke individu het, weens genetiese en omgewingsfaktore, potensiële aggressiewe gedragswyses as deel van hulle gedragsrepertoire.
- Indien 'n kind se aggressiewe response versterk word, die moontlikheid dat hy dit sal herhaal vergroot word.
- Aggressiewe gedrag kan aangeleer word deur aggressiewe rolmodelle waar te neem.
- Kinders kan aggressiewe reaksies toon wanneer hul onaangename stimuli ervaar soos pyn, frustrasie en verkleinering.

- Aggressiewe gedrag word gereguleer deur die resultate van die gedrag. Die regulering hang af van die interaksie tussen die kind, die situasie en die gedrag (Meyer, et al., 1997:367).

Olweus (1993:44) verduidelik dat indien 'n rolmodel vir aggressiewe gedrag beloon word, die kind se inhibisies vir aggressiewe gedrag afneem. Die teenoorgestelde is ook waar. Olweus verduidelik ook dat kinders se sin van verantwoordelikheid vir 'n negatiewe aksie, soos boeliegedrag, afneem wanneer meer kinders daaraan deelneem.

Volgens die navorser word Suid-Afrika gekenmerk aan 'n hoë misdaadsyfer, veral in geweldsmisdade. Kinders reg oor die land woon in gemeenskappe wat gekenmerk word aan geweld en aggressie. Hulle word op 'n daaglikse basis, hetsy by die huis, skool of in die gemeenskap, daaraan blootgestel. Geweld en aggressie word gesien as die wyse waarop probleme en konflik opgelos moet word. Die media speel ook 'n rol in die aanleer van aggressie. Kinderstories en kinderflikks beeld geweld uit en dit is net natuurlik dat kinders sin daarvan probeer maak deur dit uit te speel met speelgoed, of met ander kinders by die skool.

Hunt (in Walker, et al., 2004:15-16) identifiseer vyf neurobiologiese patronen van aggressie. Hierdie patronen oorvleuel met mekaar en 'n individu sal selde net 'n enkele aggressiepatroon manifesteer. Dit is soos volg:

- **“Overaroused” aggressie.** Hierdie vorm van aggressie vind hoofsaaklik plaas as gevolg van die kind se opgewekte toestand. Dit word nie gekenmerk aan 'n individu se intensie om ander seer te maak nie. Slagoffers of teikens vir dié aggressie word nie vooraf gekies nie, en is ewekansig daarby betrokke. Hierdie vorm van aggressie word veral onder kinders met aandagtekortversteurings of aandagtekorthiperaktiwiteitversteurings waargeneem. Hulle aggressie kan gewoonlik toegeskryf word aan hoë vlakke van opwetting en bedrywigheid.

- **Impulsiewe aggressie.** Hierdie vorm van aggressie vind skielik plaas sonder enige teken of voorloper. Impulsiewe aggressie word geassosieer met irritasies of lang periodes van passiwiteit. Die aggressiewe episodes is van korte duur.
- **Affektiewe aggressie.** Affektiewe aggressie spruit voort uit toestande van intense woede, en is emosioneel belaai. Wraaksug of self-beskerming dien as motivering vir hierdie vorm van aggressie. Hierdie aggressie kan tot geweld lei en destruktief wees vir beide die oortreder as die slagoffer. Affektiewe aggressie word veral deur mishandelde kinders getoon.
- **Predatoriese aggressie.** Predatoriese aggressie kom meestal onder adolessente en volwassenes voor, en word veral geassosieer met paranoia. Hierdie individue interpreteer neutrale sosiale gedrag op hulle gerig as intensionele gedrag wat daarop uit is om hulle seer te maak. Hulle beskou sosiale verhoudings as “sameswerings”. Die aggressie wat hulle toon is deeglik beplan en daarop gemik om wraak te neem. Elemente van ‘n predatoor-prooi verhouding kom hierin na vore.
- **Instrumentele aggressie.** Hierdie vorm van aggressie is die mees algemeenste vorm van aggressie onder kinders. Instrumentele aggressie word gebruik om ander te intimideer, te verneder, en om ander te dwing tot sekere gedrag. Die behoefte onderliggend aan hierdie aggressie is om sosiale beheer en dominansie te bekom, en word ook geassosieer met sosiopatiese neigings.

Kinders met antisosiale gedragspatrone, soos aggressie en afknouery, toon gewoonlik instrumentele aggressie.

Volgens Pepler en Craig (2000:5) verander die tipe aggressie en die verhouding konteks waarbinne dit plaasvind soos kinders groter word. Die volgende tabel is deur hulle saamgestel en dien as riglyn vir die tipe aggressie wat deur elke ouderdomsgroep getoon word, asook die teikengroep waarop die aggressie gerig is:

Tabel 2.1: Die vorme van aggressie volgens die onderskeie ontwikkelingsfases

Vorme van aggressie volgens die ontwikkelingsfases			
Vorme van aggressie	Kinderjare (4-9jaar)	Vroeë adolessensie (10-13 jaar)	Laat adolessensie (14-18 jaar)
Verbaal	Portuur: gelyke geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag
Fisies	Portuur: gelyke geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag
Boelie gedrag	Portuur: gelyke geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag
Sosiaal		Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag
Seksuele teistering		Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag	Portuur: gelyke geslag Portuur: teenoorgestelde geslag
“Date violence”			Romantiese verhoudings
Bende gedrag			Skool en gemeenskap
Misdadigheid			Skool en gemeenskap

Boeliegedrag verwys na die gesamentlike misbruik van mag en aggressie.

Pepler en Craig (2000:5) is van mening dat kinders nie sulke gedrag net ontgroei nie. Indien kinders dit aangeleer het om aggressie te gebruik as ‘n manier om mag te bekom, dié aangeleerde gedrag oorgedra kan word na verskeie kriminele gedrag soos seksuele teistering, “date violence”, bende aanvalle, huweliks-, kinder- en bejaarde mishandeling. Pepler en Craig (2000:5) stel die kontinuum van aggressiewe gedrag soos volg voor:



Die navorser is van mening dat indirekte boeliegedrag 'n vorm van passiewe aggressie is. Passiewe aggressie is wanneer 'n kind passief en soms dwarstrekkerig optree in interpersoonlike verhoudings. Veral wanneer die situasie gekenmerk word aan stress en frustrasie. 'n Passiewe aggressiewe persoon sal nie ander direk konfronteer nie, maar sal die kind terugkry deur hom indirek 'seer' te maak of 'n ongemak te skep. Die kind word dan moeilik geblameer as die oortreder.

Afknouery kan verskeie vorme aanneem. Volgens Bezuidenhout en Joubert (2003:36) kan boeliegedrag fisies, verbaal, relasioneel, emosioneel en/of seksueel van aard wees. Sullivan (2000:11) verduidelik dat alhoewel daar 'n onderskeid tussen fisiese en emosionele boeliegedrag gemaak kan word, hy van mening is dat beide fisiese en nie-fisiese boeliegedrag emosionele dimensies insluit. Emosionele misbruik verwys na die stelselmatige vernedering van 'n kind wat intensioneel en/of onbewustelik gepleeg kan word. Die doel van emosionele misbruik is om die slagoffer se siening van homself te verlaag. Sy selfbeeld neem dus af en hy voel onwaardig vir respekte, vriendskappe, liefde en aanvaarding aldus Fried en Fried (1996:45).

Seksuele en rasse teistering word ook as afknouery beskou indien dit gedoen word met die oogmerk om die slagoffer te verneder (Smith, et al., 2004:6). Volgens Fried en Fried (1996:55) kan seksuele misbruik in twee kategorieë verdeel word, naamlik nie-fisiese seksuele misbruik en fisiese seksuele misbruik. Nie-fisiese seksuele misbruik verwys na ekshibisionisme, voyeurisme, seksuele teistering en verbale proposisies, seksuele prente en aantekeninge en die verspreiding van seksuele gerugte. Fisiese seksuele misbruik word verdeel in seksuele aktiwiteite waarby penetrasie (byvoorbeeld verkragting) betrokke is, óf dit kan geen penetrasie insluit nie soos byvoorbeeld seksuele betasting. Seksuele misbruik kan dus fisiese, verbale en emosionele aspekte insluit (Vergelyk Fried & Fried, 2003:25 en Orpinas & Horne, 2006:24).

Bezuidenhout en Joubert (2003:36) dui die verskillende vorme van boeliegedrag, en hoe dit op direkte en indirekte wyses manifesteer, soos volg aan:

Tabel 2.2: Verskillende vorme van boeliegedrag en hoe dit manifesteer

<b>Boeliegedrag</b>	<b>Direkte aksies</b>	<b>Indirekte aksies</b>
<b>Fisiese misbruik</b>	Slaan Boks Skop Stamp Stoot Byt Knyp Spoeg Hare trek Skiet Steek	Moedig ander leerlinge aan om die slagoffer aan te val of seer te maak.
<b>Verbale misbruik</b>	Terg Beledigings Name noem	Aanmoediging van ander leerlinge om die slagoffer te beledig of te terg. Dit sluit ook die verspreiding van kwaadwillige stories in.
<b>Relasionele misbruik</b>	Dreigemente	Die slagoffer word opsetlik uit groepsaktiwiteite uitgesluit.
<b>Emosionele misbruik</b>	Terrorisering Vernedering Korruptsie	Aanmoediging van ander leerlinge om die slagoffer te verneder of te terroriseer.
<b>Seksuele misbruik</b>	Aanraking Penetrasie Teistering	Die boelie verwys deurentyd na seksuele dade, of vertel deurentyd grappe wat seksueel van aard is.

Volgens Sullivan (2000:11-13) kan boeliegedrag ook op sekere kinders gerig word weens die feit dat hulle oor sekere eienskappe beskik. Na aanleiding daarvan identifiseer hy die volgende vorme van afknouery:

- **Rassistiese afknouery.** Rassistiese afknouery is gewoonlik gerig op persone wat deel uitmaak van 'n minderheidsgroep. Die boelie maak dus misbruik van sy mag en maak gebruik van fisiese of emosionele boeliegedrag met die doel om seer te maak of pyn te veroorsaak. Sullivan beskryf dit as wanneer rasisme en boeliegedrag mekaar ontmoet.
- **Afnouery van kinders met spesiale behoeftes.** Navorsing het bewys dat kinders met spesiale behoeftes 'n groter risiko staan om 'n boelie te wees of deur ander geboelie te word. Drie moontlike redes hiervoor is dat leerprobleme of enige ander gebreke kinders meer kwesbaar maak, hulle skakel minder goed in by die res van die klas, en indien hul gedragsprobleme ervaar en aggressief optree, hulle meer vatbaar is daarvoor om uitdagende slagoffers te word.
- **Seksuele voorkeur afknouery.** Hierdie groep verwys na afknouery wat gerig is op persone as gevolg van hul seksuele voorkeur, byvoorbeeld homoseksuele persone. Volgens Fried en Fried (2003:102) is homofobiese opmerkings 'n nuwe dimensie van boeliegedrag wat deesdae algemeen onder seuns voorkom. Die navorsers is van mening dat hierdie kategorie deel uitmaak van seksuele afknouery.

Tattum, Tattum en Herbert (in Tattum, 1993:9) maak ook melding van fisiese, verbale en uitsluitende boeliegedrag, maar noem dat afknouery deur middel van gebare en afpersings kan plaasvind. *Gebare* kan seksuele of racistiese konnotasies bevat, of dit kan as 'n dreigement dien vir 'n fisiese bakteiery. Boelies kan van *afpersing* gebruik maak om "betaling" van hul slagoffer te ontvang in die vorm van toebroodjies, 'n sakrekenaar, ensovoorts. Die navorsers is van mening dat gebare deel uitmaak van indirekte fisiese boeliegedrag, terwyl afpersing onder relasionele boeliegedrag val.

‘n Boelie stel sy teiken op ‘n herhaalde wyse bloot aan verskeie vorms van direkte en indirekte boeliegedrag. Boeliegedrag kan fisies, emosioneel, relasioneel, verbaal, seksueel en rassisties van aard wees. Fisiese mishandeling word grootliks geassosieer met boeliegedrag weens die feit dat fisiese aanvalle vinnig opgemerk word en daar tussenbeide getree word. Die gebruik van wapens soos gewere en messe, kom tans meer algemeen onder fisiese afknouery voor wat ernstige gevolge tot gevolg kan hê. Seksuele boeliegedrag is ‘n verskynsel wat toenemend onder skoolleerders plaasvind. Dit kan verskeie vorme aanneem en kan gevolglik nie maklik opgemerk word nie. Alhoewel hierdie vorm van afknouery hoofsaaklik deur seuns teenoor meisies getoon word, is die gebruik van homofobiese taal algemeen onder seuns. Die gebruik van seksuele afknouery onder meisies moet ook nie uitgesluit word nie.

## 2.5 OORSAKE VAN BOELIEGEDRAG

Die kind wat ander afknou se destruktiewe gedragspatroon word oor ‘n langtermyn periode aangeleer en ontwikkel vanweë ‘n blootstelling aan situasies waartydens aggressie in sosiale interaksies gebruik is (Walker, et al., 2004:245). Fried en Fried (1996:28) verduidelik dat die omgewing tuis ‘n belangrike rol speel by die aanleer en ontwikkeling van aanvaarbare en nie-aanvaarbare gedrag, soos aggressie. Hulle noem ook dat sommige kinders ‘n predisposisie tot aggressiewe gedrag het weens genetiese faktore.

Olweus (1994:35) is van mening dat daar drie moontlike sielkundige redes is wat die oorsprong van boelies se gedrag kan wees. **Eerstens** toon die boelie die behoefte tot mag en dominansie. Sullivan (2000:31) verduidelik dat boelies mag daaruit kry deur een kind voor ander te boelie. Die waarnemers maak dus deel uit van die dinamika van die situasie. **Tweedens** dra hul opvoeding by tot die ontwikkeling van ‘n gevoel van vyandigheid teenoor hul omgewing. Hierdie gevoel het tot gevolg dat hulle ander seermaak en bevrediging daaruit kry.

**Derdens** vind die boelie baat uit sy afknouerige gedrag, soos om die slagoffers te verplig om vir hom byvoorbeeld geld of sigarette te gee.

Floyd (in Fried & Fried, 1996:88-89) noem dat kinders wat boelie meer geneig is om self 'n slagoffer van mishandeling te wees. Boelies voel bedreig deur kinders wat kwesbaar voorkom, omdat dit hulle herinner aan hul eie viktimisasie en die gepaardgeende skuldgevoelens en vernedering. Sekere kinders staan 'n groter risiko om boelies of die slagoffers van boelies te word. 'n Kind se betrokkenheid by afknouery kan nie vooruit bepaal word nie, maar hang af van 'n kombinasie van die betrokke individu se ervarings op verskeie gebiede, soos onder andere hulle individuele, familiële, skool en portuur ervarings. Pepler en Craig (2000:6) noem sekere eienskappe en faktore wat moontlik tot afknouerige gedrag en viktimisering kan bydra:

Tabel 2.3: Faktore wat aanleiding mag gee tot afknouerige gedrag en viktimisasie van kinders

Faktore	Afnouery	Viktimisering
<b>Individuele eienskappe</b>	Hiperaktiwiteit, aandag probleme, en 'n moeilike temperament	Angstige temperament en sosiale ont trekking
<b>Faktore in die gesin</b>	Aggressiewe gedrag tuis, oneffektiewe ouerskap, stres in die gesin	Oorbeskermde ouers, stress in die gesin
<b>Portuur faktore</b>	Aggressiewe portuurlede, verwerping, en marginalisering	Verwerping, isolasie, marginalisering, en reputasie
<b>Skool faktore</b>	Ignoreer antisosiale gedrag, inkonsekwente gevolge, vervreemde interaksies	Gebrek aan herkenning, kommunikasie, en openhartigheid ten opsigte van hul viktimisasie

Fried en Fried (1996:7-8) sluit by Pepler en Craig se faktore aan, maar voeg by dat gemeenskaplike en kulturele faktore ook boeliegedrag kan beïnvloed:

1. **Individuele faktore** soos persoonlikheidseienskappe, fisiese eienskappe van die kind, en die kenmerkende gedrag van die kind (soos aggressiewe of passiewe), affekteer 'n kind se interaksie met ander op 'n positiewe of negatiewe wyse. Volgens Olweus (1993:40) speel 'n kind se temperament 'n groot rol in die ontwikkeling van aggressiewe gedrag.
2. **Gesinne** verskil in terme van hoeveel ouers by die huis is, die ouerskapstyle wat gevolg word, die mate van emosionele ondersteuning wat aan gesinslede gebied word, en die mate van konflik en spanning wat in die huis ervaar word. Volgens Fried en Fried (2003:71-73) is die band tussen die primêre versorger en 'n twee-tot driejarige kind baie belangrik. Indien die kind in daardie tyd verwaarloos word, het dit ernstige gevolge op die kind se brein en psigososiale ontwikkeling. Die ontwikkeling van empatie, vertroue en wederkerigheid ly gevvolglik ook daaronder. Olweus (1993:39) is van mening dat 'n negatiewe gesindheid, 'n gebrek aan liefde en betrokkenheid van 'n ouer, aanleiding gee tot vyandige en aggressiewe gevoelens onder seuns. Gesinsfunksionering kan ook deur ander faktore soos armoede, kroniese siektes en alkoholmisbruik geaffekteer word. Al hierdie faktore beïnvloed kinders en word in hul interaksies met ander oorgedra.
3. Kinders word beïnvloed deur verskeie faktore by die **skool**, soos onder meer die klasgrootte en die dissipline wat by die skool toegepas word. Fried en Fried (1996:24) verduidelik dat geweld by skole toeneem soos die klasgetalle groter word. Volgens hulle is daar verskeie navorsers wat van mening is dat aggressie met oorbevolking, anonimitet en 'n groter sin van vervreemding verband hou. Die skoolklimaat kan ook aggressiewe gedrag onder die leerders aanmoedig of ontmoedig.
4. Die **gemeenskap** verwys na die gebied waarin die kind, die gesin en die skool hulle bevind. Verskeie faktore in die gemeenskap beïnvloed kinders, soos byvoorbeeld die sosio-ekonomiese status van die gemeenskap, of dit 'n

landelike of stedelike gemeenskap is, en die gemeenskap se sienings en houdings.

5. **Kultuur** speel 'n groot rol in elke kind se sosiale verhoudings. Die betrokke kultuur se uitkyk oor die gebruik van geweld, seksisme en rasisme is voorbeeld van kulturele faktore wat 'n invloed het op interpersoonlike verhoudings.

Afknouery is 'n komplekse sosiale probleem wat nie aan 'n enkele oorsakende faktor toegeskryf kan word nie. Dit is 'n vorm van 'n aggressiewe gedragspatroon wat by die kind ontwikkel het weens sy lewenservaring en blootstelling aan verskeie risiko faktore. Boeliegedrag kan egter 'n biologiese oorsprong hê, so sorg moet geneem word dat kinders nie vir verkeerde redes as boelies geëtiketteer word nie. 'n Kombinasie van individuele, gesins, skool, gemeenskaps en kulturele faktore kan tot die ontwikkeling van 'n boelie bydra. Al hierdie faktore moet dus in ag geneem word by die voorkoming van aggressie onder kinders. Hierdie faktore is nie konstant nie, is interafhanglik van mekaar en beïnvloed mekaar deurlopend.

## 2.6 DIE VERBAND TUSSEN BOELIEGEDRAG EN GESLAG

Kinders van beide geslagte kan boelies wees. Meisies kan beide die slagoffer of die boelie wees, terwyl seuns egter meer geneig is om boelies te wees (Fried & Fried, 1996:21).

Die gebruik van *direkte* boeliegedrag, soos om te slaan of te skop, is meer algemeen onder seuns, waar meisies meer geneig is om subtiele en indirekte vorms van boeliegedrag te gebruik (Olweus, 1994:19). Fried en Fried (1996:94) het egter bevind dat fisiese konfrontasies onder meisies meer gereeld begin plaasvind. Alhoewel indirekte vorms van afknouery ook 'n algemene verskynsel onder seuns is, is seuns meer geneig om die oortreders en slagoffers van direkte afknouery te wees.

Volgens Maccoby (in Olweus, 1994:19) word seuns se sosiale verhoudings meer gekenmerk aan aggressie en rowwe gedrag. Interpersoonlike konflik tussen seuns word gewoonlik ook opgelos deur fisies met mekaar te baklei (Osler & Vincent 2003:75). Fried en Fried (2003:101) is egter van mening dat fisiese bakleiery nie meer onder seuns geduld word nie en wanneer bakleiery opgemerk word, daar vinnig tussenbeide getree word. Die gevolg hiervan is dat die aggressie op ander wyses aan uiting gegee word, soos deur verbale seksuele afknouery. Die voorkoms van fisiese boeliegedrag onder seuns is aansienlik laer as die voorkoms van verbale seksuele boeliegedrag soosveral homofobiese opmerkings, byvoorbeeld moffie en “fag” (Fried & Fried, 2003:99).

Fisiese sterkte speel nie so groot rol by meisies soos onder die seuns nie. Seuns wat fisies sterk is, is meer populêr as seuns wat fisies swak is. Populariteit is ook geneig om ‘n seun se risiko om geboelie te word te verlaag weens die feit dat hy vir homself teen ander kan opstaan (Olweus, 1994:37). Fried en Fried (1996:28) verduidelik dat indien seuns groot word sonder die teenwoordigheid van ‘n vaderfiguur, hulle ander manlike figure as plaasvervangende rolmodelle aanneem. Die gevolg hiervan is dat hierdie seuns helde van televisieprogramme en flikeks se gedrag as ‘n voorbeeld van manlikheid, naboots. Manlikheid en aggressie word dus met mekaar verwarm.

Meisies is meer geneig om van indirekte vorms van afknouery gebruik te maak en word dus so ook meer blootgestel aan indirekte afknouery (Vergelyk Olweus, 1994:18 en Fried & Fried, 1996:94). Die Bergen studie (in Olweus, 1994:18-19) se resultate het bevind dat meisies in baie gevalle egter wel deur seuns geboelie word. Meer as 60 persent van die slagoffers wat meisies was, is deur seuns geboelie. Bykans 15-20 persent van meisies wat slagoffers was, is deur seuns en meisies gesamentlik geboelie. In teenstelling is 80 persent van die seuns wat slagoffers was, deur seuns geboelie.

Meisies word van kleins af geleer dat dit onaanvaarbaar is om aggressie direk of fisies uit te druk. Die gevolg hiervan is dat meisies nie hul aggressiewe gevoelens wil erken nie en 'n onvermoë toon vir die hantering daarvan (Fried & Fried, 2003:95). Meisies maak dus nie van geweld gebruik om konflikte op te los nie, maar sal eerder mekaar verstoot en van verbale katterigheid of sogenaamde "bitchiness" en emosionele boeliegedrag gebruik maak (Vergelyk Fried & Fried, 1996:94 & 21 en Osler & Vincent, 2003:76 & 95). Volgens Fried en Fried (2003:95) verwys sekere navorsers daarna as *relasionele aggressie*. Sosiale verhoudings word dus gebruik as wapen (byvoorbeeld, "Ek gaan nie jou vriendin wees as jy met haar gesels nie"), óf vir die uitdrukking van aggressie deur uitsluiting (byvoorbeeld wanneer die groep maats nie vir die slagoffer plek maak om by hulle te sit nie).

Die kenmerkende boeliegedrag wat deur meisies getoon word, word in die kurrikulum rakende Lewensoriëntering soos volg uiteengesit:

Tabel 2.4: Kenmerkende boeliegedrag en die aksies daar rondom

<b>Boeliegedrag</b>	<b>Aksie</b>
Skinder	Kwaadwillige stories word oor die slagoffer versprei. Die stories is onwaar en daar is geen besliste oorsprong nie.
Rol van oë	Die boelie rol gewoonlik haar oë terwyl die slagoffer met haar direk praat, of as sy klaar gepraat het.
Aangluur	Die slagoffer word aangegluur as sy praat, verby stap, of raakgesien word.
Giggel en agter hul hand praat	Die boelies giggel of praat openlik agter hulle hand as die slagoffer verby stap.
Persoonlike aanmerkings	Die boelies maak herhaaldeleike opmerkings soos byvoorbeeld "wanneer

	was jy weer jou hare?” terwyl daar niks met die slagoffer se hare fout is nie.
Uitsluiting/vermyding	Die boelies sluit die slagoffer uit groepsaktiwiteite uit, veral as sy talent op daardie gebied toon, byvoorbeeld wanneer daar groepe vir sport gekies word en die slagoffer kan vinnig hardloop, word sy nie gekies nie al verloor die groep.

(Lewensoriëntering, Gauteng Departement van Onderwys: 2003:76)

Vanuit die bogenoemde tabel is dit duidelik dat meisies meer geneig is om van verbale, emosionele en relasionele boelieggedrag gebruik te maak. Meisies se boelieggedrag fokus op sosiale verhoudinge, en hul onvermoë om kwaai gevoelens en aggressie te hanteer maak dat hulle aan relasionele aggressie uiting gee. Seuns aan die ander kant is meer gemaklik om aan aggressiewe gevoelens uiting te gee. Hulle gee hoofsaaklik uiting aan hul aggressiewe gevoelens deur hul slagoffers fisies, verbaal en/of seksueel af te knou.

## 2.7 SLAGOFFERS VAN BOELIEGEDRAG

Alhoewel daar in hierdie studie gefokus word op die kind wat ander afknou en boelieggedrag, is dit steeds belangrik om ook die slagoffers van boelieggedrag te bespreek, aangesien daar reeds vroeër opgemerk is dat die kind wat ander afknou soms ook 'n slagoffer van ontoepaslike optrede of gedrag in sy lewe is, en die hantering van boelieggedrag dikwels by die identifisering van die boelie se eie slagofferstatus kan begin.

Die term *slagoffer* word in resente bronne vervang met die term *teiken*. Die rede hiervoor is dat slagoffer magteloosheid impliseer (Orpinas & Horne, 2006:20). Deur die woord teiken te gebruik beteken dit dat die slagoffer wel die aanslag sal oorleef en dus 'n sogenaannde “survivor” kan wees. Die navorsers ondersteun

hierdie keuse, maar maak gebruik van slagoffer in haar navorsing weens die algemene gebruik en herkenbaarheid van die woord onder ouers, onderwysers en ander kundiges.

Slagoffers van boeliegedrag word gekenmerk aan fisiese swakheid, asook angstige reaksie patronen. Alhoewel kinders met meer talente, selfvertroue, vasberadenheid en populariteit se risiko om 'n slagoffer van afknouery te word laer is, kan hulle ook soms geboelie word (Vergelyk Hazler, 1996:50 en Fried & Fried, 1996:99). Alle slagoffers toon nie dieselfde eienskappe nie, maar daar is sekere eienskappe wat meer geneig is om onder die slagoffers voor te kom. Hierdie eienskappe maak dit moontlik om potensiële slagoffers te identifiseer, ondersteuning aan hulle te bied, en so moontlike viktimisering te voorkom. Hazler (1996:49- 53) noem die volgende as kenmerkend van slagoffers:

- Slagoffers is geneig om magteloos voor te kom en hulle is meer geneig om te glo dat mag buite hul beheer is. In sulke gevalle tree slagoffers passief of passief-aggressief op. Slagoffers is geneig om hulself te isolateer as 'n poging om die probleemsituasies te hanteer, en dit het tot gevolg dat hul persoonlike ontwikkeling daaronder lei en so tot in volwassenheid oorgedra word (Hazler, 1996:52-53).
- Ontoereikende verbale en sosiale vaardighede (Hazler, 1996:52).
- Depressie kom algemeen onder slagoffers van afknouery voor. 'n Rede hiervoor is dat hulle nie in beheer van die situasie voel nie en nie weet hoe om meer beheer oor die situasie te verkry nie (Hazler, 1996:48). Hulle ervaar gevoelens van persoonlike onvolwaardigheid en mislukking (Hazler, 1996:49).
- Slagoffers word gekenmerk aan lae interpersoonlike mag en beheer. Die gevolg hiervan kan wees dat die slagoffer homself blameer en homself straf. Hy verkry dus 'n mate van mag en beheer wat hy nie andersins sou nie. Die algemene straf wat slagoffers hulself toedien is fisiese self-mutilasie, selfmoord of deur hulself sleg te sê aldus Hazler (1996:49).

Volgens Olweus (1993:32, 56) is die volgende eienskappe ook kenmerkend van slagoffers:

- Slagoffers is gewoonlik meer onseker en angstig in vergelyking met ander leerders. Hulle het 'n lae opinie van hulself en hul situasie. Hulle voel onaantreklik, dom en soos 'n mislukking.
- Nog 'n kenmerk van slagoffers is dat hulle eensaam is met geen of baie min maats. Hulle is nie aggressief en tergend nie, en het 'n negatiewe uitkyk op die gebruik van aggressie en geweld. As hulle seuns is, is hulle gewoonlik fisies swakker as ander seuns.
- die kind is bang om seer te kry ("body anxiety"), en is fisies oneffektief in sport en speelaktiwiteite,
- hulle het swak fisiese koördinasie;
- die kind is sensitief, skaam, passief, teruggetrokke, en huil maklik;
- die kind vind dit soms makliker om met onderwysers en volwassenes om te gaan as met sy portuurgroepslede;
- die kind se skoolprestasies kan goed, gemiddeld of swak wees.

Smith en Sprague (in Walker, et al., 2004:244) is van mening dat slagoffers van afknouery in twee groepe verdeel kan word. Eerstens die **passiewe-onderdanige** ("passive-submissive") slagoffers. Hulle gedrag en houdings word gekenmerk aan onsekerheid, angstigheid en waardeloosheid, met die gevolg dat hulle nie sal weerwraak neem indien hulle aangeval of beseer word nie (Olweus, 1994:32). Hierdie slagoffers tree gewoonlik onderdanig en vermydend teenoor die boelie op, en op dié manier word die boelie se gedrag versterk. En tweedens die **uitdagende** ("provocative") slagoffers wat aggressief en tergend teenoor die boelie optree, en as gevolg van hul emosionele reaksies weer eens daartoe bydrae dat die boelie se gedrag versterk word. Volgens Olweus (1993:58) is seuns meer geneig om uitdagende slagoffers te wees. Olweus noem dat die uitdagende slagoffers oor die volgende eienskappe beskik:

- hulle het kort humeure en veg terug indien hulle aangeval of beleidig word (gewoonlik nie baie suksesvol nie);

- hulle kan hiperaktief, aanstootlik en rusteloos wees, met swak konsentrasie;
- hulle kan irriterende gewoontes toon en onhandig wees;
- onderwysers en ander volwassenes hou nie altyd van hulle nie; en
- hulle sal dalk daarin poog om ander swakker kinders te boelie (Olweus, 1993:58).

Garret (2003:21) verduidelik dat die kind wat afgeknou gewoonlik meer kwesbaar is as die gemiddelde kind van sy ouderdomsgroep. Die slagoffer is meer sensitief daarvoor om gespot te word, beskik oor fisiese en/of sielkundige eienskappe wat sy kwesbaarheid om geboelie te word verhoog, en hy beskik nie oor die vermoë om homself toereikend teen die boelie te beskerm nie. Die gevolg hiervan is dat die slagoffer se mag en beheer oor 'n situasie verminder word (Hazler, 1996:48). Afknouery lei daar toe dat die slagoffer geëtiketteer word volgens sy minder goeie eienskappe. Die etikette wat aan hul toegeskryf is, word geinternaliseer met die gevolg dat hulle dit begin glo en daar toe begin opleef, en hulle selfbeeld en selfvertroue gevvolglik begin afneem (Hazler, 1996:50).

Perry (in Fried & Fried, 2003:37) het bevind dat slagoffers oor die volgende drie kenmerke beskik wat hul kwesbaarheid verhoog:

- Hulle is meer geneig daar toe om die boelie vir sy gedrag te "beloon".
- Hulle is nie geneig om die boelie te straf deur weerwraak te neem nie.
- Hulle wys hul gevoelens van ellende met die gevolg dat die boelie weet dat hulle op die slagoof se senuwees werk.

Fried en Fried (2003:38) voeg hierby dat slagoffers geneig is om te "ontploff" wanneer hulle geboelie word. Hulle verwys hierna as die "Cry, Comply, Deny, Fly of the Handle Syndrome".

Die slagoffers van boelieg gedrag word meestal geselekteer weens die feit dat hulle oor sekere eienskappe beskik. Slagoffers word geassosieer met

magteloosheid, 'n angstige reaksie patroon, en eienskappe wat "anders" as die normale is. Hulle beskik oor lae sosiale vaardighede met die gevolg dat hul min maats het en meer geïsoleerd voorkom. Sommige slagoffers, veral seuns, kan egter uitlokkend teenoor die boelie optree en aanleiding gee tot hul eie afknouery. Ander slagoffers sal hul gevoelens probeer onderdruk of op hulself rig deur byvoorbeeld self-mutilerende gedrag te toon of selfmoord te pleeg.

## **2.8 NEGATIEWE GEVOLGE VAN BOELIEGEDRAG**

Kinders is unieke wesens en elke kind sal afknouery verskillend ervaar. Afknouery wat deur een kind as baie erg ervaar word, word dalk nie so erg deur 'n ander kind ervaar nie aldus Osler en Vincent (2003:76).

Rigby (in Sullivan, 2000:21) het bevind dat meisies gevoelens van hartseer ervaar indien hulle geboelie word. Seuns aan die ander kant is meer geneig om kwaad te word. Navorsing het bevind dat meisie slagoffers meer langdurige negatiewe effekte op boeliegedrag toon as seuns. Osler en Vincent (2003:94) is van mening dat 'n moontlike rede hiervoor is dat meisies meer klem op vriendskappe en sosiale netwerke plaas, met die gevolg dat hulle die afknouery meer hewig as seuns ervaar. Meisies word soos volg negatief beïnvloed:


Tabel 2.5: Negatieve ervarings na aanleiding van boeliegedrag deur meisies

KENMERKE	GEVOLGE
Selfbeeld	Lae selfbeeld Negatieve selfbeeld Verwrone selfbeeld
Selfvertroue	Geen waagmoed Selfvertroue neem af Voel minderwaardig

Vriendskap	Word meer introvert Wantrouig teenoor mense Vrees vriendskappe
Akademie	Studieprobleme Lae prestasies Lae verwagtinge
Toekomsdrome	Depressief Glo nie in self nie Voel nikswerd

(Lewensoriëntering, Gauteng Departement van Onderwys: 2003:76)

Garret (2003:21) verduidelik dat die negatiewe gevolge van afknouery op die slagoffer se selfbeeld langtermyn van aard is en daartoe lei dat die slagoffer homself van skool en aktiwiteite onttrek, óf hy begin aggressiewe gedrag toon in 'n poging om weerwraak te neem. Sullivan (2000:32) is van mening dat alhoewel die slagoffer die ergste deur boeliegedrag geraak word, dit ook 'n invloed op ander groepe en individue het. Hy verduidelik die invloed van boeliegedrag soos volg:



Figuur 2.2: Skematische voorstelling van die invloed van boeliegedrag op die kind en ander partye

- **Vlak 1: Die slagoffer.** Die een wat geboelie word is die direkte ontvanger van fisiese en nie-fisiese boeliegedrag.
- **Vlak 2: Die ouers en gesin.** Die ouers en gesin sien die effek wat die boeliegedrag op hul kinders het en voel hartseer, kwaad en seergemaak. Hulle word as die sekondêre slagoffers beskou

- **Vlak 3: Die waarnemers.** Die waarnemers word ook beïnvloed deurdat hul miskien bang, onveilig en skaam kan voel. Sommige waarnemers kan dalk selfs aangetrek word deur sulke gedrag.
- **Vlak 4: Ander by die skool.** Die totale portuurgroep word deur boeliegedrag geraak en voel onveilig by die skool.
- **Vlak 5: Die gemeenskap.** Boeliegedrag vind hoofsaaklik by die skool plaas, maar indien dit nie aangespreek word nie, kan die boelies met hul gedrag voortduur in die gemeenskap, soos na skool, op straat, by winkels of selfs by 'n jeugbyeenkoms.

Boeliegedrag het negatiewe gevolge vir beide die slagoffer en die boelie. Die boelie toon aggressiewe gedrag en verkry sodoende sosiale beheer oor die situasie, hulle kry hulle eie wil, en hulle domineer en verneder ander. Hierdie positiewe versterkings is egter net van korte duur. Aggressiewe gedrag het 'n groot impak op ander kinders. Hulle vind dit afstootlik, met die gevolg dat hulle die aggressiewe kind verwerp of probeer vermy (Patterson, Capaldi & Bank, 1991:148).

Die sosiale omgewing van 'n skool word ook beïnvloed deur boelies deurdat 'n atmosfeer van vrees onder leerlinge geskep word, die leerlinge se vermoë om te leer belemmer word, en dit tot gevolg het dat kinders meer antisosiale gedrag begin toon (Garrett, 2003:7). Hieruit kan sekere gesondheidsprobleme ontwikkel. Pepler en Craig (2000:8) assosieer sekere gesondheidsprobleme met boelies en hul slagoffers in die volgende tabel:

Tabel 2.6: Gesondheidsprobleme wat boelies en slagoffers van boelies openbaar

<b>Boelie</b>	<b>Slagoffer</b>
Eksterne gerigte probleme, soos gedragsversteurings	Interne gerigte probleme, soos depressie
Aggressiewe of gewelddadige gedrag	Angstigheid

Misdadigheid	Somatiseringsprobleme
Seksuele teistering van ander	Onttrekkende gedrag
Akademiese probleme en skool uitvalle	Aggressiewe of gewelddadige gedrag
Intern gerigte probleme, soos angs	Victimisering deur seksuele teistering
Victimisering	Word geëtiketteer deur portuurgroep as iemand wat gevictimiseer kan word
Negatiewe portuur reputasie	Skool verbande probleme, soos swak konsentrasie, skool uitvalle en swak prestasies
Probleme duur voort tot in volwassenheid	

Daar kan kortliks saamgevat word dat nie net die slagoffer deur boeliegedrag beïnvloed word nie. Medeleerlinge vind aggressiewe gedrag as afstootlik met die gevolg dat die boelie verwerp word en min maats het. Hulle is gewoonlik onbewus van ander leerders se negatiewe gevoelens teenoor hulle, en beskik nie oor die sosiale vaardighede om hulle sosiale verhoudings te verbeter nie. Boeliegedrag is nie slegs 'n sosiale probleem wat deur leerders geraak word nie, maar die negatiewe effekte daarvan kring uit na die gemeenskap, ouers en gesinslede, en toeskouers.

## 2.9 BOELIEGEDRAG EN ANTISOSIALE GEDRAG

Antisosiale gedrag verwys na enige gedrag wat nadelig of skadelik vir die gemeenskap is, soos byvoorbeeld misdaad (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997:26). Aggressiewe gedrag en afknouery gedrag is beide vorms van antisosiale gedrag (Walker, et al., 2004:3). Olweus (1993:35) is van mening dat afknouery 'n komponent van 'n antisosiale gedragspatroon is. Sullivan (2000:13) meen dat alhoewel boeliegedrag antisosiaal is, dit nog nie kriminele gedrag is nie. Antisosiale gedrag kan innerlik of uiterlik gerig wees. Innerlike antisosiale

gedrag wys na probleme wat na binne die kind gerig is soos depressie, fobies en sosiale vermyding. Boeliegedrag, en so ook aggressie, is gedrag wat na buite gerig is, met ander woorde dit is gerig na die eksterne sosiale omgewing (Walker, et al., 2004:3).

Daar word onderskei tussen twee tipes antisosiale gedrag, koerste en overte (openlike) antisosiale gedrag. Koerste antisosiale gedrag word gekenmerk aan geheimhouding en onderduimsheid, en die gedrag word gerig op:

- die beskadiging van eiendom (vandalisme, steel, brandstigting),
- op hulself (dwelmmisbruik),
- of op beide.

In teenstelling is overte antisosiale gedrag gerig op ander persone. Gedrag kenmerkend hiervan is viktimisering en konfrontering van ander, aggressiewe gedrag teenoor ander, en die gebruik van dwang om hul sin te kry of om ander te forseer tot onderdanigheid (Walker, et al., 2004:11, 27).

Antisosiale gedrag handel oor aggressie en dit kan verbaal, fisies en/of deur gebare uitgedruk word. Mense is sosiale wesens en min mense gaan deur die lewe sonder om een of ander tyd 'n vorm van antisosiale gedrag te toon (Walker, et al., 2004:15). Walker, et al. (2004:18) is van mening dat die meeste antisosiale kinders bekend is daarvoor dat hulle kinders boelie.


Walker (2004:245) is van mening dat die moontlikheid bestaan dat boeliegedrag ontwikkel vanaf, en begin deur kinders kwaadwillig te terg en uit te lok. Hiertydens word die boelievaardighede ingeoefen en verfyn, en neem dit geleidelik toe. Bandura (in Olweus, 1994:35) is van mening dat aggressiewe gedrag in baie situasies positief versterk word deurdat die oortreder daarvoor beloon word in die vorm van "aansien".

Loeber en Farrington (in Walker, et al., 2004:4) beskou antisosiale gedrag as 'n voorloper vir toekomstige kriminele gedrag. Antisosiale gedrag vorm die eerste

fase in 'n drie-fase progressie vanaf ontwrigtende gedrag, tot ernstige jeug oortredings. Die drie fases is soos volg:

- Fase 1: Antisosiale of ontwrigtende gedrag
- Fase 2: Jeugmisdaad
- Fase 3: Ernstige of gewelddadige jeugmisdadigheid

Die drie fases word deur die navorsers grafies in 'n piramiede voorgestel. Die rede hiervoor is dat, in ooreenstemming met die vorm van 'n piramiede, die navorsers van mening is dat nie alle kinders wat antisosiale of ontwrigtende gedrag toon as gewelddadige oortreders of kriminele persone sal opeindig nie.



Figuur 2.3: Fases in die ontwikkeling van kriminele gedrag by kinders

Patterson, DeBaryshe en Ramsey (2000:338) sluit hierby aan en stel die progressiewe ontwikkeling van antisosiale gedrag soos volg voor:

*Swak ouerlike toesig → Kinder gedragsprobleme → Verwerping deur portuurlede en akademiese mislukkings → Verbintenis tot 'n kriminele groep → Misdadigheid*

Boeliegedrag is 'n ernstige sosiale probleem wat nadelig is vir die totale gemeenskap. Alhoewel boeliegedrag nog nie kriminele gedrag is nie, word dit gekenmerk aan 'n antisosiale gedragspatroon wat kan voortduur tot in volwassenheid en in misdaad kan manifesteer.

## **2.10 SAMEVATTING**

Boeliegedrag is 'n komplekse sosiale probleem wat wêreldwyd onder skoolgaande leerlinge voorkom. Die skoolterrein is die mees algemene plek waar kinders hul skuldig maak aan boeliegedrag. Boeliegedrag kan verskeie direkte en indirekte vorme aanneem wat deur beide geslagte gepleeg kan word en versterk word deur die "aansien" wat hul daardeur verkry. Boeliegedrag is 'n komponent van 'n antisosiale gedragspatroon wat, indien dit nie vroegtydig aangespreek word nie, kan lei tot kriminaliteit onder die jeug. Die slagoffer, boelie en die gemeenskap word negatief deur boeliegedrag beïnvloed. In hoofstuk drie word die Gestalt perspektief as teoretiese verwysingraamwerk vir die studie bespreek ten einde 'n holistiese beeld ten opsigte van boelies en boeliegedrag te vorm.

Die volgende hoofstuk fokus op die Gestalt perspektief. Die teoretiese konsepte en doelwitte van die Gestalt perspektief sal breedvoerig bespreek word.

## **HOOFSTUK 3**

### **DIE GESTALT PERSPEKTIEF AS TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE STUDIE**

#### **3.1 INLEIDING**

In hoofstuk 2 is 'n bespreking van die aard en omvang van die kind wat ander afknou en sy gedrag gebied. Dit is egter noodsaaklik om 'n teoretiese verwysingsraamwerk waarbinne 'n duidelike omskrywing van hoe empiriese bevindinge vertolk sal word, te bied. Die Gestaltbenadering sal as hierdie raamwerk aangebied word waarvolgens die empiriese bevindinge beskryf gaan word. Die uitgangspunte van die Gestaltbenadering, asook die verskillende Gestalt konsepte, word beskryf.

Die rationaal vir seleksie van die Gestaltbenadering is weens die humanistiese aard van die benadering en die feit dat dit proses-georiënteerd te werk gaan. Die proses-georiënteerde ingesteldheid van die benadering sluit aan by die funksionele denkraamwerk waarbinne boelies en boeliegedrag in Hoofstuk 2 beskryf is.

Die fokus van die Gestaltbenadering word gelê op geïntegreerde organismiese funksionering ten opsigte van alle aspekte van die organisme – sintuiglik, liggaamlik, emosioneel en intellektueel. Die fundamentele beginsels van die Gestaltbenadering het hul oorsprong in die psigoanalitiese teorie, Gestalt sielkunde, humanistiese perspektief, sowel as die fenomenologie, veldteorie, en eksistensialisme. Binne die konteks van hierdie studie lê die Gestaltbenadering klem op die kind se bewussyn in die hede en sy onmiddelike ervaring (Vergelyk Clarkson, 1989: 3 en Blom, 2004:2).

### **3.2 DEFINIERING VAN GESTALT**

*Gestalt* is ‘n duitse term met geen ekwivalente term in die Engelse of Afrikaanse taal nie. Gestalt kan op ‘n eenvoudige wyse omskryf word as ‘n geheel wat meer is as die soms van sy onderskeie dele (Vergelyk Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997:127 en O’Leary, 1992:10). Clarkson (1989:1) beskryf die konsep as:

*“...the shape, the pattern, the whole form, the configuration. It connotes the structural entity which is both different from and much more than the sum of its parts”.*

Blom (2004:3) verduidelik dat *Gestalt* verwys na ‘n geheel wat meer is as die som van sy onderskeie dele, wat oor ‘n sekere mate van struktuur beskik en as ‘n geheel herkenbaar bly solank die verhouding tussen die onderskeie saamgestelde dele bly voortbestaan. Volgens O’Leary (1992:10) word elke individu as ‘n eenheid beskou wat saamgestel is uit verskeie interafhanklike dele. Die kind kan dus nie beskryf word deur slegs een deel te analyseer nie. Die kind bestaan op grond van die interafhanklikheid van die onderskeie faktore, en kan dus slegs op grond daarvan beskryf word. Perls (in O’Leary, 1992:10) beskou individuele gedrag as ‘n manifestasie van sy geheel. Dit beteken dat die kind se gedrag net so veel inligting oor hom weergee as wat hy sê, voel of dink.

Ingersoll (2005:137-138) verduidelik dat die verhouding tussen die onderskeie saamgestelde dele en die omgewing deurlopend besig is om te verander. Die doel van Gestaltterapie is die integrasie van die onderskeie dele sodat die kind as ‘n totale organisme kan funksioneer en self-ondersteunend kan optree (Vergelyk Clarkson, 1989:1 en O’Leary, 1992:10).

Volgens die navorsers kan die dele van mekaar onderskei word, maar kan nie in afsondering funksioneer nie. Gestaltterapie fokus daarop om die gefragmenteerde kind te help om die onderskeie dele van sy samestelling te integreer sodat hy as ‘n

totale eenheid kan funksioneer. Volgens O’Leary (1992:10) sal ‘n voltooide gestalt groei en psigiese gesondheid bevorder.

*Gestalt* hou verband met die term holisme wat as een van die teoretiese konsepte van die Gestaltbenadering bespreek gaan word.

### **3.3 TEORETIESE KONSEPTE VAN DIE GESTALT PERSPEKTIEF**

#### **3.3.1 HOLISME**

Die term ‘holisme’ is deur die Suid-Afrikaner, Jan .C. Smuts, ontwikkel (Clarkson, 1989:8). Fritz Perls was geïnteresseerd in Smuts se werk en dit het ‘n groot invloed op die ontwikkeling van die Gestaltteorie gehad. Die konsep *holisme* word as een van die belangrikste teoretiese konsepte in die Gestaltbenadering beskou.

Yontef en Jacobs (2000:304) is van mening dat alle humanistiese teorieë oor die mens se persoonlikheid, holisties van aard is. Dit beteken dat alle kinders selfregulerend en groei-geörienteerd is, en dat kinders en hul gedrag nie sonder die inagneming van hul omgewing, verstaan kan word nie.

Holisme kan omskryf word as wanneer ‘n lewende wese as ‘n geheel beskou, en as ‘n geheel bestudeer word (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997:147). Elke kind is meer as die som van sy onderskeie eienskappe, gedrag, en persepsies (Korb, Gorrell & Van De Riet, 1989:9). Alle bewuste en onbewuste ervarings, gedrag, taal, en denke is onafskeidbaar (Clarkson, 1989:17-18).

Volgens Perls (in Blom, 2004:10) is ‘n organisme ‘n eenheid, beide in homself en in die omgewing. Passons (in Clarkson, 1989:14) verduidelik dat:

*“A person is part of his or her environment and cannot be understood apart from it”.*

Elke kind is 'n holistiese entiteit wat saamgestel is uit verskeie komponente wat die liggaam, siel en gees voorstel. Emosies, taal, denke, gedrag, die liggaam en geestelike aspekte kan van mekaar onderskei word, maar kan volgens die Getaltteorie geensins van mekaar geskei word nie. Hierdie onderskeie komponente is interafhanklik en beïnvloed mekaar. Indien die kind dus 'n emosie ervaar, dit met sekere fisiologiese en psigologiese reaksies gepaardgaan (Blom, 2004:10). 'n Kind bestaan ook nie in afsondering nie, maar maak deel uit van 'n unieke sisteem, byvoorbeeld sy gesin en familie, en *omgewing*, byvoorbeeld sy kultuur. Die omgewing en sisteem is konstant besig om te verander en affekteer op sy beurt weer die kind.

'n Gesonde organisme funksioneer as 'n eenheid in homself en met sy omgewing, en is self-regulerend.

### **3.3.2 ORGANISMIESE SELFREGULERING/ HOMEOSTASE**

In die Gestaltbenadering word 'n individu beskou as 'n *totale organisme*. Die woord *organisme* verwys na 'n totale lewende wese, wat biologiese en sielkundige strukture, prosesse en funksies insluit (Korb, et al., 1989:22). Volgens die Gestalt perspektief word alle organismiese gedrag gereguleer deur 'n homeostatiese of selfregulerende proses (Blom, 2004:11). Elke mens het die natuurlike ingesteldheid om die *self* te reguleer (Clarkson, 1989:18).

Die *self* word gedefinieer as die sisteem van kontakte en die agent van verandering (Latner, 1992:41). Die *self* se funksie is om kontak te maak. Die *self* bestaan waar kontak tussen die *self* en die ander plaasvind. Die *self* is nie 'n vaste struktuur nie en is voortdurend besig om te verander. Die grens tussen die *self* en ander is deurlaatbaar en buigbaar sodat omruiling kan plaasvind, maar terselfdetyd is die grens ferm sodat outonomiteit behoue kan bly (Blom, 2004:19).

Die terme organismiese selfregulering en homeostase word soms as sinonieme gebruik. Organismiese selfregulering verwys na wanneer 'n individu balans in homself behou deur die bevrediging van sy behoeftes. Homeostase is die proses waartydens organismiese balans gehandhaaf word (Vergelyk Clarkson, 1989:18 en Plug, et al., 1997:147). Alle gedrag word beheer deur die proses van homeostase. Volgens Yontef en Jacobs (in Blom, 2004:11) behels die selfregulerende proses dat die kind identifiseer met sy eie emosies, sintuiglike gewaarwordings, behoeftes, oortuigings en waarnemings. Met ander woorde die kind moet bewus wees en weet van sy eie behoeftes en dit besit voordat selfregulering kan plaasvind. Korb, Gorell en Van De Riet (1989:11) noem dat behoeftes 'n ongemak by die organisme skep totdat die behoeftes suksesvol bevredig is en groei kan plaasvind. Behoeftes kan fisies, emosioneel, sosiaal, spiritueel of intellektueel van aard wees. Hierdie behoeftes kan van buite die kind, met ander woorde die omgewing, of van binne die kind bevredig word (Blom, 2004:11).

'n Individu kan op dieselfde tydstip meer as een behoeftes ervaar. 'n Gesonde organisme sal die mees dominante behoeftes identifiseer en daaraan aandag gee. Blom (2004:13) noem ook dat die omgewing nie altyd oor die nodige hulpbronne beskik sodat behoeftes suksesvol bevredig kan word nie, maar dat die kind selfregulerend sal optree met die hulpbronne wat op daardie oomblik beskikbaar is. Perls (in Blom, 2004:13-14) verduidelik dat dit soms nodig is vir 'n individu om selfregulering te inhibeer ten einde sy eie en ander se belangte in ag te neem. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n kind baie kwaad is en homself daarvan weerhou om moord te pleeg.

Selfregulering kan op een van twee maniere plaasvind, naamlik interne en eksterne selfregulering. Interne selfregulering is 'n ingebore eienskap van elke individu en is 'n spontane en natuurlike proses. In teenstelling word eksterne selfregulering op die kind afgedwing vanuit sy omgewing met die gevolg dat dit nie natuurlik en spontaan plaasvind nie (Blom, 2004:12). Aronstam (in Blom, 2004:12)

is van mening dat die natuurlike proses van interne selfregulering deur eksterne selfregulering gestuur word. Die gevolg hiervan is dat die kind fragmenteer en dat onvoltooide gestalte vorm.

Kinders maak ook gebruik van organismiese selfregulering ten einde hulle behoeftes te bevredig. Deur die suksesvolle bevrediging van behoeftes op die kind se voorgrond, word organismiese balans verseker. Organismiese balans is noodsaaklik vir 'n kind se gesonde funksionering.

Die navorser is van mening dat boelies in 'n staat van wanbalans verkeer weens die onsuksesvolle bevrediging van behoeftes. Dit is soms nodig vir 'n kind om aggressiewe gedrag te toon ten einde aan 'n sekere behoefte te voldoen. Oaklander (1988:207) is van mening dat 'n kind nie oornag aggressief word nie, maar dat aggressie geleidelik by 'n kind toeneem. Die kind toon voortdurend behoeftes waarop volwassenes nie reageer nie en wat sodoende nie bevredig word nie. Die kind begin oordrewe gedrag toon in 'n poging om aandag na homself te trek. Hierdie gedrag, wat soms as antisosiaal deur volwassenes beskou word, is 'n desperate poging wat deur die kind aangewend word om sosiale relasies te bewerkstellig. Die kind beskik nie oor die vermoë om sy ware gevoelens op 'n ander wyse te kommunikeer nie. Probleemgedrag word dan deur die kind getoon in 'n poging om sy onvoltooide behoeftes te bevredig en sy balans te herstel.

'n Boeliesituasie word gekenmerk aan die misbruik van mag. Die boelie "kies" slagoffers wat swakker en meer kwesbaar voorkom. Die navorser meen dat die boelie juis só te werk gaan ten einde 'n sekere behoefte te bevredig. Deur ander af te knou, voel die boelie in beheer van die situasie en in beheer van die slagoffer. Die moontlikheid bestaan dat die boelie buite beheer voel in ander situasies in sy lewe, en dat hy boelieggedrag toon in 'n poging om beheer terug te kry en sy balans te herwin. Die boelie se behoefte word egter nie suksesvol deur boelieggedrag bevredig nie en die homeostase wat volg op boelieggedrag is net van korte duur.

### 3.3.3 KONTAKMAKING

Kontak is 'n kern idee in die Gestaltbenadering (Clarkson, 1989:34). Interaksie tussen die self en die interne of eksterne omgewing word *kontak* genoem (Korb, et al., 1989:32-33). Kontak op beide die interpersoonlike en intrapersoonlike vlak is belangrik (Korb, et al., 1989). Interpersoonlike kontak vind plaas tussen die self en ander individue, en intrapersoonlike kontak is kontak tussen die kind en aspekte van hom-/haarself. Clarkson (1989:34) verduidelik dat daar kontak gemaak kan word met objekte, aspekte van die natuur, mense, diere, herinneringe en beelde.

'n Gesonde organisme funksioneer as 'n geheel - sintuiglik, liggaamlik, emosioneel en intellektueel. Vir 'n organisme om as geheel te funksioneer, moet hy in kontak wees met die self en met die omgewing. Kontak behels dat die kind bewus moet wees van sy emosies, sensasies, houdings, behoeftes, asook van sy veld. Om in kontak met die self en die omgewing te wees, beteken om te groei en te verander.

Kontak vind plaas op die grens tussen die self en die omgewing (Clarkson, 1989:34). Die *kontakgrens* is die plek waar die ontmoeting tussen die self en ander, of tussen die self en die omgewing plaasvind. Tydens kontak definieer die kind sy *self* in verhouding tot die omgewing, met ander woorde dit *is-ek* en dit is *nie-ek* (Korb, et al., 1989:32). Die kontakgrens het twee funksies, naamlik dat dit kontak tussen individue moontlik maak, maar terselfdetyd 'n skeiding tussen die twee individue te handhaaf (Blom, 2004: 19). Die belangrikste eienskappe van die kontakgrens is identifikasie en vervreemding, wat verwys na die proses waartydens die kind onderskei tussen aspekte wat sy eie is en dié wat vreemd is. Met ander woorde die self en die nie-self. Aspekte binne die kontakgrens is eie aan die kind terwyl apekte buite die kontakgrens as vreemd ervaar word (Blom, 2004:20). 'n Gesonde grens word gekenmerk aan buigbaarheid en half deurdringbaarheid, en:

- dit behels en verskaf 'n gevoel van identiteit,


- en dit maak uitruiling moontlik (gee en ontvang) (Blom, 2004:19).

Deur gesonde kontakmaking word behoeftes bevredig en vind groei plaas. Indien 'n grens onbuigbaar en ondeurdingbaar is, voorkom dit groei en verkeer die betrokke individu in *isolasie* (Blom, 2004:19).

'n Individu maak kontak met sy eksterne omgewing deur middel van sy sintuie – tas, sig, reuk, gehoor en smaak. Deur dus gesonde kontak te bewerkstellig, moet die kind aandag gee aan sensoriese inligting (Korb, et al., 1989:39).

In die Gestaltbenadering vind kontak in vier fases plaas. Hierdie fases is voor-kontak, kontak, finale-kontak, en na-kontak. **Voor-kontak** verwys na die proses waartydens 'n gevoel van opgewondenheid na vore tree en die figuur/agtergrond proses begin. Die liggaam word as die agtergrond beskou en die opwinding (byvoorbeeld 'n behoefte van hongerte) as die figuur. Die **kontak** fase word gekenmerk aan kontak tussen die self en die omgewing sodat die behoefte bevredig kan word. Die omgewing word vir verskeie moontlike oplossings geëksplloreer en die organisme moet die gepaste een kies sodat die behoefte suksesvol bevredig kan word. Die gekose oplossing (byvoorbeeld kos) word nou die figuur terwyl die behoefte na die agtergrond verskuif. In die **finale-kontak** fase word die kontak die figuur terwyl die omgewing en die liggaam die agtergrond vorm. Die volle self is betrokke in 'n spontane kontakmaking met die omgewing. Bewustheid is hoog en die self is ten volle teenwoordig op die kontakgrens. Omruiling vind tussen die kind en sy omgewing plaas wat groei en ontwikkeling tot gevolg het. Die laaste fase is **na-kontak**. Kontak het klaar plaasgevind en die self onttrek van die kontakgrens en assimilasie kan plaasvind. Assimilasie kan beskryf word as die proses waartydens die organisme een of ander aspek van die omgewing inkorporeer (Plug, et al., 1997:30). Assimilasie vind onwillekeurig en onbewustelik plaas (Lobb, 2005:31-32).

Clarkson (1989:5-7) beskryf *figuur* as die behoefte wat op die oomblik die betekenisvolste vir die organisme is. *Grond* verwys na die agtergrond van die organisme se ervaring op 'n spesifieke oomblik. Indien die organisme daarin slaag om sy behoefte (figuur) suksesvol te bevredig, word die Gestalt voltooi en beweeg die figuur na die agtergrond. Die organisme verkeer dan in 'n staat van rus totdat 'n nuwe behoefte (figuur) weer na die voorgrond tree. Clarkson (1989:29-36) stel Gestalt formasie in 'n siklus van sewe fases voor:



Figuur 3.1: Die siklus van Gestalt formasie volgens Clarkson (1989)

➤ **Fase een: Onttrekking of organismiese rus**

Die organisme verkeer in 'n staat van homeostase of balans nadat 'n behoefte suksesvol bevredig is. 'n Gestalt is voltooi en daar is geen figuur op die voorgrond nie.

➤ **Fase twee: Sensasie (voor-kontak)**

Die organisme se homeostase word versteur deur interne of eksterne behoeftes wat daarna streef om bevredig te word. 'n Figuur kom geleidelik of skielik na vore vanuit die 'grond' na die 'voor-grond'.

➤ **Fase drie: Bewuswording (voor-kontak)**

Die organisme raak geleidelik of skielik bewus van 'n nuwe behoefte. Die organisme raak bewus van die behoefte deur middel van sy sintuie of proprioseptore. Hoe dringender die behoefte is, hoe duideliker en spoediger sal die organisme optree.

➤ **Fase vier: Mobilisering (kontak)**

Die bewuswording van die behoefte word gevolg deur opgewondenheid en mobilisering van die self en hulpbronne. Hierdie fase word gekenmerk aan emosionele en fisiologiese opgewektheid sodat energie gebruik kan word om die behoefte te bevredig deur verskeie moontlikhede. Die organisme se motoriese sisteem is reg vir optrede en sy sintuie is oop sodat inligting vanuit die omliggende omgewing verkry kan word.

➤ **Fase vyf: Aksie (kontak)**

Die organisme selekteer of verwerp moontlikhede om sy behoeftte te bevredig. Nadat 'n keuse uitgevoer is kies en implementeer die organisme die toepaslike aksie om tot behoeftte bevrediging oor te gaan.

➤ **Sesde fase: Finale kontak**

Organismes maak kontak deur middel van hul motoriese en sensoriese funksies op die grens tussen die self en die omgewing of ander. Die kwaliteit van die kontak bepaal in watter mate die behoeftte bevredig word en die Gestalt voltooi is.

➤ **Sewende fase: Bevrediging (na kontak)**

Hierdie fase verwys daarna dat 'n behoeftte voldoende bevredig is en dat die Gestalt voltooi is. Die kind ervaar organismiese bevrediging. Tydens hierdie fase vind vertering en assimilasie plaas en die organisme kan die gedeeltes wat nie voedsaam is nie, verwerp en "uitspoeg".


Die organisme verkeer weer terug na 'n toestand van rus of ekwilibrium waarna die figuur formasie siklus van vooraf begin. Organismiese selfregulering vind onbewustelik en herhaaldelik op 'n daaglikse basis plaas (Blom, 2004:16).

Gesonde kontakmaking word belemmer deur verskeie kontakgrensversteurings. Kontakgrensversteurings verwys na die graad van openheid of geslotenheid van die kind se grens. Kontakgrensversteurings kom voor wanneer die organisme nie meer in staat is tot bewuswording nie en sodoende nie kan reageer op hul behoeftes en die suksesvolle bevrediging daarvan nie. Die gevolg hiervan is onvoltooide Gestalte (Blom, 2004:21). Die navorsers is van mening dat boelies nie in staat is tot gesonde kontakmaking nie weens die teenwoordigheid van een of meer kontakgrensversteurings.

Verskeie kontakgrensversteurings naamlik introjeksie, projeksie, samevloeiing, defleksie, retrofleksie, desensitasie en egotisme word in die literatuur onderskei (Vergelyk Blom, 2004:20-31 en Clarkson, 1989:51-57). Selwyn (1994:154-169) maak egter ook melding van isolasie as kontakgrensversteuring. Daar gaan vervolgens 'n kortlikse beskrywing van elkeen van hierdie kontakgrensversteurings gegee word, aangesien dit binne die konteks van Gestalt die optrede van die kind wat ander afknou, mag verklaar.

### 3.3.3.1 INTROJEKSIE

Introjeksie verwys na die proses wanneer 'n individu (in hierdie geval 'n kind), dinge (introjekte) vanuit sy omgewing opneem sonder om daaroor te reflekteer. Die voedsame en toksiese aspekte van die introjek word dus nie in ag geneem nie. Die kind se eie opinie word prys gegee en ander se standpunte aanvaar sonder enige teenstribbeling (Blom, 2004:23). Introjekte verwys na idees, houdings, gedrag, menings, oortuigings en veronderstellings oor *wie* en *wat* die kind is, hoe hy moet wees, en hoe hy moet optree. Selwyn verduidelik 'n introjek soos volg:



Figuur 3.2: Introjeksie soos aangepas vanuit Fitton (in Selwyn, 1994: 17)

Organismes neem dinge in en assimileer dié wat kongruent met hul behoeftes is. 'n Gesonde organisme sal dit wat nie kongruent met hul behoeftes is nie, elimineer. Introjekte verwys na dié dinge wat nie deur die kind geassimileer en geëlimineer is nie, en sodoende vreemd en ongeprosesseerd bly (Blom, 2004:22). Die introjekte druk die self na die agtergrond met die gevolg dat die self terugtrek en kleiner word. Die self staan dan bekend as die "underdog" en word oorheers deur die introjekte wat as die "topdog" bekend staan (Selwyn, 1994:17). Assimilasie en eliminasie maak dus organismiese selfregulering moontlik wat op sy beurt weer groei en ontwikkeling tot gevolg het (Selwyn, 1994:16).

Volgens Selwyn (1994:15) is jong kinders kwesbaar vir introjeksie weens die feit dat hulle geen of baie min bewustheid van die self as 'n aparte entiteit het. Daar bestaan nie duidelike grense tussen die kind en hul omgewing nie, en die kind se self beskik nog nie oor die vermoë om in alle behoeftes te voorsien nie. Alle idees en oortuigings betree die kind se grens sonder dat hy enige kan elimineer of verwerp. Hierdie toksiese introjekte vorm die "topdog" terwyl die self die rol van die "underdog" vervul (Selwyn, 1994:17). Weens die feit dat die kind nie meer in kontak met homself is nie, word die proses van organismiese selfregulering versteur. Behoeftes word gevold nie suksesvol bevredig nie en onvoltooidhede ontwikkel (Clarkson, 1989:52).

Alhoewel sommige introjekte gesond is en groei tot gevolg het, byvoorbeeld wanneer 'n kind sosiaal aanvaarbare gedrag aangeleer word, is die meeste introjekte ongesond en in konflik met die self, organisme en organismiese selfregulering (Korb, et al., 1989:56).

Volgens die navorsers is introjeksie een van die kontakgrensversteurings wat algemeen onder boelies voorkom. Introjekte word op verskeie maniere vanuit hul omgewing opgeneem. Selwyn (1994:22) noem dat introjeksie deur middel van modellering, dissipline, ouerskapstyle en etikettering kan plaasvind:

- Modellering.

Kinders kan aggressiewe gedrag aanleer deur die media, deur betekenisvolle persone se gedrag na te boots, of selfs deur hul gemeenskap wat gekenmerk word aan geweld en aggressiewe dade. Eron en Heusmann (in Fried en Fried, 2003:34) het bevind dat die waarneming van aggressie in die werklike lewe of op televisie, die positiewe versterking van aggressiewe gedrag, en om die ontvanger van aggressiewe gedrag te wees, ideale omstandighede vir die aanleer van aggressiewe gedrag is. In resente navorsing is daar bevind dat die verband tussen gewelddadige video speletjies en aggressie sterker is as die verband tussen aggressie en gewelddadige televisie programme (Fried en Fried, 2003:20). Die impak van video speletjies moet dus nie onderskat word nie.

Selwyn (1994:24) verduidelik dat indien 'n kind in 'n gesin grootword waar die pa byvoorbeeld gewelddadig teenoor die ma optree, die kind sulke gedrag as voorbeeld sien van hoe 'n man teenoor sy vrou moet optree. Aggressiewe huislike omstandighede kan ook aanleiding gee tot intense gevoelens by die kind. Die kind kan gemengde gevoelens van vrees, liefde en kwaadheid teenoor sy pa ervaar. Die kind sal heel waarskynlik hierdie gevoelens onderdruk wat weer op sy beurt kan aanleiding gee tot probleemgedrag.

Die media beeld op menige kere die gebruik van geweld en aggressie ter oplossing van probleme uit. Kinders neem hierdie gedrag waar en gaan probeer hierdie gedrag uit in hul omgewing. Hierdie gedrag word positief en negatief versterk deur die verskeie reaksies wat dit ontlok.

- Ouerskapstyle, dissipline en kultuurreëls.

Volgens die navorsing kan ouerskapstyle kinders leer dat sekere gevoelens verkeerd, onvanpas en ongeldig is. Die gevolg hiervan is dat die kind nie leer om sy emosies te hanteer en gevolglik uitdrukking daaraan te gee nie.


Blom (2004:23-24) verduidelik dat kultuurreëls kinders, op grond van hulle geslag, leer watter gedrag as aanvaarbaar en nie-aanvarbaar beskou word. ‘n Seun mag byvoorbeeld aggressiewe gedrag toon terwyl ‘n meisie nie mag kwaad word nie. Meisies mag huil en hartseer wees, terwyl seuns sulke gevoelens moet onderdruk.

- Etikettering.

Volgens Selwyn (1994:22) is ‘n gesin geneig om hulself en elke gesinslid te definieer. ‘n Voorbeeld hiervan is “Niemand sal met ons mors nie!” en ”Pieter is ‘n stout kind”. Hierdie etikettering het tot gevolg dat die gesinslede daartoe opleef óf heeltemal die teenoorgestelde gedrag toon. Die navorsers is van mening dat kinders met probleemgedrag vinnig by hul huise en by skole negatief geëtiketteer word.

### 3.3.3.2 PROJEKSIE

Projeksie kan beskryf word as wanneer ‘n individu sekere eienskappe, houdings en gedrag aan ander, die omgewing of ‘n objek toeskryf waарoor die kind eintlik self beskik (Korb, et al., 1989:56). Selwyn (1994:46, 50) is van mening dat die kind gedagtes, gevoelens, houdings en opinies wat hy nie as sy eie besit nie, met ander woorde introjekte, op ander projekteer. Die introjekte vertel die kind wat hy is en hoe hy moet optree. Die ware self word dus na die agtergrond verskuif en die kind verkeer in ‘n toestand van verwarring. Die kind weet nie wie hy is en wat sy eie self is nie en hy projekteer gevolglik sonder dat hy daarvan bewus is. Clarkson en Mackewn (in Blom, 2004:24) verduidelik dat projeksie veral gebruik word wanneer kinders geleer is dat sekere persoonlikheidseienskappe, emosies of gedrag onaanvaarbaar is. Die proses kan grafies soos volg verduidelik word:



Figuur 3.3: Projeksies soos aangepas vanuit Fitton (in Selwyn, 1994: 50)

Die kind waarop die projeksie gerig is is slegs 'n objek, sonder enige gevoelens en gedagtes. Ware kontak vind nie plaas tussen die projektor en die kind waarop die projeksie gerig is nie (Selwyn, 1994:46). Die projektor is nie in kontak met homself nie en ken nie sy ware self nie. Deur te projekteer word verantwoordelikheid verskuif na die omgewing, 'n objek of na 'n ander persoon, en ontken die kind sy eie persoonlike ervaring. Kinders vertel leuens en ontken hul emosies omrede hulle oor te min egosterkte beskik om verantwoordelikheid vir hulle eie aksies te neem (Blom, 2004:24). Oaklander (in Blom, 2004:24) verduidelik dat kinders hul brose self probeer beskerm deur van hulle emosies te projekteer eerder as om dit te besit. Deur te projekteer word ander verantwoordelik gehou vir emosies of gedrag waарoor die kind self nie verantwoordelikheid wil aanvaar nie.

'n Individu kan positiewe en negatiewe eienskappe op ander projekteer (Clarkson, 1989:53). 'n Positiewe projeksie is soos wanneer 'n kind met ander simpatiseer, of wanneer kuns deur kunstenaars geskep word (Vergelyk Korb, et al., 1989:57 en Clarkson, 1989:53).


Boelies maak gebruik van projeksie op verskeie wyses. Die introjekte vertel die boelie dat sy aggressiewe gedrag verkeerd is en dat hy nie so mag voel nie. Die

boelie projekteer sy aggressiewe gevoelens op 'n ander kind. Hierdeur word die verantwoordelikheid vir sy emosies en gedrag op ander geplaas. Die boelie regverdig sy gedrag deur vir ander die skuld te gee dat hulle eerste aggressief was (Orpinas & Horne, 2006:19). Volgens die navorsing projekteer boelies ook eienskappe, houdings en emosies op die slagoffers waарoor hulle eintlik self beskik en waarvan hulle nie hou nie.

### **3.3.3.3 SAMEVLOEIING**

Samevloeiing kan beskryf word as wanneer daar nie 'n grens tussen die kind en sy omgewing bestaan nie (Blom, 2004:25). Twee individue se grense oorvloeи met mekaar, met die gevolg dat hulle onderskeie houdings, gevoelens en oortuigings saamsmelt en nie van mekaar onderskei kan word nie. Die kind funksioneer as 'n eenheid (Clarkson, 1989:55). Wanneer 'n individu in 'n toestand van samevloeiing verkeer, gaan sy sin van self en eie identiteit verlore (Korb, et al., 1989:60). Latner (1992:37) verduidelik dat daar geen kontak tydens samevloeiing plaasvind nie en dat daar geen onderskeid tussen die twee individue in samevloeiing ervaar word nie.

Oaklander (in Blom, 2004:26) verduidelik dat indien kinders van samevloeiing gebruik maak as 'n kontakgrensversteuring, hulle 'n lae sin van self openbaar. Hierdie kinders vind dit moeilik om keuses uit te oefen en staan gewoonlik bekend as "*pleasers*". Die proses van samevloeiing kan soos volg verduidelik word:



Figuur 3.4: Samevloeiing soos aangepas uit Fitton (in Selwyn, 1994:147)


In 'n terapeutiese verhouding kan samevloeiing as positief ervaar word en staan dit bekend as die "I-thou" verhouding. Dit verwys na wanneer daar ware en gesonde kontak, en so die samevloeiing van energie, tussen twee individue plaasvind. Die "I-thou" verhouding vind oombliklik plaas en kan nie vooruit beplan word nie (Korb, et al., 1989:61).

Volgens die navorsers is boelies in samevloeiing met hul omgewing. Hulle kontakgrens is so deurlaatbaar dat hulle geensins 'n onderskeid tussen die *self* en die *nie-self* kan maak nie. Boelies is nie in kontak met hulself nie en beskik sodoende oor 'n lae sin van self. Hulle tree op volgens hul introjekte wat tot gevolg het dat positiewe kontak met ander nie kan plaasvind nie. Dit is ook die navorsers se ondervinding dat boelies graag wil help en ander tevrede wil stel.

### 3.3.3.4 DEFLEKSIE

Defleksie is 'n onbewuste vermydingsmeganisme (Vergelyk Selwyn 1994:130 en Korb, et al., 1989:60)). Blom (2004:28) verduidelik dat defleksie plaasvind

wanneer 'n individu direkte kontak met ander vermy. Defleksie word gewoonlik deur 'n individu gebruik wanneer hy onaangename en steurende gevoelens of situasies wil vermy (Selwyn, 1994:131). 'n Voorbeeld van defleksie is wanneer 'n kind oogkontak met ander vermy tydens 'n gesprekvoering. Tydens defleksie is die kontak met 'n ander individu vaag, neutraal en word dit veralgemeen (Clarkson, 1989:51). Die kind vermy enige stimuli van homself of van die omgewing (Vergelyk Clarkson, 1989:52 en Blom, 2004:28). Enige gevoelens word onderdruk en vermy (Selwyn, 1994:135). Defleksie kan soos volg geïllustreer word:



Figuur 3.5: Defleksie soos aangepas uit Selwyn (1994)

Defleksie kan op verskillende maniere by kinders manifesteer. Volgens Oaklander (in Blom, 2004: 28-29) maak kinders van defleksie gebruik as 'n hanteringsmeganisme vir pynvolle ervarings deur woede uitbarstings te kry, of ander vorme van uitreagerende gedrag te toon, of deur te fantaseer en te dagdroom. Hierdie gedrag bied vir die kind 'n gevoel van die self en energie, maar dit is egter van korte duur. Blom (2004:29) verduidelik dat defleksie 'n negatiewe invloed het op kinders se bewustheid van die self. Die navorsers is van mening dat deflektiewe gedrag dus nie die suksesvolle bevrediging van behoeftes tot gevolg het nie en tot die vorming van onvoltooidhede bydra. Deur van defleksie gebruik te


maak, verminder die kind sy kontak met homself en die omgewing, en raak hy al hoe meer geïsoleerd van sy eie ervarings en van ander. Die kind se groei en ontwikkeling is gevvolglik beperk.

Selwyn (1994:131) verduidelik dat defleksie egter ook positief van waarde kan wees soos wanneer die kind van defleksie gebruik maak om homself te beskerm of om verleenheid te vermy.

Die navorser is van mening dat boelies aggressiewe gedrag toon as defleksie van hul ware gevoelens. Volgens Oaklander (1988: 206-207) toon kinders gewoonlik aggressiewe gedrag wanneer hulle intense gevoelens van kwaadheid, verwerping, onsekerheid, angstigheid en seerheid ervaar. Boeliededrag is die boelie se hanteringsmeganisme deurdat hy pynvolle emosies en ervarings wil vermy. Deur ander te boelie voel die boelie sterk en in beheer. Hierdie gevoelens is die teenoorgestelde van wat hy werklik voel en het ten doel om sy werklike gevoelens te onderdruk.

### **3.3.3.5 RETROFLEKSIE**

Retrofleksie is 'n intrapersoonlike proses wat plaasvind na aanleiding van introjekte (Selwyn, 1994:76). Retrofleksie verwys na wanneer 'n individu aan homself doen wat hy eintlik aan die omgewing of ander wil doen. Retrofleksie word deur die self aan die self gedoen (Vergelyk Selwyn, 1994:76 en Clarkson, 1989:53-54). Die energie wat normaalweg gebruik word om in aksie oor te gaan en kontak te maak, word na die self gerig (Korb, et al., 1989:58-59). Alle impulse en reaksies wat die kind voel hy nie aan kan uitdrukking gee nie, rig hy na homself. Ondraaglike gevoelens word onderdruk omdat die kind nie hul bestaan wil erken nie, óf omdat hy weet dat dit as onaanvaarbaar deur ander beskou word (Selwyn, 1994:73). Die kind sal nie aggressie teenoor sy ouer toon nie, maar dit eerder na homself rig en homself seermaak. Retrofleksiewe gedrag kan soos volg geïllustreer word:



Figuur 3.6: Retrofleksie soos aangepas uit Selwyn (1994)

Clarkson (1989: 53) verduidelik dat retrofleksie twee maniere kan aanneem. Eerstens wanneer 'n kind aan homself doen wat hy graag aan 'n ander persoon of objek wil doen, en tweedens wanneer 'n kind aan homself doen wat hy graag wil hê ander aan hom moet doen soos byvoorbeeld liefde en aandag. Die laasgenoemde kan as 'n vorm van self-ondersteunende gedrag aanneem wanneer dit nie met die kind se selfregulering inmeng nie.

Retrofleksie kan 'n positiewe vorm aanneem wanneer 'n kind sy emosies in toom hou tydens 'n klaskamer en eers later daarin uiting gee. Indien daar egter nie aan die teruggehoue emosie uiting gegee word nie, word retrofleksie weer negatief (Clarkson, 1989:59).

Volgens Clarkson (1989:54) word woede dikwels deur kinders geretroflekteer, aangesien hulle van jong af geleer word dat die uitdrukking daarvan verbode is. Wangedrag en psigosomatiese simptome by kinders kan 'n indikasie wees van retroflektiewe gedrag (Blom, 2004:27). Die kind maak gebruik van retroflektiewe gedrag in 'n poging om sy balans of homeostase te herstel of te handhaaf.

Volgens die navorsers word verskeie gevoelens deur boelies onderdruk. Gevoelens van verwering, kwaadheid, onsekerheid en seerheid. Schoeman (1996b:171)

verduidelik dat hulle nie hierdie intense gevoelens mag besit nie en dit gevvolglik onderdruk. Hierdie negatiewe energie word in sy liggaam gehou met die gevolg dat dit kan aanleiding gee aan psigosomatiese simptome soos maagpyn, hoofpyn, enkoprese, enurese, ensovoorts (Vergelyk Blom, 2004:27 en Schoeman, 1996b:171). Volgens Selwyn (1994:80-81) sal kwaai gevoelens wat onderdruk word in die self uiting soek met die gevolg dat die kind geïrriteerd, rusteloos en kwaadstokerig voel. Die proses van onderdrukking is egter nie altyd suksesvol nie. 'n Intense emosies soos kwaadheid "lek" uit deur middel van projeksie en word op enige beskikbare persoon of objek gerig (Selwyn, 1994: 80). Die boelie projekteer sy kwaai gevoelens na buite op ander vir wie hy nie werklik kwaad is nie.

### **3.3.3.6 DESENTISITASIE**

Desentisitasie vind plaas wanneer die kind enige sensasies en gevoelens van die self minag, minder maak as wat dit is, en verwaarloos. Emosies en sensoriese ervarings word ontken en daarvan weerhou om as 'n figuur op die kind se voorgrond te verskyn. Dit beteken dat die kind nie sensories of fisies in kontak met homself is nie (Vergelyk Clarkson, 1989:51 en Blom, 2004:30). 'n Sekere mate van desentisitasie is normaal, byvoorbeeld wanneer 'n atleet 'n blaas op sy voet ignoreer in 'n poging om die wedren klaar te maak (Clarkson, 1989:51).

Blom (2004:30) verduidelik dat kinders wat mishandel word of aan traumatisiese ervarings blootgestel is, hulself desentisiteer in 'n poging om hulself teen verdere seerkry te beskerm. Aangesien hierdie kinders nie in kontak is met hul sintuie of fisiese self nie, vind hulle dit dikwels moeilik om met hul emosies kontak te maak weens die feit dat hulle nie tussen hul fisiese en emosionele ervarings onderskeid kan maak nie.

Die navorsers meen dat boelies hulself wil beskerm deur hulself teen pynvolle herinneringe en emosies te desentisiteer. Desentisitasie beteken dat hulle nie sensories in kontak met hulself is nie, en daarvolgens nie in staat is tot emosionele

kontakmaking nie. Die primêre doelstelling van die Gestaltterapeutiese benadering is om die boelie se sensoriese en liggaamlike bewussyn te bevorder om hom sodoende weer in kontak met homself en met sy omgewing te bring. Dit het tot gevolg dat die boelie meer geïntegreerd sal funksioneer. Sy sin van self word versterk en hy tree meer selfondersteunend op.

### 3.3.3.7 EGOTISME

Clarkson (1989:54) beskryf egotisme soos volg:

*“Egotism is characterised by the individual stepping outside of himself and becoming a spectator or a commentator on himself and his relationship with the environment”.*

Clarkson en Mackewn (in Blom, 2004:31) beskou egotisme as 'n vermindering in spontaniteit deur doelbewus introspeksie te neem ten einde seker te maak dat daar geen gevaar, bedreiging of risiko bestaan nie. Volgens Blom (2004:31) beteken egotisme dat die kind sy ervarings op 'n objektiewe en rasionele bewustheidsvlak ervaar, maar nie op 'n subjektiewe of emosionele bewustheidsvlak nie. Egotisme is dus wanneer daar 'n ontmoeting op die kontakgrens plaasvind, maar geen kontak nie. Die kind is egter verdiep in sy eie bydrae in die ontmoeting. Hy fokus dus net op sy eie stem, gevoelens, denke en aksies in die kontakmakingsproses. Geen gee en neem vind tussen die twee individue plaas nie (Latner, 1992:39). Clarkson (1989:55) voeg hierby dat indien 'n individu oor chroniese egotisme beskik dit voorkom of hy in beheer is van homself. Hy laat homself egter nooit toe om spontaan te ervaar, te gee, of te ontvang nie.

Blom (2004:31) is egter van mening dat 'n sekere mate van egotisme onder omstandighede normaal kan wees. Gesonde egotisme laat die kind toe om objektief na homself en sy situasie te kyk. Die spontane optrede van die kind word

dus in sekere situasie onderdruk, sodat verantwoordelike keuses geneem kan word.

‘n Boelie-slagoffer verhouding is kenmerklik ‘n “I-it” verhouding wat beteken dat daar nie ware kontak plaasvind nie. Die verhouding is net ‘n middel tot ‘n doel – die bevrediging van ‘n behoefte. Die boelie is verdiep in sy eie bydrae tot die verhouding en gun homself nie om spontaan met ander kontak te maak nie. Egotisme beteken dat die boelie oor geen emosionele en subjektiewe bewustheid beskik nie.

### **3.3.3.8 ISOLASIE**

Wanneer ‘n individu sy *self* onttrek van kontakmaking met die omgewing, verkeer hy in isolasie (Selwyn, 1994:154). Die verklarende sielkunde woordeboek beskryf isolasie as ‘n verdedigingsmeganisme waardeur die kind sy herinneringe van sy emosies skei (Plug, et al., 1997:169). ‘n Voorbeeld van isolasie is wanneer ‘n kind aan depressie ly. Die kind het homself so onttrek van sy omgewing dat ‘n sonnige dag hom nie eers sal laat beter voel nie (Selwyn, 1994:155).

Isolasie kan positief en negatief van waarde wees. Wanneer ‘n individu die behoefte toon om tyd alleen te spandeer na ‘n besige dag, of wanneer isolasie gebruik word om homself te beskerm teen ondraaglike situasies, is dit positief van waarde. Isolasie is negatief van waarde wanneer dit ‘n gewoonte vorm en as hanteringsmeganisme gebruik word om verhoudings of die lewe te hanteer (Selwyn, 1994:154-155).

Selwyn (1994:155-156) is van mening dat isolasie en samevloeiing onderling aan mekaar verbind is. Deur samevloeiing ontken die kind sy ware self met die gevolg dat hy in isolasie bestaan. En ‘n individu wat van isolasie gebruik maak om homself te beskerm, maak van samevloeiing gebruik as ‘n meganisme om met ander individue om te gaan.

Die navorser is van mening dat boelies hulself onttrek van enige kontakmaking en sodoende in isolasie bestaan. Isolasie is hul verdedigingsmeganisme wat hul beskerm teen verdere seerkry. Weens die feit dat boelies in isolasie bestaan, maak hulle gebruik van samevloeiing wanneer hulle met ander kinders en volwassenes omgaan. Geen ware kontak vind tussen die boelie en sy omgewing plaas nie, met die gevolg dat organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie en die boelie gefragmenteerd funksioneer.

### **3.3.4 DIE “I-THOU” VERHOUDING IN GESTALT**

In die Gestaltbenadering word daar onderskei tussen “I-thou” en “I-it” verhoudings. Buber (in Korb, et al., 1989:113) verduidelik dat die “I-thou” verhouding gekenmerk word aan *teenwoordigheid*. Volgens Buber is die “I-thou” verhouding wanneer daar ‘n ooprechte ontmoeting tussen twee unieke organismes plaasvind wat mekaar se menslikheid repekteer. Blom (2004:54) voeg hierby dat die twee organismes tydens die “I-thou” verhouding mekaar as gelykes beskou en respekteer. In teenstelling vind die “I-it” verhouding plaas wanneer individue in objekte verander (in Clarkson, 1989:16-17). Die verhouding is dus net ‘n middel tot ‘n doel.

Die terapeutiese verhouding vorm die basis vir groei en verandering om plaas te vind. Alhoewel die “I-it” verhouding tydens terapeutiese intervensie gebruik word om die basiese elemente van die verhouding te handhaaf, kan groei en verandering slegs plaasvind deur ‘n “I-thou” ervaring tussen die terapeut en die kliënt (Korb, et al., 1989:113). Die “I-thou” verhouding kan nie vooraf beplan word nie en vind oombliklik plaas.

Volgens die navorser is boelies se sosiale verhoudinge hoofsaaklik “I-it” verhoudings. Die rede hiervoor is dat boelies oor verskeie kontakgrensversteurings beskik en nie daartoe in staat is om ooprechte en gesonde kontak met ander en met hulself te maak nie. Die boelie het ‘n swak sin van self

en ken nie sy self nie. Deur Gestaltterapie kan die boelie se bewustheid omtrent sy self bevorder word en gesonde kontakmaking bewerkstellig word. Organismiese selfregulering word sodoende bewerkstellig en die boelie kan meer selfondersteunend optree.

### **3.3.5 ONVOLTOOIDHEDE BINNE GESTALT KONTEKS**

Onvoltooidhede (“unfinished business”) kan omskryf word as intrapsigiese konflik of verhoudings uit die verlede wat nie opgelos is nie, hetsy op ‘n biologiese of sielkundige wyse (Korb, et al., 1989:64). Clarkson (1989:42) verduidelik dat onvoltooidhede die organisme se energie blokkeer of onderbreek. Die organisme se optimale funksionering in die hier-en-nou word dus deur onvoltooidhede belemmer.

Behoeftes wat na die voorgrond tree kan gebaseer wees in die hier-en-nou, soos om te eet of om toilet toe te gaan, óf dit kan verband hou met onvoltooidhede van die verlede wat bevredig wil word (Clarkson, 1989:42). Die organisme het nie die nodige gedoen om sy behoefte suksesvol te voltooi nie. Hierdie behoefte tree dus voortdurend na die voorgrond in ‘n poging om bevredig te word. Indien die organisme nie sluiting (“closure”) kan kry op sy onvoltooidhede nie, kan hy nie as ‘n holistiese wese funksioneer nie en belemmer dit sy gesonde en energieke funksionering (Korb, et al., 1989:64).

Onvoltooide behoeftes kom voortdurend na die kind se voorgrond in ‘n poging om bevredig te word. Die kind verkeer in ‘n staat van wanbalans en dit veroorsaak ‘n gevoel van ongemak by die kind. Homeostase kan slegs weer bewerkstellig word indien die onvoltooide behoefte suksesvol bevredig word. Intussen word die kind se optimale funksionering in die hier-en-nou belemmer deurdat die kind se energie op die bevrediging van die onvoltooide behoefte gerig word.

Die navorser meen dat boelies oor verskeie onvoltooidhede beskik wat hul funksionering in die oomblik negatief beïnvloed. Die onvoltooidhede beroof hul van energie met die gevolg dat hulle nie ten volle in die hier-en-nou kan funksioneer nie. Gesonde organismiese selfregulering word belemmer wat tot onvoltooide behoeftes lei en wanbalans tot gevolg het.

### **3.3.6 DIE “HIER-EN-NOU” BEGINSEL IN GESTALT**

Die Gestaltterapeutiese benadering is gesentreerd op die teenwoordige tyd, op die “hier-en-nou”. Bewustheid (“awareness”) en die *veld*, is beide sentrale konsepte van die Gestaltbenadering wat slegs betekenis het in die hier-en-nou. Elke individu lewe en ervaar slegs in die huidige oomblik. Latner (1992:15-17) verduidelik dat drome, herhinneringe en refleksie slegs in die “hier-en-nou” kan plaasvind. Perls het gesê

*“nothing exists except the now. The past is no more and the future not yet. Now = experience = awareness = reality”* (in Huckabay, 1992:317).

Gebeure in die verlede en verwagtinge vir die toekoms word egter nie as onbelangrik beskou nie, maar groei sal nie plaasvind deur energie op die verlede of toekoms te fokus nie. Die enigste realiteit waarmee gewerk kan word is die ervarings in die hier-en-nou, omdat die kind slegs in die hede kan ervaar (Vergelyk Clarkson, 1989:24 en Blom, 2004:58). Aronstam (in Blom, 2004:58) verduidelik dat die Gestaltterapeut egter wel belangstel in hoe onvoltooidhede uit die verlede die kind se funksionering in die hier-en -nou beïnvloed.

Volgens die teorie van verandering kan ‘n kind slegs groei wanneer hy ten volle met sy bestaan in die “hier-en-nou” identifiseer. Yontef (2005:83) verduidelik dat wanneer ‘n individu met sy volle self identifiseer en bewus is van homself in die “hier-en-nou”, groei en ontwikkeling kan plaasvind.

Bewustheid, interne en eksterne kontak kan slegs in die hier-en-nou ervaar word. Die Gestaltbenadering ontken nie die kind se verlede of verwagting van die toekoms nie, maar beklemtoon die feit dat die enigste realiteit waarmee gewerk kan word, die kind se ervarings in die oomblik is. Die Gestaltbenadering erken wel dat onvoltooidhede van die verlede die kind se funksionering in die hier-en-nou beïnvloed. Die doel van Gestaltterapie is dus om die kind se bewussynsvlakte in die hier-en-nou te bevorder, sodat verandering en groei in die toekoms teweeggebring word.

### **3.3.7 POLARITEITE AS KONSEP BINNE DIE KONTEKS VAN GESTALT**

Yontef (in Blom, 2004:32) omskryf polariteite as:

*“..parts that are opposites that compliment or explicate each other”.*

Alle emosies en eienskappe van ‘n individu het twee uiterste pole, byvoorbeeld hartseer-vrolik, selfvertroue-minderwaardigheid, en introversie-ekstroversie (Korb, et al., 1989:13-14). Blom (2004:33) verduidelik dat polarisering hoofsaaklik plaasvind wanneer ‘n individu konflik tussen twee polariteite ervaar en slegs met die een pool van ‘n eienskap identifiseer. Alle energie word daaraan gespandeer om die betrokke eienskap te handhaaf. Die doel van Gestaltterapie is nie net om die teenwoordigheid van polariteite te erken nie, maar om die kliënt bewus te maak en in kontak te bring met beide pole sodat integrasie bewerkstellig kan word (Polster & Polster, 1973:61-64). Beide pole moet op ‘n geïntegreerde basis saamwerk (Ingersoll, 2005:147).

Schoeman (1996a:35) verduidelik dat kinders in terme van teenoorgesteldes funksioneer, byvoorbeeld *gelukkig* en *hartseer*, *tevrede* en *teleurgesteld*, ensovoorts. Hierdie polariteite lei tot ‘n gevoel van verwardheid by die kind. Kinders sukkel gewoonlik om die negatiewe emosies en aspekte van homself te

aanvaar sonder om homself as “sleg” te beskou. Die gevolg hiervan is dat hulle net die goeie en positiewe eienskappe en emosies van hulself wil erken.

Yontef (in Blom, 2004:33) is van mening dat indien integrasie van beide pole nie plaasvind nie, dit fragmentering tot gevolg het. Die kind moet dus geleei word om die polariteit in homself te erken en as deel van homself te aanvaar (Korb, et al., 1989:33). Deur die integrasie van polariteit kan organismiese selfregulering, en die kind se optimale groei en ontwikkeling bewerkstellig word.


In die Gestaltbenadering word daar baie klem gelê op die “topdog”/“underdog” split in die persoonlikheid. Volgens Perls (in Blom, 2004:36) is die “topdog”/“underdog” die mees algemeenste polariteit wat teenwoordig is in individue. Die “topdog” verwys na projekte wat vir die kind vertel wat hy “moet” of “nie moet” doen nie. Die “topdog” stel sekere eise en verwagtings waaraan die kind moet voldoen (Blom, 2004:35). Korb, Gorrell en Van De Riet (1989:63) verduidelik dat die “topdog” projeksies is van eise wat die samelewing, familie en outhoritêre figure vir die kind daarstel. Die “topdog” maak gebruik van dreigemente sodat die “underdog” sy instruksies kan uitvoer (Blom, 2004:35-36). Die “underdog” is in konflik met die “topdog” se eise. Die “underdog” verwys na dit wat die kind lus is of graag wil doen. Die “underdog” verteenwoordig die plesier-soekende aspek van die persoonlikheid (Blom, 2004:35). Die “topdog” handhaaf ‘n dominante en outhoritêre houding, terwyl die “underdog” onderdanig en apologeties is. Beide streef daarna om in beheer te wees.

Deur Gestaltterapie kan kinders gehelp word om polariteit binne die self te integreer sodat organismiese selfregulering kan plaasvind. Integrasie beteken dat die kind kan groei en verander sodat optimale funksionering verseker kan word.

### **3.3.8 DIE STRUKTUUR VAN DIE PERSOONLIKHEID VAN TOEPASSING OP DIE KIND WAT ANDER AFKNOU**

Die persoonlikheid funksioneer as 'n struktuur van die self. Persoonlikheid sluit 'n kind se houdings, aannames, afleidings en oortuigings van homself en die wêreld in (Latner, 1992:44). Persoonlikheid verwys ook na 'n kind se kapasiteit om kontak te maak met die omgewing op grond van sy definisie van homself, soos byvoorbeeld as hierdie kind homself as skaam beskou sal hy op só 'n manier in verhouding tree met ander en sy omgewing (Lobb, 2005:29).

Die struktuur van die persoonlikheid kan in vyf lae verdeel word op grond van hoe 'n mate 'n kind gefragmenteer is. Fragmentasie het tot gevolg dat groei en ontwikkeling beperk is. 'n Ander naam hiervoor is ook die vyf lae van neurose. Die lae van die persoonlikheid wat vanuit die Gestaltbenadering onderskei word, is die vals -, fobiese -, impasse -, implosiewe – en eksplosiewe laag (Blom, 2004:35) Blom (2004:39) stel die struktuur van die persoonlikheid in die volgende diagram voor.



Figuur 3.7: Die vyf lae van neurose volgens Gestalt (Blom: 2004)

Die vyf lae sal vervolgens kortliks bespreek word:

### **3.3.8.1 DIE VALS LAAG**

Die kind wat ander afknou funksioneer in die vals laag indien hy anders probeer wees as wat hy werklik is. Die kind wil iemand wees wie hy nie is nie en is voortdurend besig om rolle te speel. Die gedrag word gemotiveer deur introjekte of deur die "topdog". Die kind is dus in konflik met homself en weet nie wie en wat hy is nie (Blom, 2004:35).

Volgens die navorser funksioneer boelies in die vals laag omrede hulle nie in kontak met hulself is nie en volgens introjekte optree. Hulle weet nie wie en wat hulle is nie, en probeer wees en optree soos ander betekenisvolle persone wil hê hulle moet.

### **3.3.8.2 DIE FOBIESE LAAG**

Die fobiese laag volg op die vals laag. 'n Kind wat in die fobiese laag funksioneer raak bewus daarvan dat hy rolle speel. Hierdie kind voel egter veilig in sy rol en ervaar gevoelens van vrees indien hy daarvan bewus raak dat hy besig is om rolle te speel (Vergelyk Blom, 2004:36-37 en Clarkson, 1989:111).

### **3.3.8.3 DIE IMPASSE**

Die volgende laag is die impasse. Kinders wat vir terapie kom is gewoonlik in hierdie laag. Die kind het 'n gebrek aan ondersteuning vanuit die omgewing, en hy het nog nie die punt van selfondersteuning bereik nie (Korb, et al., 1989:127). Perls (in Korb, et al., 1989:128) beskryf die impasse laag as "the crucial point in therapy, the crucial point in growth". Blom (2004:37) verduidelik dat die impasse gekenmerk word aan twee polariteite wat in konflik met mekaar is. Die een deel wil die onvoltooide situasie voltooi, terwyl die ander deel die pyn en moeilike tyd wil vermy. Die kind ervaar 'n gevoel van vrees dat hy vasgevang of verlore sal raak (Clarkson, 1989:111,113).

### **3.3.8.4 DIE IMPLOSIEWE LAAG**

Die impasse laag word gevolg met die implosiewe laag. Hierdie laag staan ook bekend as die "dooie laag" (Blom, 2004:38). Tydens die implosiewe fase begin die kind besef tot watter mate hy homself ingeperk het, en begin om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Hierdie kind is bewus van sy eie gedrag en emosies, maar

toon 'n gebrek aan energie om verantwoordelikheid daarvoor te neem (Blom, 2004:38).

### **3.3.8.5 DIE EKSPLOSIEWE LAAG**

Die eksplosiewe laag volg op die implosiewe laag. Die eksplosiewe laag word bereik wanneer eksperimentering met nuwe gedrag, asook die toepassing daarvan, suksesvol was. Die kind kom nou in kontak met gestoorde energie, en aandag kan spandeer word aan onvoltooidhede, die ervaring van emosies en eksperimentering met nuwe gedrag (Vergelyk Blom, 2004:39 en Clarkson, 1989:112).

Vanuit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die persoonlikheidstruktuur van die kind wat ander afknou binne die konteks van Gestalt beskryf kan word en struktuur kan bied waarvolgens bepaalde doelstellings vir funksionering gestel kan word. Hierdie doelstellings sal nou vervolgens bespreek word.

## **3.4 DOELSTELLINGS VAN DIE GESTALT PERSPEKTIEF**

Bewustheid, integrasie en selfondersteuning is die sentrale doelstellings van die Gestaltbenadering wat terselfdertyd in die Gestaltterapeutiese proses aangespreek word. Hierdie doelstellings word vervolgens bespreek.

### **3.4.1 BEWUSTHEID (“Awareness”)**

Volgens Blom (2004:50) is een van die sentrale doelstellings van die Gestaltbenadering om bewustheid by die kind te verhoog, ten einde sy vermoë om in die hier-en-nou te leef, te bevorder. Bewustheid is meer as om selfbewus te voel. Perls (in Blom, 2004:52) beskryf bewustheid soos volg:

*“Awareness is the capacity to be in touch with your own existence, to notice what is happening around or inside you, to connect with the environment, other people or yourself; to know what you are feeling or sensing or thinking; how you are reacting at this very moment”.*

O’Leary (1992:13) verduidelik dat Gestalatterapie die kind se bewusheid omtrent sy proses bevorder, met ander woorde *wat* hy doen en *hoe* hy dit doen. Bewusheid vind in die hier-en-nou plaas sodat die kind bewus is van wat hy doen en hoe hy dit doen en dat hy oor sekere alternatiewe beskik waarvan hy kan kies om sy behoeftes te bevredig (Simkin & Yontef, 1992:290). Deur bewusheid is die kind in kontak met sy bewegings, stemtoon, liggaamshouding, gebare, gedrag en taal (O’Leary, 1992:13).

Volgens Yontef en Simkin (1984:290) beteken bewusheid dat die kind sy omgewing ken, oor selfkennis en aanvaarding beskik, verantwoordelikheid neem vir keuses wat hy uitoefen, en oor die vermoë beskik om kontak te maak. Aronstam (in Blom, 2004:52) meen dat bewusheid die kind in kontak met sy gevoelens en behoeftes bring, met die gevolg dat die kind leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hy is en wat hy doen. Deur verantwoordelikheid vir die self te neem beteken dat die kind oor die vermoë beskik om te reageer op verwagtinge, wense en fantasieë van die self (Korb, et al., 1989:49).

Ten einde gesonde organismiese selfregulering te bewerkstellig, is dit noodsaaklik vir die kind om bewusheid te ervaar ten opsigte van sy interne, sowel as eksterne omgewing. Deur bewusheid is die kind in kontak met homself en die omgewing op ‘n sensoriese, affektiewe en kognitiewevlak (Vergelyk Blom, 2004:52 en Simkin & Yontef, 1984:290). Deur bewusheid word die self en ander waargeneem en is die organisme bewus van keuses wat hy uitoefen (Yontef, 2005:87). Bewusheid

beteken ook dat die kind se sensories-motoriese sisteem in volle gebruik is. Sensories-motories kan omskryf word as die geïntegreerde funksionering van die sintuie en spiere wat gedrag tot gevolg het (Plug, et al., 1997:331).

Volgens die navorser is dit belangrik om kinders se bewustheid te bevorder. Bewustheid is noodsaaklik vir die kind om sy primêre behoefte te identifiseer en suksesvol te bevredig deur kontak met sy omgewing te maak. Goeie bewustheid beteken dat die kind in kontak is met sy interne en eksterne omgewing op ‘n sensoriese, affektiewe, en kognitiewe vlak. Bewustheid het tot gevolg dat die kind as ‘n geïntegreerde organisme in die hier-en-nou funksioneer, oor die vermoë beskik om keuses uit te oefen ter bevrediging van sy behoeftes, en verantwoordelikheid vir sy keuses en gedrag te neem.

Goeie bewustheid, kontak en organismiese selfregulering is interafhanglik en noodsaaklik vir die suksesvolle bevrediging van behoeftes. Dit lei tot die geïntegreerde funksionering van ‘n organisme wat natuurlike groei en verandering tot gevolg het.

### **3.4.2 INTEGRASIE**

Die doel van die Gestaltbenadering is nie om op simptome en analyse te fokus nie, maar eerder op die organisme se totale bestaan en integrasie (Blom, 2004:53). Integrasie kan omskryf word as die proses van vereniging en koördinering van onderskeie dele en funksies van die organisme met die doel om die eenhede op ‘n hoër vlak van ontwikkeling tot stand te bring (Plug, et al., 1997:162). Korb, Gorrell en Van De Riet (1989:13) is van mening dat holisme beteken dat die kind oor die vermoë beskik om integrasie te bewerkstellig. Thompson en Rudolph (in Blom, 2004:53) verduidelik dat integrasie tot die holistiese en sistemiese funksionering van ‘n kind kan bydra.

Volgens Perls (in Blom, 2004:10) is dit hedendaags 'n algemene verskynsel dat persone gefragmenteerd lewe, met ander woorde dat hulle hul psige van hul liggame skei. Deur Gestaltterapie kan die kind gehelp word om sy kognisie, emosies, liggaam en sintuie te integreer ten einde onvoltooidhede op sy voorgrond te voltoo (Blom, 2004:53). Volgens O'Leary (1992:121) is dit noodsaaklik dat die kind oor goeie bewustheid beskik alvorens integrasie kan plaasvind.

Die Gestaltbenadering beskou elke kind as 'n unieke en holistiese entiteit wat oor die vermoë beskik om as 'n geïntegreerde organisme te funksioneer. Dit beteken dat die onderskeie dele van die kind, soos sy kognisie, liggaam, emosies, sintuie en geestelike aspekte, geïntegreerd funksioneer. Alle aspekte van die self, hetso dit positief of beperkend van aard is, sal erken en aanvaar word. Integrasie beteken dat die kind daartoe in staat is om sy eie behoeftes suksesvol te bevredig, en om onvoltooidhede op sy voorgrond suksesvol te voltoo. Vir integrasie om plaas te vind is dit noodsaaklik dat die kind goeie bewustheid in die hier-en-nou ervaar ten opsigte van interne en eksterne aspekte. Die kind moet dus in kontak wees met homself, sy behoeftes, met die omgewing en ander, sodat organismiese selfregulering kan plaasvind.

### **3.4.3 SELFONDERSTEUNING**

Die doel van Gestaltterapie is om die kind se gedrag vanaf afhanglike, manupilerende gedrag, na meer self-ondersteunende gedrag te verander (Korb, et al., 1989:117). Selfondersteuning beteken dat die kind meer verantwoordelikheid vir homself aanvaar en minder ondersteuning van die omgewing verwag (Blom, 2004:51). Aronstam (in Blom, 2004:51) verduidelik dat 'n individu na 'n volwasse persoon ontwikkel indien hy selfondersteunend begin optree. Volgens Yontef (in Blom, 2004:51) beteken selfondersteuning dat die kind oor beide selfkennis en selfaanvaarding beskik.

Korb, Gorrell en Van De Riet (1989:61) verduidelik dat indien 'n kind 'n gebrek aan selfondersteuning het, hy manipulerend teenoor sy omgewing en homself sal optree in 'n poging om die situasie te probeer hanteer.

Selfondersteuning beteken dus dat die kind meer verantwoordelikheid vir homself en vir die bevrediging van sy behoeftes aanvaar. Die kind moet bewus wees van die behoefte op sy voorgrond en die moontlike keuses in sy omgewing wat tot die suksesvolle bevrediging daarvan sal lei. Die navorsers is van mening dat selfondersteuning en verantwoordelikheid nou saamloop. Selfondersteuning beteken dat die kind verantwoordelikheid vir homself, sy keuses en gedrag neem.

### **3.5 SAMEVATTING**

Alle kinders - ook die wat ander afknou, is daartoe in staat om as 'n geheel te funksioneer, en het die natuurlike ingesteltheid om selfregulerend te wees. Die kind het bewustheid van homself en sy omgewing nodig vir gesonde selfregulering om plaas te vind. Deur dus kontak met homself en die omgewing te bewerkstellig, kan hy sy behoeftes suksesvol bevredig en het dit organismiese groei en ontwikkeling tot gevolg, sonder om nodig te hê om ander af te knou.

In hoofstuk 4 sal daar huis na die funksionering van die kind wat ander afknou empiries gekyk word deur te fokus op sy selfbeeld en die selfwaarde wat hy het. Hierdeur sal bepaal word tot watter mate die doelstellings van Gestalt geïntegreer kan word ten einde voorkomend op te tree.


## **HOOFSTUK 4**

### **BESKRYWING EN BESPREKING VAN EMPIRIESE RESULTATE**

#### **4.1 INLEIDING EN OPSASIONALISERING VAN NAVORSINGSPROSSES**

In hierdie hoofstuk volg 'n uiteensetting van die resultate wat verkry is uit die navorsingsproses. Meervoudige gevallestudies deur middel van ongestructureerde onderhoude het die navorser in staat gestel om konsepte vanuit die Gestaltperspektief te identifiseer wat behulpsaam sal wees in die daarstelling van 'n profiel vir boeliegedrag. Die vertrouenswaardigheid van die navorsing is verhoog deur kwantitatiewe metodes naamlik die benutting van 'n gestandaariseerde vraelys, as ondersteuning vir die kwalitatiewe resultate te gebruik. Hierdie vraelys is nie benut om 'n verteenwoordigende profiel van alle kinders met boeliegedrag te bekom nie, maar as ondersteuning tot elke individuele geval se profiel wat vanuit die kwalitatiewe data saamgestel is.

Die proses wat gevolg is ten einde die samestelling van die profiel van elke deelnemer te kon doen, kan skematis soos volg uiteengesit word:



## 4.2 KERNASPEKTE VANUIT TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK EN KONTOLEMAATREELS TYDENS EMPIRIESE PROSES

Soos reeds in hoofstuk 2 bespreek, is boeliegedrag 'n komplekse sosiale probleem wat algemeen onder skoolgaande kinders voorkom. Boeliegedrag is 'n vorm van kindermishandeling met negatiewe gevolge wat kan wissel vanaf hartseer gevoelens en onttrekkende gedrag, tot meer "ernstige" gevolge soos selfmoord en moord.

Boeliegedrag het betrekking op sosiale verhoudinge en word grootliks aangehits deur bevooroordelende gesindhede. Ekonomie, godsdiens, kultuur, ras en geslagsidentiteit vorm die basis van die algemeenste vorms van diskriminasie. Dit is egter nie die slagoffer se skuld dat hy die teiken van boeliegedrag is nie. Kenmerke wat as "anders" beskou word, maak slegs die kind meer kwesbaar om 'n potensiële slagoffer te word.

‘n Kombinasie van sekere faktore kan aanleiding gee tot die ontwikkeling van boeliegedrag. Die faktore kan opgedeel word in individuele, gesins-, portuur-, skool-, gemeenskaps- en kulturele faktore. Een individuele faktor wat moontlik kan bydra tot ‘n kind se geneigdheid om ander te boelie, is sy selfbeeld. Selfbeeld kan omskryf word as ‘n persoon se “prentjie” van homself, met ander woorde wat die persoon van homself dink. Selfkennis is die belangrikste element van ‘n persoon se selfbeeld (Hoyle, Kernis, Leary & Baldwin, 1999:53). Volgens Rogers (in Meyer, Moore & Viljoen, 1997:489) is die grootste gedeelte van gedrag wat deur ‘n persoon aangeneem word, in ooreenstemming met sy selfbeeld. Deur dus die aard van boelies se selfbeeld te bepaal, kan daar moontlik vasgestel word watter aspekte van hul selfbeeld tot boeliegedrag aanleiding kan gee en sodoende aangespreek kan word.

#### **4.3 BESPREKING VAN BEVINDINGE**

In hierdie navorsing is daar vanuit ‘n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering gewerk met die doel om boelies se selfbeeld te beskryf in terme van hul fisiese, akademiese, sosiale, waardes-, gesin- en psigiese self. Die dominante-minder-dominante model is gebruik waarvan die kwalitatiewe benadering die mees dominante benadering uitmaak. Vir die uitvoering van hierdie navorsing is van meervoudige gevallestudies gebruik gemaak.

Die universum vir hierdie studie is Afrikaanssprekende leerders van beide geslagte. Die deelnemers is by ‘n skool vir kinders met leerprobleme geselekteer. Die ouderdomseleksie van die kinders is tussen ses en twaalf jaar. Soos reeds in hoofstuk 1 gemeld, is daar geen onderskeid gemaak tussen ras, taalvoorkeur of geslag nie. Die deelnemers en hul gedrag voldoen aan dit wat in die literatuur bekend is oor boeliegedrag en het onder meer die volgende kriteria ingesluit:

- hulle beskik oor mag - hetsy as gevolg van ouderdom, grootte, geslag of fisiese krag;
- hulle toon aggressiewe en impulsiewe gedrag;
- ouerlike of volwasse toesig is meestal afwesig ten tye van afknouerige gedrag; en
- hulle aanvaar nie verantwoordelikheid vir hule eie gedrag nie.

Sewe deelnemers is op 'n doelbewuste wyse geselekteer op grond daarvan dat hulle oor sekere kenmerke beskik. Elke deelnemer se selfbeeld is deur middel van die Selfkonsepskaal vir Primêre Skoolleerders (SSPS) bepaal, waarna daar 'n ongestructureerde onderhoud met elke deelnemer gevoer is en waarna aspekte van die selfkonsepskaal wat ooreenstemming met die Gestaltterapeutiese verwysingsraamwerk getoon het, uiteengesit is. Terugvoer oor die toetsuitslae is ook tydens hierdie onderhoud aan deelnemers gegee ten einde aan alle etiese aspekte van die navorsing te voldoen.

Alhoewel die ongestructureerde onderhoud die dominante metode vir data-insameling was, word die sielkundige meetinstrument kortlik beskryf waarna die navorsingsresultate van elke deelnemer onderskeidelik weergegee word en in verband gebring met die data wat vanuit die ongestructureerde onderhoude verkry is. Na afloop daarvan word die navorsingsresultate gesamentlik in grafiekvorm voorgestel om sodoende 'n geheelbeeld te skep waarna 'n profiel saamgestel kan word vir boelieggedrag.

#### **4.3.1 DIE SIELKUNDIGE MEETINSTRUMENT**

Die navorsers het besluit om gebruik te maak van 'n selfkonsepervraelys wat deur Le Roux (1983) ontwikkel en gestandariseerd is vir leerlinge vanaf graad 3 tot graad 7. Die selfkonsepskaal is saamgestel uit 60 verskillende items wat verteenwoordigend is van verskeie komponente van 'n kind se selfkonsep. Die onderskeie komponente waaruit die selfkonsepervraelys opgestel is, sluit in die

fisiese self, die psigiese self, die gesinsself, die sosiale self, die waardesself en die akademiese self.

Die onderskeie items in die selfkonsepvaels is op so manier saamgestel dat die leerder een van twee keuses het by elke stelling. Die leerder kan met óf persoon A óf persoon B identifiseer en word sodoende in staat gestel om 'n redelike objektiewe houding te handhaaf. 'n Voorbeeld hiervan is:

Persoon A: Ek maak altyd my huiswerk vinnig klaar.

Persoon B: Ek vind dit moeilik om deur my huiswerk te kom.

Die onderskeie komponente gaan vervolgens kortliks omskryf word:

- Fisiese self. Die leerder gee 'n aanduiding van sy siening van sy eie liggaam, vaardighede en voorkoms.
- Psigiese self. Die leerder evalueer en toon sy belewing van sy eie doeltreffendheid aan.
- Gesinsself. Die leerder dui aan hoedanig hy homself in sy gesinsverband beskou.
- Sosiale self. Die leerder beoordeel homself in terme van hoe belangrik of onbelangrik hy homself as 'n lid van die gemeenskap beskou.
- Waardesself. Die leerder se siening omtrent sy godsdiens, sedelike norme en sy gevoelens oor homself as 'n goeie of slechte mens word aangedui.
- Akademiese self. Die leerder gee 'n aanduiding of hy/sy tevrede of ontevrede is met sy/haar akademiese prestasies.

Die doel van die selfkonsepvaels is om 'n aanduiding te gee van die aard van die selfbeeld van die leerder. Hierdie aspekte word binne die konteks van die Gestaltterapeutiese verwysingsraamwerk geplaas sodat daar 'n profiel saamgestel kan word waarmee die Gestaltpelterapeut na 'n hanteringstrategie vir die kind met afknouende gedrag sal kan kyk.

## **4.3.2 BEVINDINGE: Sielkundige meetinstrument en ongestrukteerde onderhoude**

### **4.3.2.1 Deelnemer 1**

Daar is vir die doeleindes van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde deelnemers te identifiseer.

<b>Naam:</b>	BB
<b>Geslag:</b>	Vroulik
<b>Graad:</b>	6

Die toetsresultate van deelnemer 1 lyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisieke self	6
Akademiese self	3
Sosiale self	2
Waardesself	8
Gesinself	10
Psigiese self	5
<b>Totale roupunt:</b>	<b>34</b>

Tabel 4.1: Toetsresultate – deelnemer 1

Die totaal van 34 dui op ‘n lae selfbeeld. Indien na die onderafdelings van die selfkonsep toets gekyk word, blyk die volgende:

#### **4.3.2.1.1 Fisieke self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer se telling van 6 dui daarop dat haar selfbeeld ten opsigte van haar fisiese self, *onder gemiddeld* is. Dit

impliseer dat sy twyfel oor haar liggaam, voorkoms en vaardighede. Sy is dus nie volkome tevrede met haar liggaam, voorkoms en aantreklikheid nie.

#### **4.3.2.1.2 Akademiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer het 'n telling van 3 behaal wat daarop dui dat sy oor 'n *lae* selfbeeld ten opsigte van haar intellektuele vermoë toon. Dit dui daarop dat sy ontevrede is met haar akademiese prestasie. Die gevolg hiervan is dat sy nie gelukkig in die skool is nie en voel dat alles vir haar verkeerd loop. Sy voel waarskynlik dat dit haar lank neem om skoolwerk te verstaan, dat sy nie in staat is om goeie punte te behaal nie en verkies dat ander nie haar skoolwerk sien nie.

#### **4.3.2.1.3 Sosiale self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer se telling van 2 dui op 'n *lae* selfbeeld ten opsigte van haar sosiale verhoudinge. Dit dui daarop dat sy sukkel om vriende te maak, geneig is om teruggetrokke te wees, is selfbewus, onseker en skaam. Hieruit kan afgelei word dat sy swak verhoudings met vriende het en gevvolglik baie alleen is.

#### **4.3.2.1.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het 'n telling van 8 behaal wat daarop dui dat sy oor 'n *hoë* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat sy haarself beskou as eerlik, liefdevol en vriendelik. Sy is tevrede met haar sedelike waardes en doen dit wat sy as reg beskou.

#### **4.3.2.1.5 Gesinsself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 8, 487. Haar telling van 10 dui op 'n *hoë* gesinsselfbeeld. Sy voel veilig in haar gesinsverband en voel seker oor haar ouers en gesinslede se liefde vir haar.

#### **4.3.2.1.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Haar telling van 5 is *onder gemiddeld* wat aantoon dat sy twyfel in haar eie doeltreffendheid. Sy glo nie dat sy altyd dinge *kan* doen nie. Sy sukkel soms om 'n besluit te maak en kan impulsief optree.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer 'n lae selfwaarde het en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van 'n ongestructureerde onderhoud

#### **Vanuit die ongestructureerde onderhoud blyk die volgende:**

Ongestruktureerde vrae is aan die deelnemer gestel waaronder: Vertel my van jouself, hoe voel jy oor jouself, waarvan hou jy of hou jy nie? Belangrikste momente vanuit die onderhoud word opsommend weergegee met Gestalt beginsels in skuinsdruk ingesluit ter verklaring van haar profiel:

Sy beskryf haarself as oorgewig, en haar portuurgroep spot haar gereeld daaroor. Sy is ontevrede met haar lengte, hande en gesig (*Onvoltooidhede en funksionering binne isolasie*). Sy voel haar hande is vet en dat haar gesig baie rond is. Alhoewel sy aan netbal by die skool deelneem, beïnvloed haar gewig haar vermoë om doeltreffend in sekere aktiwiteite deel te neem (*Egotisme*). Sy wil graag maerder wees maar dit is nie so maklik om op 'n dieet te gaan en dit deur te voer nie (*Onvoltooidhede en verlies aan beheer*). Sy beskryf haarself as 'n emosionele eter (*Introjek*). Sy raak hartseer as ander haar spot of as 'n onderwyser/es met haar lelik was, en rig haarself dan na kos om beter te voel (*Retrofleksiewe gedrag*).

Die deelnemer geniet nie skoolwerk nie en is ook nie tevrede met haar skoelpunte nie (*Egotisme*). Sy ontvang tans remediërende onderrig en spraakterapie by die skool. Sy hou nie van lees nie en wil ook nie graag hê dat ander haar skoolwerk moet sien nie omdat sy voel sy baie foute maak (*Projeksie*). Wiskunde is een van die baie vakke wat sy nie geniet nie en sy beleef die juffrou as kwaai en

onvriendelik teenoor haar (*Organismiese selfregulering*). Sy is dan ook bang sy verstaan nie die werk nie en dat sy die juffrou moet vra om weer aan haar te verduidelik (*Swak kontakmaking met omgewing*).

Die deelnemer beskryf haarself as onpopulêr onder haar portuurgroep (*Introjekte, kontakmaking met omgewing is swak*). Alhoewel sy 'n groepie maats het, vind sy dit moeilik om nuwe maats te maak (*Isolasie*). Sy geniet dit om te gesels en grappies te maak, maar is skaam wanneer sy voor die klas moet staan en 'n praatjie lewer. Sy voel soms alleen by die skool en by die huis (*Isolasie en verlies aan beheer*). Sy wil graag nog meer maats hê en makliker maats maak (*Onvoltooidhede*). Sy beskryf haarself as 'n persoon wat maklik kwaad word (*Projeksie*).

Dit is duidelik vanuit die onderhoud dat die volgende belangrike Gestaltbeginsels na vore getree het:

- onvoltooidhede en funksionering binne isolasie;
- egotisme;
- verlies aan beheer;
- die teenwoordigheid van introjekte;
- die teenwoordigheid van retrofleksiewe gedrag;
- die teenwoordigheid van projektiewe gedrag;
- swak organismiese selfregulering; en
- swak kontakmaking met die omgewing.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne 'n vals laag gevind word weens die feit dat sy die rol van 'n selfversekerde persoon vervul. Vanuit die subtoetsresultate en onderhoudvoering is dit duidelik dat sy meer onseker en selfbewus in sosiale verhoudinge optree, en dat sy swak kontak maak met haar omgewing.

### **Terugvoer oor die selfkonsepvraelys aan die deelnemer:**

Die deelnemer is van mening dat haar waardesself telling gemiddeld moet wees. Sy hou nie van reëls nie met die gevolg dat sy dit nie altyd gehoorsaam is nie. Sy het al ditensie by die skool gekry omdat sy ongehoorsaam was. Sy verduidelik dat sy gewoonlik jok indien sy nie in die moeilikheid wil kom nie. Alhoewel sy haarself as meer ongehoorsaam beskou, voel sy dat sy wel 'n vriendelike en liefdevolle persoon is. Sy luister nie altyd wanneer iemand haar raad gee nie.

Die deelnemer stem saam met haar *totale* selfbeeldtelling. Sy voel nie goed oor haarself nie en wil dit graag verbeter deur vir terapie te gaan.

Aangesien versadigingspunt nog nie na een deelnemer bereik kan word nie en die Gestaltbeginsels wat tydens die onderhou geselekteer is, deur middel van versadiging bevestig moet word, word 'n tweede deelnemer geselekteer.

#### **4.3.2.2 Deelnemer 2**

Daar is vir die doeleindes van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde die deelnemer te identifiseer.

<b>Naam:</b>	JL
<b>Geslag:</b>	Manlik
<b>Graad:</b>	6

Deelnemer 2 se toetsresultate blyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisiese self	7
Akademiese self	3
Sosiale self	0

Waardesself	5
Gesinself	5
Psigiese self	2
<b>Totale roupunt:</b>	<b>22</b>

Tabel 4.2: Toetsresultate – deelnemer 2

Die deelnemer se totale telling van 22 dui op ‘n *lae* selfbeeld. Indien daar na die onderskeie onderafdelings gekyk word, blyk die volgende:

#### 4.3.2.2.1 Fisieke self

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer het ‘n telling van 7 behaal vir hierdie subtoets. Die telling impliseer dat hy oor ‘n *gemiddelde* fisieke selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy tot ‘n mate tevrede is met sy voorkoms, liggaam en vaardighede.

#### 4.3.2.2.2 Akademiese self

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer se telling van 3 impliseer dat hy ‘n *lae* selfbeeld het ten opsigte van sy intellektuele vaardighede. Dit beteken dat hy ontevrede is oor sy akademiese prestasies. Hy voel moontlik dat hy nie werk vinnig verstaan nie, met die gevolg dat hy nie daartoe in staat is om goeie punte te behaal nie. Hy is nie gelukkig in die skool nie en voel heel moontlik dat alles vir hom verkeerd loop.

#### 4.3.2.2.3 Sosiale self

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer het ‘n telling van 0 behaal wat daarop dui dat hy ‘n baie *lae* selfbeeld ten opsigte van sy sosiale verhoudinge het. Dit impliseer dat hy sukkel om vriende te maak, geneig is om teruggetrokke te wees, is selfbewus, onseker en skaam. Hieruit kan daar afgelei word dat hy swak verhoudings met vriende het en gevolglik baie alleen is.

#### **4.3.2.2.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het 'n telling van 5 behaal wat daarop dui dat hy oor 'n *onder gemiddelde* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy homself nie beskou as 'n eerlike, liefdevolle en vriendelike persoon nie.

#### **4.3.2.2.5 Gesinsself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 8, 487. Die deelnemer se telling van 5 dui op 'n *lae* gesinsselfbeeld. Hy voel onseker oor sy ouers en gesinslede se liefde en vertroue in hom.

#### **4.3.2.2.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Die deelnemer het 'n telling van 2 behaal wat dui op 'n *onder gemiddelde* beeld ten opsigte van sy eie doeltreffendheid. Hy twyfel in sy eie doeltreffendheid en glo nie altyd daarin dat hy dinge *kan* doen nie. Hy sukkel soms om 'n besluit te maak en kan impulsief optree.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer nie 'n bo-gemiddelde totale selfwaarde telling het nie en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van 'n ongestructureerde onderhoud

#### **Vanuit die ongestructureerde onderhoud blyk die volgende:**

Hy is grootliks tevrede met sy voorkoms, liggaam en fisieke vaardighede. Hy sal graag bietjie maerder wil wees aangesien kinders hom spot oor sy gewig (*Egotisme*). Hy raak maklik rooi in sy gesig van oefeninge wat nie by kinders ongemerk verbygaan nie. Hulle spot hom gevvolglik daaroor indien hulle dit opmerk. Hy neem deel aan verskeie sportsoorte soos onder andere perdry en rugby.

Die deelnemer is nie altyd tevrede met sy skoolpunte nie (*Egotisme*). Alhoewel hy homself nie as 'n goeie leser beskou nie, geniet hy dit om te lees. Hy sukkel ook met die betekenis van sekere woorde. Hy vind dit soms moeilik om nuwe werk vinnig te verstaan. Hy wil nie graag hê dat ander kinders sy skoolboeke en –werk moet sien nie. Die rede hiervoor is dat hy klein en lelik begin skryf sodra hy vinniger moet werk om by die juffrou se werkspoed te bly. Hy verduidelik dat hy die juffrou al menigte kere gevra het om stadiger te werk, maar dat sy versoek geïgnoreer word (*Swak verantwoordelikheidneming*). Hy voel dat hy gereeld raas kry oor foute wat hy maak (*Swak verantwoordelikheidneming en egotisme*). Hy verduidelik dat hy bang is vir inskrywings en dat hy koshuis toe gestuur sal word indien hy swak presteer op skool (*Egotisme*).

Die deelnemer geniet dit om met ander te gesels. Hy het 'n paar maats by die skool, maar sukkel om nuwe maats te maak (*Swak kontakmaking met omgewing*). Hy ervaar onsekerheid ten opsigte van sekere sosiale verhoudings omdat sommige kinders eendag baie van hom hou net om die volgende dag nie meer van hom te hou nie (*Egotisme, retrofleksie en swak verantwoordelikheidneming*). Hy verduidelik dat hy soms selfbewus is as hy in die klas werk. Dit voel vir hom of ander vir hom kyk. Hy raak skaam wanneer hy voor in die klas 'n praatjie moet lewer (*Verlies aan beheer*).

Hy beskryf homself as 'n vriendelike persoon met 'n groot humeur. Hy word baie vinnig kwaad (*Projeksie*). Dit voel vir hom of ander kinders meer van hom hou wanneer hy kwaai is, as wat hy vriendelik is (*Swak kontakmaking met omgewing*). Indien hy ook vriendelik is met meisies by die skool, dan hou die seuns nik van hom nie (*Egotisme*).

Hy beskryf homself as bietjie ongehoorsaam (*Egotisme*). Hy hou nie van alle reëls nie, byvoorbeeld die kougom reël omrede dit vir hom voel asof hy beter kan konsentreer terwyl hy kougom kou (*Samevloeiing met omgewing*). Hy jok gewoonlik as hy nie ditensie wil sit of pakslae wil kry nie (*Desensitisasie*). Hy is

liefdevol teenoor sy ouers. Hy wil graag soeter by die huis en by die skool wees (Introjekte).

Die deelnemer is die enigste kind en bly by sy ouers. Die deelnemer verduidelik dat hy en sy ma baie baklei. Hy het 'n linkeroor gehoorprobleem met die gevolg dat sy ma dink hy jok indien hy haar nie gehoor het nie (*Swak verantwoordelikheidneming*). Indien sy hond goed opeet dan kry hy daaroor raas (*Swak verantwoordelikheidneming*). Hy voel nie gelukkig oor die bakleiery nie (*Egotisme*). Hy voel dat sy ouers die meeste van die tyd wel lief is vir hom. Sy pa werk lang ure met die gevolg dat hy graag meer tyd met sy pa wil spandeer. Hy wil ook nie graag met sy ma baklei as sy pa by die huis is nie (*Polariteit*). Dit is vir hom lekker om dinge saam met sy ma en pa te doen.

Hy vind dit soms moeilik om besluite te neem (*Verlies aan beheer*). Hy verduidelik dat indien hy kwaad word hy impulsief optree en net wil slaan (*Projeksie*). Hy drink egter Ritalin wat hom meer rustig maak (*Verlies aan beheer*).

Dit is duidelik vanuit die onderhou dat die volgende belangrike Gestaltbeginsels na vore getree het:

- egotisme;
- swak verantwoordelikheidneming;
- swak kontakmaking met omgewing en samevloeiing met omgewing (geen grense);
- projeksie;
- retrofleksie;
- verlies aan beheer;
- polariteit; en
- desensitasie.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne 'n vals laag gevind word weens die feit dat hy optree volgens ander se verwagtinge van hom. As gevolg

van die feit dat hy geen grense het nie, kan hy nie onderskei tussen *ek* en *nie-ek* nie. Hy tree dus nie volgens sy ware self op nie.

**Terugvoer oor die selfkonsepvraelys aan die deelnemer:**

Die deelnemer stem saam met sy *totale* selfbeeldtelling.

Versadigingspunt is steeds nie ten opsigte van die Gestaltbeginsels wat geïdentifiseer is en uit die ongestructureerde onderhoud voortgespruit het bereik nie, wat beteken dat 'n verdere deelnemer geselekteer word.

**4.3.2.3 Deelnemer 3**

Daar is vir die doeleindeste van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde die deelnemer te identifiseer.

<b>Naam:</b>	LK
<b>Geslag:</b>	Manlik
<b>Graad:</b>	5

Deelnemer 3 se toetsresultate blyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisieke self	8
Akademiese self	6
Sosiale self	7
Waardesself	7
Gesinself	6
Psigiese self	8
<b>Totale roupunt:</b>	42

Tabel 4.3: Toetsresultate – deelnemer 3

Die deelnemer se totale telling van 42 dui op ‘n *gemiddelde* selfbeeld. Indien daar na die onderskeie onderafdelings gekyk word, blyk die volgende:

#### **4.3.2.3.1 Fisiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer het ‘n telling van 8 behaal vir hierdie subtoets. Die telling impliseer dat hy oor ‘n *bo gemiddelde* fisiese selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy tevrede is met sy voorkoms, liggaam en vaardighede.

#### **4.3.2.3.2 Akademiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer se telling van 6 impliseer dat hy ‘n *gemiddelde* selfbeeld het ten opsigte van sy intellektuele vaardighede. Dit beteken dat hy tot ‘n mate tevrede is oor sy akademiese prestasies. Hy voel soms dat hy nie werk vinnig verstaan nie, met die gevolg dat hy nie altyd in staat is om goeie punte te behaal nie.

#### **4.3.2.3.3 Sosiale self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer het ‘n telling van 7 behaal wat daarop dui dat hy ‘n *bo gemiddelde* selfbeeld ten opsigte van sy sosiale verhoudinge het. Dit impliseer dat hy gewoonlik nie sukel om vriende te maak nie.

#### **4.3.2.3.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het ‘n telling van 7 behaal wat daarop dui dat hy oor ‘n *gemiddelde* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy homself gewoonlik beskou as ‘n eerlike, liefdevolle en vriendelike persoon.

#### **4.3.2.3.5 Gesinself**

Die gemiddelde sutoetstelling is 8, 487. Die deelnemer se telling van 6 dui op ‘n *onder gemiddelde gesinselfbeeld*. Hy voel onseker oor sy ouers en gesinslede se liefde vir hom.

#### **4.3.2.3.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Die deelnemer het ‘n telling van 8 behaal wat dui op ‘n *bo gemiddelde* beeld ten opsigte van sy eie doeltreffendheid. Hy twyfel dus nie in sy eie doeltreffendheid nie en glo dat hy daartoe in staat is om dinge te doen. Hy sukkel gewoonlik nie om besluite te maak nie.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer se totale selfwaarde nie bo gemiddeld is nie en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van ‘n ongestructureerde onderhoud.

#### **Vanuit die ongestructureerde onderhoud blyk die volgende:**

Behalwe dat hy graag maerder wil wees, voel hy tevrede oor sy voorkoms en fisiese vaardighede. Hy is nie ten volle tevrede met sy skoolpunte nie met die gevolg dat hy nie sy rapport uitslae graag met sy maats wil deel nie (*Verlies aan beheer en egotisme*). Die deelnemer wil nie hê dat ander leerlinge sy skoolboeke moet sien óf sy werk moet afskryf nie. Die rede hiervoor is dat hy wil voorkom dat sy boeke wegraak (*Retrofleksiewe gedrag*). Die deelnemer voel dat hy sukkel om te lees en dat dit kom lank neem om skoolwerk te leer. Gevolglik kry hy nie altyd goeie punte nie (*Egotisme*).

Die deelnemer is tevrede met sy sosiale verhoudinge en beskryf homself as vriendelik. Hy verduidelik dat hy nie sukkel om maats te maak nie en dat al die seuns in sy klas feitlik sy maats is. Hy beskryf sy populariteit as gemiddeld en voel dat ander daarvan hou as hy klasleier is. Hy hou nie daarvan indien meisies pouses saam speel nie, omdat hulle die speletjie wil kies en “baas” wil speel. Hy

voel soms selfbewus indien hy voor in die klas moet praat. Wanneer kinders met hom lelik is dan sal hy terug lelik wees met hulle (*Verlies aan beheer*). Hy is soms onbeskof teenoor onderwysers.

Hy beskryf homself as 'n gehoorsame kind wat soms die reëls oortree (*Swak kontakmaking met omgewing en samevloeiing*). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer hy terugpraat. Hy luister na raad wat aan hom gegee word en hy glo dat hy daartoe in staat is om dinge te doen.

Die deelnemer se ouers is geskei. Hy woon tans by sy ma saam met sy sussie. Hy besoek sy pa elke tweede naweek. Sy pa is weer getroud en hy het twee jonger stiefboeties. Hy twyfel soms in sy pa se liefde vir hom (*Swak organismiese selfregulering ten einde balans te kry, verlies aan beheer*). Hy verduidelik dat sy pa goed doen wat hom laat voel asof hy nie vir hom omgee nie (*Swak organismiese selfregulering, verlies aan beheer*). Sy pa koop nijs van sy benodigdhede vir hom nie. By die huis voel dit vir hom of sy sussie voorgetrek word (*Egotisme*). Hy toon 'n behoefte aan fisiese liefde betoning, byvoorbeeld drukkies.

Dit is duidelik vanuit die onderhou dat die volgende belangrike Gestaltbeginsels na vore getree het:

- swak organismiese selfregulering ten einde balans te kry;
- egotisme;
- verlies aan beheer;
- swak kontakmaking met omgewing en samevloeiing.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne 'n vals laag gevind word weens die feit dat hy homself rig tot samevloeiing en swak kontakmaking. Hy is dus onbewus van wie en wat hy is.

### **Terugvoer oor die selfkonsepvraelys aan die deelnemer:**

Die deelnemer is van mening dat sy totale selfbeeldtelling wel gemiddeld is.

Versadigingspunt is nie bereik ten opsigte van die Gestaltbeginsels wat uit die ongestruktureerde onderhoud voortgespruit het nie wat beteken dat 'n verdere deelnemer geselekteer word.

#### **4.3.2.4 Deelnemer 4**

Daar is vir die doeleinades van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde die deelnemer te identifiseer.

<b>Naam:</b>	JHG
<b>Geslag:</b>	Manlik
<b>Graad:</b>	5

Deelnemer 4 se toetsresultate blyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisieke self	10
Akademiese self	6
Sosiale self	5
Waardesself	9
Gesinself	9
Psigiese self	7
<b>Totale roupunt:</b>	<b>46</b>

Tabel 4.4: Toetsresultate – deelnemer 4

Die deelnemer se totale telling van 46 duï op 'n *gemiddelde* selfbeeld. Indien daar na die onderskeie onderafdelings gekyk word, blyk die volgende:

#### **4.3.2.4.1 Fisieke self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer het 'n telling van 10 behaal vir hierdie subtoets. Die telling impliseer dat hy oor 'n baie *hoë* fisieke selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy tevrede is met sy voorkoms, liggaaam en vaardighede.

#### **4.3.2.4.2 Akademiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer se telling van 6 impliseer dat hy 'n *gemiddelde* selfbeeld het ten opsigte van sy intellektuele vaardighede. Dit beteken dat hy tot 'n mate tevrede is oor sy akademiese prestasies. Hy voel soms dat hy nie werk vinnig verstaan nie, met die gevolg dat hy nie altyd in staat is om goeie punte te behaal nie.

#### **4.3.2.4.3 Sosiale self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer het 'n telling van 5 behaal wat daarop dui dat hy 'n *onder gemiddelde* selfbeeld ten opsigte van sy sosiale verhoudinge het. Dit impliseer dat hy gewoonlik sukkel om vriende te maak, geneig is om teruggetrokke te wees, is selfbewus, onseker en skaam. Hieruit kan daar aangelei word dat hy swak verhoudings met vriende het en gevoglik baie alleen is.

#### **4.3.2.4.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het 'n telling van 9 behaal wat daarop dui dat hy oor 'n *bo gemiddelde* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy homself gewoonlik beskou as 'n eerlike, liefdevolle en vriendelike persoon.

#### **4.3.2.4.5 Gesinsself**

Die gemiddelde sutoetstelling is 8,487. Die deelnemer se telling van 9 dui op 'n *bo gemiddelde* gesinsselfbeeld. Hy voel veilig in sy gesinsverband en voel seker oor sy ouers en gesinslede se liefde vir hom.

#### **4.3.2.4.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Die deelnemer het 'n telling van 7 behaal wat dui op 'n *bo gemiddelde* beeld ten opsigte van sy eie doeltreffendheid. Hy twyfel dus nie in sy eie doeltreffendheid nie en glo dat hy daartoe in staat is om dinge te doen. Hy sukkel gewoonlik nie om besluite te maak nie.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer nie oor 'n *bo gemiddelde* totale selfwaarde beskik nie en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van 'n ongestructureerde onderhoud.

#### **Vanuit die ongestructureerde onderhoud blyk die volgende:**

Hy is grootliks tevrede met sy voorkoms en fisiese vaardighede, maar sal graag nog maerder en langer wil wees. Hy toon ook die behoefte om bietjie sterker te word sodat hy swaar voorwerpe vir sy oupa kan optel (*Onvoltooidhede*). Hy versorg homself goed.

Die deelnemer hou van skool. Dit is egter vir hom sleg as ander kinders hom spot en as hy ditensie kry. Hy verduidelik dat die onderwysers van mening is dat hy baie jok (*Swak verantwoordelikheidneming en egotisme*). Hy stem saam dat hy baie jok, maar dat hy nie beheer daaroor het nie (*Verlies aan beheer, egotisme*). Hy wil graag minder jok (*Introjek*).

Die deelnemer voel in die oggende opgewonde oor skool. Hy geniet dit om met sy maats te speel, hou nie daarvan om te baklei nie, en geniet dit as ander na sy planne luister. Hy ondervind skool sleg wanneer hy vals beskuldig word, die onderwysers hom nie vertrou nie, indien hy gespot word, en wanneer hy ditensie moet sit. Dit voel vir hom of die onderwysers hom nie verstaan nie (*Verlies aan beheer*).

Die deelnemer sukkel om skoolwerk te verstaan. Indien hy huiswerk het waarmee hy sukkel, sal hy dit los vir later en op die ou einde daarvan vergeet (*Swak verantwoordelikheidneming*). Hy verduidelik dat hy sukkel om te konsentreer in die klas indien daar baie geraas is (*Egotisme*). Hy is nie tevrede met sy skoolpunte nie (*Verlies aan beheer*). Moontlike redes hiervoor is dat hy min tyd het om huiswerk te doen omdat hy saam met sy ouers na sy suster se buitemuurse aktiwiteite gaan, en hy voel dat hy nie altyd die benodigdhede het om sy take te voltooi nie.

Die deelnemer beskryf homself as 'n onpopulêre persoon (*Isolasie*). Hy het maats, maar indien sy maats afwesig is dan wil ander kinders nie met hom speel nie. Hy wil graag meer maats hê maar vind dit moeilik om nuwe maats te maak. Hy voel dat die kinders meeste van die tyd lelik is met hom en hom gedurig spot (*Verlies aan verantwoordelikheidneming*). Dit maak hom baie seer (dit voel soos 'n mes wat hom herhaaldelik steek) (*Verlies aan beheer*). Hy vind dit nie meer so maklik om voor die klas 'n praatjie te lewer nie.

Behalwe vir al die leuens wat die deelnemer vertel, voel hy dat hy 'n gehoorsame kind is. Hy is meeste van die tyd vriendelik, maar raak baie vinnig kwaad as ander kinders hom seermaak (*Polariteit*). Hy verduidelik dat hy egter eers ander slaan nadat hulle hom eerste geslaan het (*Verlies aan verantwoordelikheidneming*). Indien hy kwaad word, raak hy buite beheer (*Verlies aan beheer, swak selfregulerende gedrag*). Hy dink nie voordat hy optree nie. Hy is soms ongeskik teenoor ander, maar voel vinnig sleg daaroor en wil dan vrede maak (*Introjekte*). Die ander maats wil dan niks daarvan weet nie.

Die deelnemer voel nie altyd veilig by sy huis nie (*Verlies aan beheer*). Sy ouers raas baie met hom (*Swak kontak met omgewing*). Hy verduidelik dat die bure hom mooi behandel en vir hom soos 'n tweede familie voel. Hy voel dat sy biologiese pa 'n slegte invloed op hom het en wil gevolglik niks met hom te doen hê nie (*Egotisme*). Sy ma is weer getroud en hy aanvaar sy stiefpa as 'n vaderfiguur

(*Introjek*). Sy ouers gee liefde en versorg hom, maar hy voel hulle verstaan hom nie (*Polariteit*). Indien hulle vriendelik en gaaf met hom is, ervaar hy hulle liefde vir hom (*Isolasie*). Wanneer hulle hom egter paksdae gee en kwaad vir hom is, dan twyfel hy in hulle liefde vir hom (*Polariteit*).

Die deelnemer hou daarvan om nuwe dinge aan te pak. Hy probeer sy beste en wanneer dit te moeilik raak, sal hy dit verstaan. Hy luister na raad wat aan hom gegee word, maar dit werk nie altyd nie. Hy vind dit soms moeilik om besluite te maak (*Verlies aan beheer*)

Die deelnemer toon 'n behoefte om te verander en 'n beter voorbeeld vir ander te wees (*Introjek*). Hy wil graag 'n leier wees en makliker maats maak (*Introjek*). Hy wil nie so vinnig kwaad word en so baie leuens vertel nie (*Introjek*).

Dit is duidelik vanuit die onderhou dat die volgende belangrike Gestaltbeginsels na vore getree het:

- verlies aan beheer;
- introjekte;
- polariteit;
- swak kontak met omgewing;
- isolasie; en
- egotisme.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne 'n vals laag gevind word weens die feit dat hy swak kontak maak met sy omgewing, in isolasie bestaan, en volgens introjekte optree.

#### **Terugvoer oor die selfkonsepvraelys aan die deelnemer:**

Hy stem saam met sy *totale* selfbeeldtelling.

Versadigingspunt is nie bereik ten opsigte van die kwalitatiewe komponente wat uit die ongestructureerde onderhou voortgespruit het nie wat beteken dat 'n verdere deelnemer geselekteer word.

#### **4.3.2.5 Deelnemer 5**

Daar is vir die doeleindes van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde die deelnemer te identifiseer.

<b>Naam:</b>	RW
<b>Geslag:</b>	Manlik
<b>Graad:</b>	6

Deelnemer 5 se toetsresultate blyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisiese self	8
Akademiese self	6
Sosiale self	9
Waardesself	5
Gesinself	10
Psigiese self	6
<b>Totale roupunt:</b>	<b>44</b>

Tabel 4.5: Toetsresultate – deelnemer 5

Die deelnemer se totale telling van 44 dui op 'n *gemiddelde* selfbeeld. Indien daar na die onderskeie onderafdelings gekyk word, blyk die volgende:

##### **4.3.2.5.1 Fisiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer het 'n telling van 8 behaal vir hierdie subtoets. Die telling impliseer dat hy oor 'n *hoë* fisiese selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy tevrede is met sy voorkoms, liggaam en vaardighede.

#### **4.3.2.5.2 Akademiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer se telling van 6 impliseer dat hy 'n *gemiddelde* selfbeeld het ten opsigte van sy intellektuele vaardighede. Dit beteken dat hy tot 'n mate tevrede is oor sy akademiese prestasies. Hy voel soms dat hy nie werk vinnig verstaan nie, met die gevolg dat hy nie altyd in staat is om goeie punte te behaal nie.

#### **4.3.2.5.3 Sosiale self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer het 'n telling van 9 behaal wat daarop dui dat hy 'n *bo gemiddelde* selfbeeld ten opsigte van sy sosiale verhoudinge het. Dit impliseer dat hy nie sukkel om vriende te maak nie.

#### **4.3.2.5.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het 'n telling van 5 behaal wat daarop dui dat hy oor 'n *onder gemiddelde* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy homself gewoonlik nie beskou as 'n eerlike, liefdevolle en vriendelike persoon nie.

#### **4.3.2.5.5 Gesinsself**

Die gemiddelde sutoetstelling is 8, 487. Die deelnemer se telling van 10 dui op 'n baie *hoë* gesinsselfbeeld. Hy voel veilig in sy gesinsverband en voel seker oor sy ouers en gesinslede se liefde vir hom.

#### **4.3.2.5.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Die deelnemer het 'n telling van 6 behaal wat dui op 'n *gemiddelde* beeld ten opsigte van sy eie doeltreffendheid. Hy twyfel soms in sy eie doeltreffendheid en glo dat hy nie altyd dinge *kan* doen nie. Hy sukkel soms om besluite te maak en kan impulsief optree.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer nie oor 'n bo gemiddelde totale selfwaarde beskik nie en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van 'n ongestruktureerde onderhoud

**Vanuit die ongestruktureerde onderhoud blyk die volgende:**

Hy is 'n sportiewe kind wat aan atletiek en rugby deelneem. Hy beskryf homself as 'n gesonde kind wat homself versorg. Hy is tevrede met sy voorkoms en fisiese vaardighede.

Hy verstaan partykeer nie sy skoolwerk nie. Hy sukkel tans veral met breuke en hy is van mening dat hy nie goed Engels kan praat nie (*Egotisme*). Hy sukkel met Engelse leeswerk indien daar groot woorde met moeilike betekenisse daarin voorkom. Hy verduidelik dat hy netjies in sy skoolboeke werk. Hy wil nie altyd hê dat ander sy boeke moet sien nie omrede hy nie teveel oor sy werk wil spog nie (*Egotisme*). Hy hou van Afrikaans, Kuns en Kultuur, en Wiskunde. Hy wil graag sy Wiskunde punt verbeter.

Die deelnemer is van mening dat hy maklik maats maak. Hy het tans baie maats. Sy maats is nie slegs beperk tot die laerskool nie, maar hy het ook maats wat in die hoërskool is. Hy beskryf homself as 'n vriendelike seun wat dit geniet om met ander kinders te speel en gesels. Hy beskou homself nie as 'n skaam ou nie en vind dit maklik om met ander persone te gesels. Hy is van die opinie dat hy gewoonlik populêr onder die kinders is.

Hy beskryf homself as 'n seun wat nie vinnig kwaad word nie. Hy hou nie daarvan om te baklei nie (*Introjek*). Hy raak kwaad wanneer kinders grappe oor sy familie of ma maak (*Verlies aan beheer*). Hy tree soms impulsief op en sal graag dit wil verander (*Swak verantwoordelikheidneming*). Hy is 'n gehoorsame kind by die huis en skool. Hy het lank terug ditensie gesit of pakslae gekry. Hy is van mening dat hy 'n eerlike seun is.

Die deelnemer se ouers is nie geskei nie. Hulle is twee kinders – hy en ‘n ouer broer. Hy kom goed met sy ouers en broer oor die weg. Hy spandeer baie tyd saam met sy gesinslede. Dit is vir hom lekker om tyd saam met hulle te spandeer. Hy voel veilig in sy gesin en voel seker oor sy gesinslede se liefde vir hom. Hulle gee vir mekaar om.

Soms vind die deelnemer dit moeilik om met skooltake te begin. Dit klink moeilik alvorens hy daarmee begin het. Hy voel partykeer minderwaardig teenoor ander leerders wat beter in ‘n vak presteer (*Verlies aan beheer*). Hy beskou homself as ‘n kind wat luister na raad en maklik besluite neem.

Dit is duidelik vanuit die onderhou dat die volgende belangrike Gestaltbeginsels na vore getree het:

- verlies aan beheer;
- swak verantwoordelikheidneming;
- introjekte; en
- egotisme.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne ‘n vals laag gevind word weens die feit dat sy gedrag grootliks deur introjekte en sosiaal aanvaarbare gedrag gemotiveer word.

#### **Terugvoer oor die selfkonsepvrayers aan die deelnemer:**

Hy stem saam met sy *totale* selfbeeldtelling.

Versadigingspunt is nie bereik ten opsigte van die kwalitatiewe komponente wat uit die ongestructureerde onderhou voortgespruit het nie wat beteken dat ‘n verdere deelnemer geselekteer word.

#### **4.3.2.6 Deelnemer 6**

Daar is vir die doeleindeste van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde die deelnemer te identifiseer.

<b>Naam:</b>	LB
<b>Geslag:</b>	Manlik
<b>Graad:</b>	6

Deelnemer 6 se toetsresultate blyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisieke self	8
Akademiese self	6
Sosiale self	5
Waardesself	7
Gesinself	8
Psigiese self	6
<b>Totale roupunt:</b>	<b>40</b>

Tabel 4.6: Toetsresultate – deelnemer 6

Die deelnemer se totale telling van 40 dui op ‘n *gemiddelde* selfbeeld. Indien daar na die onderskeie onderafdelings gekyk word, blyk die volgende:

##### **4.3.2.6.1 Fisieke self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer het ‘n telling van 8 behaal vir hierdie subtoets. Die telling impliseer dat hy oor ‘n *hoë* fisieke selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy tevrede is met sy voorkoms, liggaam en vaardighede.

##### **4.3.2.6.2 Akademiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer se telling van 6 impliseer dat hy ‘n *gemiddelde* selfbeeld het ten opsigte van sy intellektuele vaardighede.

Dit beteken dat hy tot 'n mate tevrede is oor sy akademiese prestasies. Hy voel soms dat hy nie werk vinnig verstaan nie, met die gevolg dat hy nie altyd in staat is om goeie punte te behaal nie.

#### **4.3.2.6.3 Sosiale self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer het 'n telling van 5 behaal wat daarop dui dat hy 'n *onder gemiddelde* selfbeeld ten opsigte van sy sosiale verhoudinge het. Dit impliseer dat hy sukkel om vriende te maak, geneig is om teruggetrokke te wees, is selfbewus, onseker en skaam. Hieruit word daar afgelei dat hy swak verhoudings met vriende het en gevolglik baie alleen is.

#### **4.3.2.6.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het 'n telling van 7 behaal wat daarop dui dat hy oor 'n *gemiddelde* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy homself gewoonlik beskou as 'n eerlike, liefdevolle en vriendelike persoon.

#### **4.3.2.6.5 Gesinsself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 8, 487. Die deelnemer se telling van 8 dui op 'n *gemiddelde* gesinsselfbeeld. Hy voel veilig in sy gesinsverband maar twyfel soms oor sy ouers en gesinslede se liefde vir hom.

#### **4.3.2.6.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Die deelnemer het 'n telling van 6 behaal wat dui op 'n *gemiddelde* beeld ten opsigte van sy eie doeltreffendheid. Hy twyfel soms in sy eie doeltreffendheid en glo dat hy nie altyd dinge *kan* doen nie. Hy sukkel soms om besluite te maak en kan impulsief optree.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer nie oor 'n bo gemiddelde totale selfwaarde beskik nie en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van 'n ongestructureerde onderhoud.

### **Vanuit die ongestrukteerde onderhoud blyk die volgende:**

Hy is tevrede met homself. Hy kry egter baie kopseer as gevolg van sy permanente bril met die gevolg dat hy die bril nie heeltyd dra nie (*Verlies aan beheer*).

Die deelnemer voel dat hy partykeer sukkelding om werk te verstaan (*Verlies aan beheer*). Hy is gelukkig met sy punte maar dit kan nog verbeter (*Polariteit*). Hy verduidelik dat hy nie altyd sy werk kan onthou tydens eksamens of toetse nie (*Swak verantwoordelikheidneming*). Hy hou nie daarvan om te lees nie. Hy wil nie graag hê dat ander kinders sy skoolboeke moet sien nie omdat hy baie foute maak. Hy geniet skool nie baie nie, maar vind dit lekker om met sy maats te sosialiseer (*Polariteit*).

Hy het baie vriende by die skool en maak maklik maats. Hy dink dat ander kinders oor die algemeen baie van hom hou. "Almal" is sy maats (*Samevloeiing met omgewing swak grense*). Hy beskryf homself as die stiller een onder sy maats. Hy luister na wat sy maats gesels en hou van grappe maak. Hy is meeste van die tyd vriendelik.

Hy raak nie kwaad by die skool nie. By die huis raak hy egter kwaad vir sy broer omdat sy broer hom seermaak wanneer hy met hom speel (*Swak verantwoordelikheidneming*).

Hy beskryf homself as nie altyd eerlik nie. Wanneer hy stout was sal hy leuens vertel om uit die moeilikheid te kom (*Egotisme*).

Die deelnemer se ouers is nie geskei nie en hulle is vier kinders waarvan hy die tweede oudste is. Hy voel gelukkig oor sy gesin. Hy ervaar sy pa as 'n streng ouer. Hy voel meestal dat sy ouers vir hom lief is en vir hom omgee. Wanneer hulle egter met hom raas, twyfel hy in hulle liefde vir hom. Alhoewel sy pa met

hulle speel, toon hy 'n behoefte om meer tyd met sy pa te spandeer. Sy pa werk soms lang ure met die gevolg dat hy moeg is wanneer hy huis kom, óf hy is vir dae uitgestdig op besigheid.

Hy beskryf homself as 'n kind wat nie maklik kwaad word of impulsief optree nie. Hy sukkel partykeer om besluite te maak (*Verlies aan beheer*). Hy is 'n rustige kind wat nie minderwaardig voel nie. Hy help graag sy pa om aan die kar te werk en hy leer baie dinge by sy ouer broer.

Dit is duidelik vanuit die onderhoud dat die volgende belangrike Gestaltbeginsels na vore getree het:

- verlies aan beheer;
- egotisme;
- swak grense en samevloeiing met omgewing;
- swak verantwoordelikheidneming; en
- polariteit.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne 'n vals laag gevind word weens die feit dat hy probeer wees wie hy nie is nie. Polariteit, samevloeiing en swak grense is kenmerkende kontakgrensversteurings onder kinders wat nie in kontak met hulle self is nie.

#### **Terugvoer oor die selfkonsepvrælys aan die deelnemer:**

Die deelnemer stem saam dat hy oor 'n gemiddelde selfbeeld beskik.

Versadigingspunt is nie bereik ten opsigte van sekere Gestaltbeginsels wat uit die ongestructureerde onderhoud voortgespruit het nie wat beteken dat 'n verdere deelnemer geselekteer word.

#### **4.3.2.7 Deelnemer 7**

Daar is vir die doeleindeste van vertroulikheid slegs voorletters benut ten einde die deelnemer te identifiseer.

<b>Naam:</b>	SS
<b>Geslag:</b>	Manlik
<b>Graad:</b>	7

Deelnemer 8 se toetsresultate blyk soos volg:

Onderafdelings	Totaal
Fisiese self	5
Akademiese self	7
Sosiale self	8
Waardesself	8
Gesinself	9
Psigiese self	7
<b>Totale roupunt:</b>	<b>44</b>

Tabel 4.7: Toetsresultate – deelnemer 7

Die deelnemer se totale telling van 44 dui op ‘n *gemiddelde* selfbeeld. Indien daar na die onderskeie onderafdelings gekyk word, blyk die volgende:

##### **4.3.2.7.1 Fisiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274. Die deelnemer het ‘n telling van 5 behaal vir hierdie subtoets. Die telling impliseer dat hy oor ‘n *onder gemiddelde* fisiese selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy nie tevrede is met sy voorkoms, liggaam en vaardighede nie.

##### **4.3.2.7.2 Akademiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,794. Die deelnemer se telling van 7 impliseer dat hy 'n *bo gemiddelde* selfbeeld het ten opsigte van sy intellektuele vaardighede. Dit beteken dat hy tevrede is met sy akademiese prestasies.

#### **4.3.2.7.3 Sosiale self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,631. Die deelnemer het 'n telling van 8 behaal wat daarop dui dat hy 'n *bo gemiddelde* selfbeeld ten opsigte van sy sosiale verhoudinge het. Dit impliseer dat hy nie sukkel om vriende te maak nie.

#### **4.3.2.7.4 Waardesself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241. Die deelnemer het 'n telling van 8 behaal wat daarop dui dat hy oor 'n *bo gemiddelde* waarde selfbeeld beskik. Dit beteken dat hy homself beskou as 'n eerlike, liefdevolle en vriendelike persoon.

#### **4.3.2.7.5 Gesinsself**

Die gemiddelde subtoetstelling is 8,487. Die deelnemer se telling van 9 dui op 'n *bo gemiddelde* gesinsselfbeeld. Hy voel veilig in sy gesinsverband en is seker oor sy ouers en gesinslede se liefde vir hom.

#### **4.3.2.7.6 Psigiese self**

Die gemiddelde subtoetstelling is 6,392. Die deelnemer het 'n telling van 7 behaal wat dui op 'n *hoë* beeld ten opsigte van sy eie doeltreffendheid. Hy glo dat hy daartoe in staat is om dinge te doen. Hy sukkel nie om besluite te neem nie.

Vanuit bogenoemde profiel is dit dus duidelik dat die deelnemer nie oor 'n *bo gemiddelde* totale selfwaarde beskik nie en dus geskik is vir die insameling van data deur middel van 'n ongestructureerde onderhoud.

#### **Vanuit die ongestructureerde onderhoud blyk die volgende:**

Hy is tevrede met sy voorkoms en fisiese vaardighede. Hy beskryf homself as 'n gesonde kind wat nie maklik siek word nie. Hy is 'n sportiewe seun wat aan

atletiek, rugby en “baseball” deelneem. Daar is niks wat hy omtrent homself wil verander nie.

Alhoewel die deelnemer nie van skool hou nie, geniet hy sy vakke en sosialisering met sy maats (*Polariteite*). Hy hou daarvan om baie maats te hê en gaan saam met hulle uit. Hy beskryf homself as ‘n seun wat nie baie baklei nie. Die kinders is nie lelik met hom nie en hy word ook nie gespot nie.

Hy sukkel nie altyd om sy skoolwerk te verstaan nie (*Verlies aan beheer*). Hy beskryf sy leesvermoë as goed. Hy is trots op sy skoolwerk.

Hy is partykeer ongehoorsaam by die skool deurdat hy die juffrouens in die klas pla (*Swak grense*). Hy word nie vinnig kwaad nie en beskou homself as ‘n eerlike persoon.

Vanuit die onderhoud het die volgende belangrike gestaltbeginsels na vore getree:

- swak grense;
- polariteite; en
- verlies aan beheer.

Die deelnemer se struktuur van persoonlikheid kan binne ‘n vals laag gevind word weens die feit dat hy oor swak grense beskik en konflik tussen twee polariteite ervaar. Onbewustheid ten opsigte van hierdie konflik, kan aanleiding gee tot ‘n gefragmenteerde bestaan.

#### **Terugvoer oor die selfkonsepvraelys aan die deelnemer:**


Hy stem saam met sy *totale* selfbeeld telling.

Versadigingspunt ten opsigte van alle Gestalkomponente wat tydens die ongestruktureerde onderhoude voortgespruit het, is bereik wat beteken dat geen verdere deelnemers geselekteer hoef te word nie.

#### **4.3.3 GESAMENTLIKE BEVINDINGS VAN DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE KOMPONENTE VAN DIE STUDIE**

Indien die deelnemers se toetsresultate vir die kwalitatiewe komponent van die studie met mekaar vergelyk word, blyk dit soos volg:

##### **4.3.3.1 Fisieke self**




Grafiek 4.1: Grafiese voorstelling van deelnemers se fisieke self.

**Die gemiddelde subtoetstelling is 7,274**

Vanuit die grafiese voorstelling van die subtoetsresultate is dit duidelik dat twee deelnemers oor 'n onder gemiddelde fisieke selfbeeld beskik. Twee deelnemers het gemiddelde fisieke selfbeeld, terwyl drie deelnemers oor bo gemiddelde fisieke selfbeeld beskik.

#### 4.3.3.2 Akademiese self




Grafiek 4.2: Grafiese voorstelling van deelnemers se akademiese self.

#### Die gemiddelde subtoetstelling is 6, 794

Die onderskeie subtoetsresultate toon dat twee van die deelnemers oor 'n onder gemiddelde akademiese selfbeeld beskik. Vier van die deelnemers het 'n gemiddelde telling behaal, terwyl een deelnemer bo gemiddeld presteer het.

#### 4.3.3.3 Sosiale self




Grafiek 4.3: Grafiese voorstelling van deelnemers se sosiale self.

#### Die gemiddelde subtoetstelling is 6, 631

Vanuit die grafiese voorstelling is dit duidelik dat vier van die deelnemers oor onder gemiddelde sosiale selfbeelde beskik. Drie van die deelnemers het bo gemiddeld op hierdie subtoets presteer. Geen deelnemers beskik oor 'n gemiddelde sosiale selfbeeld nie.

#### 4.3.3.4 Waardesself




Grafiek 4.4: Grafiese voorstelling van deelnemers se waardesself.

#### Die gemiddelde subtoetstelling is 7,241

Die grafiese voorstelling van die subtoetsresultate toon dat twee van die deelnemers oor lae waarde selfbeelde beskik. Twee deelnemers het gemiddelde tellings behaal, terwyl drie deelnemers bo gemiddelde tellings behaal het.

#### 4.3.3.5 Gesinself




Grafiek 4.5: Grafiese voorstelling van deelnemers se gesinsself.

**Die gemiddelde subtoetstelling is 8, 487**

Vanuit die grafiese voorstelling is dit duidelik dat twee deelnemers onder gemiddelde gesinselfbeelde behaal het. Een deelnemer beskik oor 'n gemiddelde gesinsself terwyl vier deelnemers 'n bo gemiddelde telling verkry het.

#### 4.3.3.6 Psigiese self




Grafiek 4.6: Grafiese voorstelling van deelnemers se psigiese self.

#### Die gemiddelde subtoetstelling is 6, 392

Die grafiese voorstelling van die subtoetsresultate duï aan dat twee deelnemers oor onder gemiddelde en twee deelnemers oor gemiddelde psigiese selfbeelde beskik. Drie van die deelnemers het bo gemiddelde psigiese selfbeeldtellings behaal.

#### 4.3.3.7 Totale selfbeeldtellings



Grafiek 4.7: Grafiese voorstelling van deelnemers se totale selfbeeld.

#### 'n Gemiddelde selfkonseptelling val tussen 37-47.

Die *totale* selfbeeldtellings word op die bogaande grafiek voorgestel. Hieruit is dit duidelik dat twee deelnemers oor *onder gemiddelde* selfbeelde beskik, terwyl vyf deelnemers oor *gemiddelde* selfbeelde beskik. Geen deelnemer het *bo gemiddelde* selfbeeldtelling behaal nie.

'n Bevinding wat egter nie oorsien moet word nie, is die deelnemers se totale selfbeeldtellings. Geen van die deelnemers het 'n *bo gemiddelde* selfbeeldtelling

behaal nie. Die deelnemers is dus nie altyd tevrede met hulself ten opsigte van hul fisiese, akademiese, sosiale, waardes, gesin en psigiese bestaan nie.

Die interpretasie hiervan binne die konteks van die kwalitatiewe komponent van die navorsing wat ook dan binne die konteks van die Gestaltbenadering 'n profiel van die kind wat ander afknou kan gee, lyk soos volg:

Gestaltbeginsels wat voorkom by die kind wat ander afknou sluit onder meer die volgende in:

- hierdie kind ervaar onvoltooidhede en funksioneer binne isolasie;
- egotisme kom deurlopend voor;
- verlies aan beheer word deurlopend beleef;
- die teenwoordigheid van introjekte kom voor;
- die teenwoordigheid van retrofleksieve gedrag kom voor;
- die teenwoordigheid van projektiewe gedrag kom voor;
- swak organismiese selfregulering bestaan;
- swak kontakmaking met omgewing bestaan;
- swak grense en samevloeiing met omgewing bestaan;
- swak verantwoordelikheidneming kom voor; en
- hierdie kinders kan in polariteit funksioneer.

#### **4.4. SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die profiel van die kind wat ander afknou ten opsigte van sy selfwaarde en Gestaltfunksionering deur middel van empiriese navorsingsprosesse bepaal.

In die bevindinge het dit duidelik na vore gekom dat die kind wat ander afknou nie noodwendig oor 'n goeie selfbeeld of hoe selfwaarde oor homself/haarself beskik nie. Spesifieke gestaltbeginsels kon geïdentifiseer word wat 'n aanduiding aan

spelterapeute kan bied hoe hierdie kind hanteer kan word binne 'n terapeutiese situasie.

In hoofstuk 5 sal daar 'n beskrywing en die belangrikste gevolgtrekkings en aanbevelings geskied. 'n Evaluering van die totale navorsingsproses sal ook gedoen word.

## **HOOFSTUK 5**

### **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

#### **5.1 INLEIDING**

In hoofstuk vier is daar 'n uiteensetting aangebied van die empiriese proses wat gevolg is ten einde die doel van die navorsing, naamlik om 'n profiel van die kind wat ander afknou beter bekend as 'n "boelie", saam te stel en met behulp van die Gestaltbenadering te beskryf ten einde insig te ontwikkel in die redes vir sy optrede en sodoende voorkomende handelswyses voor te stel vir persone binne die leefwêreld van hierdie kind.

Hierdie hoofstuk fokus op samevattings en gevolgtrekkings van die onderskeie hoofstukke, sowel as die bevestiging en beantwoording van die navorsingsvraag en die bereiking al dan nie van die navorsingsdoel en doelwitte. Die hoofstuk sal aangebied word deur elke hoofstuk saam te vat, tot 'n gevolgtrekking te kom en aanbevelings te maak. Daar sal met hoofstuk een begin word.

#### **5.2 HOOFSTUK 1**

##### **5.2.1 Samevatting**

Aan die begin van die middelkinderjarige fase betree kinders die skool en begin hulle amptelik met hul skoolloopbaan. Die skoolomgewing word gekenmerk aan sosiale verhoudings en sosiale groepe wat saamgestel is uit leerlinge met verskeie agtergronde en opvoedings. Die gebrek aan probleemplossingsvaardighede kan konflik tot gevolg hê wat tot boeliegedrag onder leerlinge kan ontwikkel.

Boeliegedrag is 'n algemene verskynsel onder skoolleerlinge wat gekenmerk word aan 'n gebrek aan respek vir ander se persoonlike regte. Dit is 'n komplekse

sosiale probleem wat nie aan slegs een oorsakende faktor toegeskryf kan word nie, maar aan 'n kombinasie van faktore. Een individuele faktor wat moontlik tot boeliegedrag kan bydra, is die boelie se selfbeeld. Wat is die aard van 'n boelie se selfbeeld wat moontlik tot boeliegedrag kan bydra?

Ten einde die navorsingsdoel te bepaal, is besluit om deur middel van meervoudige gevallestudies Gestaltbeginsels te identifiseer en 'n profiel met die hulp van 'n sielkundige meetinstrument te bepaal. Elke deelnemer is dus in afsonderlikheid bestudeer. Die navorsingsbenadering wat gevvolg is, is 'n gekombineerde kwalitatief-kwantitatiewe benadering wat beskrywend van aard is. Die kwantifisering van die selfbeeldprofiel het as vertrouenswaardigheidstrategie vir die kwalitatiewe komponent gedien. Die tipe navorsing is toegepaste navorsing, deurdat die navorsingsresultate in praktyk as riglyne gebruik kan word vir die beplanning van terapie, en die ontwikkeling van intervensie programme wat op die boelie fokus.

### **5.2.2 Gevolgtrekking**

Uit die beskrywing van Hoofstuk 1 kan die volgende genoem word:

- boeliegedrag is 'n komplekse sosiale probleem wat hoofsaaklik in die skoolomgewing plaasvind;
- boeliegedrag is 'n produk van interpersoonlike kontak en 'n gebrek aan probleemplossingsvaardighede;
- tot op hede is daar nog min navorsing oor boelies en boeliegedrag in Suid-Afrika gedoen;
- boeliegedrag het negatiewe gevolge vir beide die slagoffer en die boelie;
- geweld onder skoolleerlinge begin aanvanklik met onskuldige afknouery wat later ontaard in skoolgeweld waarby wapens betrokke kan wees;

- indien ‘n boelie se gedrag nie aangespreek word nie, bestaan daar ‘n groot risiko dat sy gedrag tot in volwassenheid kan voortduur as kriminele gedrag;
- die gekombineerde kwalitatief-kwantitatiewe navorsingsbenadering is ideaal om die leerders se selfbeeld met behulp van ‘n sielkundige meetinstrument te bepaal en daarna onderhoude met elkeen te voer.

### **5.2.3 Aanbevelings**

- Die keuse om ongestructureerde onderhoude te benut was tydrowend en het vaardigheid van die navorsing gevorg om die Gestaltbeginsels sonder kontaminering te ontsluit.
- Alhoewel die media baie beriggewing bied oor die huidige tendens in Suid-Afrikaanse skole, is daar ‘n leemte aan wetenskaplike navorsing rondom gedrag van leerders binne skoolkonteks. Die skolewet beskerm die leerder – wat ook reg is – maar wat navorsing in hierdie verband bemoeilik.

## **5.3 HOOFTUK 2**

### **5.3.1 Samevatting**

Kinders wat ander afknou en boeliegedrag is ‘n verskynsel wat wêreldwyd in alle skole voorkom afgesien van die betrokke ouerdomsgroep, nasionaliteit, kultuur, ras en geslag. Bevooroordelende gesindhede ten opsigte van godsdiens, ekonomie, ras, kultuur en geslagsidentiteit, vorm die basis van die mees algemeenste vorme van diskriminasie. Elke kind kom skool toe met ‘n agtergrond van ‘n bepaalde opvoedingstyl en sekere aangeleerde bevooroordelende houdings. Onverdraagsaamheid op enige van die bogenoemde areas kan aanleiding gee tot konflik. Kinders aan die begin van die middelkinderjarige

lewensfase, beskik egter nog nie oor voldoende probleemoplossingsvaardighede nie en gaan oor tot aggressiewe gedrag in die vorm van boeliegedrag.

Boeliegedrag kan omskryf word as wanneer 'n slagoffer op 'n herhaalde wyse blootgestel word aan die intensionele negatiewe aksies van een of meer persone. Hierdie negatiewe aksies kan verskeie vorme aanneem wat op 'n direkte en/of indirekte wyse op die slagoffer gerig kan word. Boeliegedrag word nie slegs gekenmerk aan eksterne beserings nie, maar ook aan interne beserings wat soms meer ernstige gevolge kan meebring.

Alhoewel boeliegedrag 'n vorm van antisosiale gedrag is wat op die eksterne omgewing gerig is, word dit nie as misdaad geklassifiseer nie. Deur boeliegedrag gee kinders uiting aan aggressie. Aggressie kan omskryf word as 'n aanval op iemand anders sonder enige uitlokking. Boelies maak hoofsaaklik gebruik van reaktiewe aggressie. Dit impliseer dat hulle gedrag meer emosioneel en impulsief van aard is.

Boeliegedrag word meestal met seuns en *fisiese* afknouery geassosieer. Tans begin seuns egter om meer van seksuele en verbale boeliegedrag gebruik te maak, aangesien fisiese afknouery meer opmerklik is en daar makliker tussenbeide getree word. Meisies maak hulself egter ook skuldig aan boeliegedrag. Meisies maak hoofsaaklik gebruik van indirekte vorms van afknouery wat onder relasionele aggressie geklassifiseer kan word. Daar is egter bevind dat fisiese boeliegedrag deesdae onder meisies toeneem en meer gereeld begin plaasvind.

### **5.3.2 Gevolgtrekking**

Uit die beskrywing van Hoofstuk 2 kan die volgende genoem word:

- Boeliegedrag is nie beperk tot 'n sekere ouerdomsgroep, nasionaliteit, kultuur, ras en geslag nie. Boeliegedrag kom wêreldwyd in alle skole voor.
- 'n Boelie stel sy slagoffer harhaaldelik bloot aan direkte en indirekte vorms van boeliegedrag met die intensie om die slagoffer te beseer.
- Boeliegedrag kan verskeie vorms aanneem, naamlik fisiese, verbale, emosionele, relasionele, seksuele en rassistiese misbruik. Boeliegedrag kan voortspruit uit bevooroordelende houdings teenoor sekere aspekte wat onverdraagsaamheid tot gevolg het.
- Boeliegedrag word gekenmerk aan die intensie om seer te maak, die durasie en intensiteit is van so aard dat dit oor 'n langtermyn plaasvind, en dit word gekenmerk aan 'n magsverskil tussen die boelie en sy slagoffer.
- Die boelie maak hoofsaaklik van reaktiewe aggressie gebruik wat impliseer dat hy meer emosioneel optree, oor swak impulsbeheer beskik, en 'n ietwat paranoïese uitkyk teenoor ander openbaar.
- Die slagoffer is kenmerkend meer kwesbaar, magteloos, onseker en angstig. Die slagoffer kom meer teruggetrokke en skaam voor, en beskik oor ontoereikende verbale en sosiale vaardighede.
- Seuns en meisies maak hul skuldig aan boeliegedrag. Terwyl seuns meer van direkte boeliegedrag gebruik maak, is meisies egter geneig om van indirekte boeliegedrag in die vorm van relasionele aggressie gebruik te maak. Verbale en seksuele vorms van boeliegedrag is aan die toeneem onder seuns.
- Nie net die slagoffers word deur boeliegedrag geraak nie. Die boelie word ook negatief deur sy gedrag beïnvloed deurdat portuurlede hom verwerp en vermy omrede hulle sy aggressiewe gedrag afstootlik vind. Ander wat ook deur boeliegedrag geraak word is ouers en familielede, toeskouers, leerlinge en onderwysers by die skool, en die gemeenskap.
- 'n Kombinasie van individuele, skool, portuur, familiële, gemeenskaps en kulturele faktore kan tot die aanleer van aggressiewe gedrag bydra.

- Sommige kinders beskik oor sekere ingebore eienskappe wat hul risiko vir aggressiewe gedrag verhoog.
- Boeliegedrag is ‘n vorm van antisosiale gedrag wat, indien dit nie aangespreek word nie, tot die ontwikkeling van jeugmisdaad kan lei.

### 5.3.3 Aanbevelings

Daar bestaan ook ‘n leemte in toepassingsmodelle in skole ten einde boeliegedrag aan te spreek. Die manifestasie van boeliegedrag word onderskat en dikwels nie aangemeld by gesagstrukture van skole nie. ‘n Protokol ten einde boeliegedrag aan te spreek sal skoolstrukture bemagtig om die leergeleenheid van elke leerder binne die konteks van die skool optimaal te benut. Hierdie protokol sluit nie terapeutiese hulpverlening in nie maar slegs formele hanteringsmeganismes wat struktuur aan die probleem sal bied.

## 5.4 HOOFSTUK 3

### 5.4.1 Samevattung

Die Gestaltbenadering is ‘n unieke terapeutiese model wat deur Fritz Perls ontwikkel is. Die Gestaltbenadering is saamgestel uit verskeie benaderings en filosofieë waarvan die onderskeie beginsels ‘n belangrike deel uitmaak van die totale *Gestalt*-benadering. Die Duitse term *Gestalt* word omskryf as ‘n geheel wat meer is as die som van sy onderskeie dele. Die Gestaltbenadering dien as teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie.

*Holisme* is een van die belangrikste teoretiese konsepte van die Gestaltbenadering. Dit impliseer dat elke lewende wese as geheel beskou en bestudeer moet word. Elke kind is meer as die som van sy onderskeie eienskappe, gedrag en persepsies. Die onderskeie dele is onderskeibaar maar onafskeidbaar. Elke kind vorm ‘n eenheid in homself en met sy omgewing.

Alle gedrag word gereguleer deur 'n proses van selfregulering. Selfregulering verwys na wanneer 'n individu balans in homself behou deur die bevrediging van sy behoeftes. Daar kan tussen interne en eksterne selfregulering onderskei word. Interne selfregulering is 'n natuurlike proses wat spontaan plaasvind. In teenstelling word eksterne selfregulering op 'n kind afgedwing met die gevolg dat die kind fragmenteer en onvoltooidhede ontstaan. Die kind verkeer gevvolglik in 'n staat van wanbalans. Ten einde suksesvolle organismiese selfregulering te bewerkstellig, moet die kind *bewus* wees van sy eie behoeftes (figuur op die voorgrond) - fisiese, emosionele, sosiale, spirituele en intellektuele behoeftes. Organismiese selfregulering en bewustheid vind plaas in die hier-en-nou.

Kontak is 'n kern idee in die Gestaltbenadering. Kontak op beide die interpersoonlike en intrapersoonlike vlak is noodsaaklik vir gesonde organismiese selfregulering. Kontak behels dat die individu bewus moet wees van sy emosies, sensasies, houdings, behoeftes, asook van sy veld. Kontak vind plaas op die grens tussen die self en die omgewing, naamlik die kontakgrens. 'n Gesonde kontakgrens bied 'n gevoel van identiteit en maak uitruiling moontlik. 'n Ongesonde grens word gekenmerk aan onbuigbaarheid en ondeurdringbaarheid. Dit het tot gevolg dat die betrokke organisme se groei belemmer word en hy in isolasie voortbestaan.

Kontakmaking kan deur verskeie kontakgrensversteurings belemmer word. Kontakgrensversteurings verwys na die graad van openheid of geslotenheid van die individu se grens. Kontakgrensversteurings ontstaan wanneer die organisme nie meer in staat is tot bewuswording nie en sodoende nie kan reageer op hul behoeftes en die suksesvolle bevrediging daarvan nie. Projeksie, introjeksie, samevloeiing, defleksie, retrofleksie, desensitasie, egotisme en isolasie is almal vorme van kontakgrensversteurings wat onvoltooidhede tot gevolg het.

### **5.4.2 Gevolgtrekking**

Vanuit die bespreking van Hoofstuk 3 blyk die volgende:

- Die Gestaltbenadering is ontwikkel vanuit verskeie benaderings en filosofieë.
- Boeliegedrag is ‘n manifestasie van die boelie se *geheel*.
- Die boelie se gedrag is een onderskeibare deel van sy samestelling, maar onafskeidbaar van sy geheel. Elke emosie gaan gepaard met sekere fisiologiese en psigologiese reaksies.
- Die boelie maak deel uit van ‘n unieke sisteem en omgewing wat konstant besig is om te verander, en op sy beurt weer die boelie affekteer. Die boelie en sy gedrag kan nie verstaan word sonder om sy sisteem en omgewing in ag te neem nie.
- Die boelie is nie in kontak met homself en sy omgewing nie. Kontak behels dat die boelie *bewus* moet wees van sy emosies, houdings, gedrag, sensasies, behoeftes en sy veld. Kontak beteken dat ‘n kind kan onderskei tussen *ek* en *nie-ek*.
- Die boelie maak gebruik van een of meer *kontakgrensversteurings* wat sy gesonde groei en verandering negatief affekteer.
- ‘n Gebrek aan kontak impliseer dat die boelie se selfregulering nie suksesvol plaasvind nie en onvoltooide gestalte ontstaan. Hierdie onvoltooide behoeftes betree gedurig die boelie se voorgond in ‘n poging om bevredig te word. Die boelie maak gebruik van boeliegedrag om sy behoeftes te probeer bevredig en balans te herstel. Die homeostase wat die boelie na afknouery ervaar is egter net van korte duur.
- Die boelie verkeer in ‘n staat van wanbalans wat sy gesonde organismiese funksionering in die hier-en-nou belemmer. Boeliegedrag is ‘n desperate poging deur die boelie om ‘n staat van balans te bewerkstellig.

### **5.4.3 Aanbevelings**

Die navorsing wil aan die hand van bogenoemde gevolgrekking die volgende aanbeveling maak:

- Daar word aanbeveel dat 'n Gestaltprogram vir kinders wat as boelies manifesteer ontwikkel word wat hulpverlening aan hierdie kinders sal bied.
- 'n Voortvloeisel vanuit bogenoemde voorstel is dat 'n uitdeelstuk ontwikkel kan word aan skoolstrukture waarbinne boeliegedrag binne die konteks van Gestalt verduidelik kan word. Hierdeur kan 'n bewusheid ontwikkel wat skoolstrukture sal bemagtig om die probleem binne skolverband aan te spreek.

## **5.5 HOOFSTUK 4**

### **5.5.1 Samevatting**

Hoofstuk 4 handel oor die empiriese ondersoek en die navorsingsbevindinge. Die vraag wat die navorsing gerig het was:

- Hoe lyk die profiel van die kind wat ander afknou? en
- Wat is die aard van kinders, wat simptome van boeliegedrag toon, se selfbeeld?

Ten einde die navorsingsvraag te beantwoord, het die navorsing van 'n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering gebruik gemaak. Die dominante-minder-dominante model is gebruik waarvan die kwalitatiewe benadering die mees dominante benadering uitmaak. Vir die uitvoering van hierdie navorsing is van meervoudige gevallestudies gebruik gemaak totdat versadigingspunt bereik is.

Sewe deelnemers is op 'n doelbewuste wyse geselekteer op grond daarvan dat hulle oor sekere kenmerke van boeliegedrag beskik. Elke deelnemer se selfbeeld is deur middel van die Selfkonsepskaal vir Primêre Skoolleerders (SSPS) bepaal, waarna daar 'n ongestruktureerde onderhoud met elke deelnemer gevoer is. Die doel van die onderhoud was om te bepaal of die deelnemers met die toetsuitslae saamstem al dan nie, en hoe hulle daaromtrent voel

Die volgende doelwitte is bereik:

- 'n Omvattende literatuurstudie is gedoen ten einde die oorhoofse navorsingsdoel te bereik. Hierdeur is 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie gestel waarna die navorser kan terugverwys soos die empiriese resultate ontplooи het. Dit behels 'n grondige literatuurstudie rakende *boelies en boeliegedrag* in Hoofstuk 2, en die *Gestaltbenadering* in Hoofstuk 3.
- Die navorser het van 'n sielkundige meetinstrument gebruik gemaak ten einde die aard van die boelies se selfbeeld te bepaal.
- Gestaltbeginsels is by elke deelnemer geïdentifiseer wat binne die konteks van boeliegedrag beskryf kan word.
- 'n Profiel van die kind wat ander afknou kon daarna saamgestel word.

### 5.5.2 Gevolgtrekkings

Vanuit die navorsing word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- met die resultate van die selfkonsepvrayers het die navorser bevind dat dit blyk of boelies slegs oor 'n gemiddelde of onder gemiddelde selfbeeld beskik. Die resultate van die onderskeie subtoetse toon egter aan dat elke boelie uniek is en geen onderlinge verband tussen die subtoetsresultate voorkom nie.
- Daar kan tussen eksplisiete en implisierte selfagting onderskei word ((Hoyle, Kernis, Leary & Baldwin, 1999:89). Eksplisiete selfagting verwys na 'n kind

se bewustelike ervarings omtrent homself. In teenstelling verwys implisiete selfagting na 'n kind se onbewustelike gevoelens omtrent homself. Implisiete selfagting kan nie deur selfkonsepskale gemeet word nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie navorsing boelies se *eksplisiële* (bewustelike) gevoelens van selfagting gemeet het. Die boelies kan egter wel negatiewe gevoelens omtrent hulself ervaar, maar onbewus wees daarvan. Onbewustelike negatiewe selfagting kan in 'n kind se emosionele en nie-verbale reaksies waargeneem word.

- Die sielkundige meetinstrument is só ontwerp dat die kind met stelling A of B identifiseer en daardie een selekteer. Die navorser is egter van mening dat die deelnemers stellings kon selekteer wat meer sosiaal aanvaarbaar is. Hulle kies dus die stelling wat hulle dink die "regte" antwoord is. Die moontlikheid bestaan dus dat die toetsresultate nie verteenwoordigend is van die boelies se *ware* selfbeeld nie, maar eerder 'n *defensiewe* voorstelling van hul selfbeeld is. Defensiewe selfagting verwys na 'n kind wat negatiewe gevoelens omtrent hulself ervaar, maar dit nie wil erken nie as gevolg van hul behoefte aan sosiale aanvaarding (Hoyle, et al., 1999:88).

### 5.5.3 Aanbevelings

Die aanbevelings wat vanuit die navorsing gemaak kan word, omvat die profiel van die kind wat ander afknou vanuit 'n Gestaltterapeutiese benadering. Hierdie profiel kan as riglyn benut word om die kind terapeuties te begelei. Met hierdie aanbeveling is die doel van die studie dus bereik deurdat 'n profiel saamgestel kon word vir latere benutting.

Gestaltprofiel van die kind wat ander afknou:

Die kind wat ander afknou beskik dikwels oor 'n gemiddelde of onder gemiddelde selfbeeld wat manifesteer weens die volgende problematiek soos begrond vanuit die Gestaltbenadering:

- Hierdie kind ervaar onvoltooidhede en funksioneer binne isolasie, onvoltooidhede kan binne die konteks van die gesin of vriendekring manifesteer.
- Egotisme kom deurlopend voor wat beteken dat die kind bewus is van wat verkeerd is maar geen hanteringsmeganisme het om dit aan te spreek nie.
- Verlies aan beheer word deurlopend beleef wat hierdie kind se selfregulerende meganisme versteur. Kontak met sy onmiddellike omgewing word hierdeur beïnvloed wat ekwilibrium verhoed.
- Die teenwoordigheid van introjekte kom voor omdat hy bewus is van sogenaamde verkeerde optrede en nie weet hoe om dit aan te spreek nie.
- Die teenwoordigheid van retrofleksieve gedrag kom deurlopend voor en benadeel die eiening van emosie.
- Die teenwoordigheid van projektiewe gedrag kom voor, aangesien die kontakgrensversteurings met sy omgewing noodsaak dat emosie gekaats word. Indien projektiewe gedrag nie aangespreek word nie en sy balans nie herstel word nie, mag projektiewe gedrag ook retrofleksief raak,. Projektiewe gedrag kan ook manifesteer as retrofleksieve gedrag indien verkeerde gedragspatrone met introjekte aangespreek word.
- Swak organismiese selfregulering bestaan wat die kind weerhou van balans.
- Swak kontakmaking met omgewing bestaan wat die kind in 'n staat van emosionele onbewustheid laat.
- Swak grense en samevloeiing met omgewing bestaan wat in latere fases van sy lewe as ander probleme mag manifesteer.
- Swak verantwoordelikheidneming en eksterne lokus van beheer kom voor.
- Hierdie kinders kan in polariteit funksioneer wat as beginpunt vir 'n terapeutiese verhouding gebruik kan word.

## **5.6 SLOTOPMERKING**

Kinders is sosiale wesens en afhanklik van interpersoonlike kontak. Tydens die middelkinderjare betree kinders hul skoolloopbaan en stig hulle sosiale verhoudings. Alle sosiale verhoudings het die risiko om verkeerd te loop. Jong kinders beskik nie altyd oor die nodige probleemoplossingsvaardighede nie, en onverdraagsaamheid teenoor mekaar kan in konflik ontaard.

Boeliegedrag is 'n vorm van interpersoonlike aggressie wat op direkte of indirekte wyses kan manifesteer. Hierdie navorsing bied 'n waardevolle bydrae in die verstaan van boeliegedrag. Die navorsing beskou dit as 'n voorstudie vir verdere navorsing waarbinne terapeutiese hanteringsvaardighede aan speltherapeute ontwikkel kan word ten einde die kind wat met boeliegedrag sukkel van hulp te wees.

## **BRONNELYS**

- Alston, M., Bowles, W. 2003. *Research for social workers. An introduction to methods.* (2<sup>nd</sup> Ed.). London and New York: Routledge.
- Babbie, E., Mouton, J. 2001. *The Practice of Social Research.* New York: Oxford University Press.
- Besag, V.E. 1989. *Bullies and victims in schools.* Philadelphia: Open University Press.
- Bezuidenhout, C., Joubert, S. 2003. *Child and youth misbehaviour in South Africa. A holistic view.* Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Blom, R. 2004. *Handbook of gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists.* Fichardtpark: Druftoma.
- Clarkson, P. 1989. *Gestalt counseling in action.* London: SAGE Publications Ltd.
- Cole, M., Cole, S.R. 2001. *The development of children.* (4<sup>th</sup> ed.). New York: Worth Publishers.
- Corsini, R.J. *Current psychotherapies.* 3<sup>rd</sup> ed. Illinois: Peacock Publishers, Inc.
- Corsini, R.J., Wedding, D. (Eds). 2000. *Current psychotherapies.* 6<sup>th</sup> ed. Illinois: Peacock Publishers, Inc.
- Craig, W.M., Pepler, D.J. 2000. Observations of bullying and victimization in the school yard. In Craig, W.M. 2000. *Childhood social development: The essential readings.* Massachusetts: Blackwell Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., & Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions.* (2<sup>nd</sup> ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Flannery, D.J., Huff, C.R. 1999. *Youth violence. Prevention, Intervention, and social policy.* Washington: American Psychiatric Press, Inc.

Fouché, C.B. 2002. Problem formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., & Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions.* (2<sup>nd</sup> ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B., Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., & Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. 2002. *Researh at Grass Roots. For the Social Sciences and HumanService Professions.* (2<sup>nd</sup> ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fried, S., Fried, P. 1996. *Bullies and victims. Helping your child survive the schoolyard battlefield.* New York: M. Evans and Company, Inc.

Fried, S., Fried, P. 2003. *Bullies, targets & witnesses: helping children break the pain chain.* New York: M. Evans and Company, Inc.

Garrett, A.G. 2003. *Bullying in American schools: causes, preventions, interventions.* United States of America, North Carolina: McFarland & Company, Inc.

Hazler, R.J. 1996. *Breaking the cycle of violence: interventions for bullying and victimization.* Washington, DC: Accelerated Development.

Hoyle, R.H., Kernis, M.H., Leary, M.R., Baldwin, M.W. 1999. *Selfhood: identity, esteem, regulation*. Colorado: Westview Press.

Ingersoll, R.E. 2005. Gestalt therapy and spirituality. In Woldt, A.L., Toman, S.M. 2005. *Gestalt therapy: History, theory, and practice*. California: Sage Publications.

Korb, M.P., Gorrell, J., Van De Riet, V. 1989. *Gestalt therapy: Practice and theory*. (2<sup>nd</sup> ed.). United States of America: Pergamon Press.

Latner, J. 1992. The theory of gestalt therapie. In Nevis, E.C. 1992. *Gestalt therapy: Perspectives and applications*. New York: Gardner Press.

*Lewensoriëntering Graad 9*. 2003. Kaapstad: Bateleur Books (PTY) LTD.

Lobb, M.S. 2005. Classical Gestalt therapy theory. In Woldt, A.L., Toman, S.M. 2005. *Gestalt therapy: History, theory, and practice*. California: Sage Publications.

Louw, D.A., Van Ede, D.M., Louw, A.E. 1998. *Menslike Ontwikkeling*. (3<sup>rd</sup> ed.). Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Meyer, W.F., Moore, C., Viljoen, H.G. 1997. *Personologie: Van individu tot ekosisteem*. Johannesburg, Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Nevis, E.C. 1992. *Gestalt therapy: Perspectives and applications*. New York: Gardner Press.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children*. New York: The Gestalt Journal Press.

O'Leary, E. 1992. *Gestalt therapy: Theory, practice and research.* London: Chapman & Hall.

Olweus, D. 1991. Bully/Victim problems among schoolchildren: Basic facts and effects of a school based intervention program. In Pepler, D.J., Olweus, D. 1991. *Bullying at school. What we know and what we can do.* Oxford: Blackwell Publishers.

Olweus, D. 1993. *Bullying at school. What we know and what we can do.* Oxford: Blackwell Publishers.

Orpinas, P., Horne, A.M. 2006. *Bullying prevention: creating a positive school climate and developing social competence.* Washington: American Psychological Association.

Osler, A., Vincent, K. 2003. *Girls and exclusion: rethinking the agenda.* London & New York: RoutledgeFalmer.

Patterson, G.R., Capaldi, D., Bank,L. 1991. An early starter model for predicting delinquency. In Pepler, D.J., & Rubin, K.H. 1991. *The development and treatment of childhood aggression.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Pepler, D.J., Rubin, K.H. 1991. *The development and treatment of childhood aggression.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Pepler, D.J., Craig, W. 2000. *Making a difference in bullying.* [O]. Available: <http://www.melissainstitute.org/documents/makingadifference.pdf>. Accessed on 2005/09/22

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A., Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek.* South Africa, Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Polster, E., Polster, M. 1973. *Gestalt therapy integrated: Contours of theory and practice.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

Rigby, K. 1996. *Bullying in schools: and what to do about it.* Melbourne: The Australian Council for Educational Research Ltd.

Rubin, K.H. 1991. *The development and treatment of childhood aggression.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Schoeman, J.P., Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996a. The art of the relationship with children – a Gestalt approach. In Schoeman, J.P., Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996b. Handling aggression in children. In Schoeman, J.P., Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Selwyn, M. 1994. *The awakening year: an exploration in Gestalt psychotherapy.* London: Tudor Business Publishing Limited.

Simkin, J.S., Yontef, G.M. 1984. Gestalt therapy. In Corsini, R.J. *Current psychotherapies.* 3<sup>rd</sup> ed. Illinois: Peacock Publishers, Inc.

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe*. Pretoria: HAUM.

Smith, P.K., Pepler, D., Rigby, K. 2004. *Bullying in schools: How successful can interventions be?* United Kingdom, Cambridge: University Press.

Strydom, H., Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., & Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Professions*. (2<sup>nd</sup> ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Sullivan, K. 2000. *The anti-bullying handbook*. New Zealand: Oxford University Press.

Tattum, D. 1993. *Understanding and managing bullying*. Oxford: Heinemann Educational Books.

Walker, H.M., Ramsey, E., Gresham, F.M. 2004. 2<sup>nd</sup> ed. *Antisocial behavior in school: Evidence-based practices*. Canada: Wadsworth/Thomson Learning, Inc.

Woldt, A.L., Toman, S.M. 2005. *Gestalt therapy: History, theory, and practice*. California: Sage Publications.

Yontef, G.M., Jacobs, L. 2000. Gestalt therapy. In Corsini, R.J., Wedding, D. (Eds). 2000. *Current psychotherapies*. 6<sup>th</sup> ed. Illinois: Peacock Publishers, Inc.

Yontef, G.M. 2005. Gestalt therapy theory of change. In Woldt, A.L., Toman, S.M. 2005. *Gestalt therapy: History, theory, and practice*. California: Sage Publications.



## **Bylaag A**

### Toestemmingsbrief: navorsing

April 2006

Liewe Ouer,

Ek is tans besig met 'n Meestersgraad in Spelterapie. As vereiste om die graad te voltooи, moet ek navorsing onderneem. Die navorsingsonderwerp wat ek gekies het handel oor sosiale verhoudinge en sosialisering. Ek gaan spesifiek ook fokus op selfbeeld en hoe dit kinders se sosialisering en sosiale verhoudinge beïnvloed.

Die studie is 'n wetenskaplike studie en gaan konfidensieel hanteer word. Die kinders se identifiserende besonderhede gaan nie in die navorsingsverslag gemeld word of met ander kundiges en onderwysers gedeel word nie. Ek gaan u die geleentheid bied vir terugvoer omtrent die resultate sodra die navorsingsverslag voltooи is.

Ek gaan van 'n sielkundige toets gebruik maak om die betrokke kinders se selfbeeld te bepaal. Daarna gaan ek 'n onderhoud met elkeen voer om bykomende inligting in te samel.

Ek wil graag u kind in my navorsing gebruik. Dit is egter noodsaaklik dat u skriftelike toestemming gee alvorens ek met die navorsing kan begin. U is welkom om my enige tyd te skakel vir verdere vrae.

Baie dankie!

Ezelle Engels

Ek ..... die ouer/voog van  
..... gee hiermee toestemming  
dat hy/sy aan die navorsing mag deelneem. Ek is bewus daarvan dat my kind se  
selfbeeld deur middel van 'n sielkundige toets bepaal gaan word en dat daar 'n  
onderhou met hom/haar gevoer gaan word.

.....  
Handtekening van ouer/voog

.....  
Datum